

ENKELE FAKTORE WAT DIE INSKAKELINGSVATBAARHEID  
VAN 'N GROEP PORTUGESE IMMIGRANTE AAN DIE WIT-  
WATERSRAND BEPAAL

deur

SIMON CHRISTOFFEL JACOBUS BOTHA, Honns. B.A.

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike na-  
koming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Departement Sosiologie aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR  
CHRISTELIKE HOër ONDERWYS

Leier: Prof. Dr. J.P. van der Walt

ROODEPOORT  
Junie 1971

Opgedra aan my ouers

## VOORWOORD

Graag wil ek in besonder my dank aan die volgende persone betuig :

- My opregte dank aan prof. dr. J.P. van der Walt onder wie se leiding ek hierdie verhandeling kon voltooi. U rype insig en deeglikheid was, en is steeds vir my 'n aansporing.
  - Dank moet betuig word aan my vrou, wat dikwels ongerief moes verduur ter wille van my studies.
  - Aan mev. E. Potgieter wat met vriendelikheid en hulpvaardigheid die tikwerk behartig het, en aan my suster Ina wat behulpsaam was met die proeflees, my hartlike dank en waardering.
  - Boweal is ek dankbaar teenoor my Skepper wat aan my die gawe van gesondheid en die voorreg van studie genadiglik geskenk het.
- 
- S.C.J. BOTHA

## INHOUD

### HOOFSTUK 1

Inleidende oriëntering en probleemstelling	1
1.1 Algemeen	1
1.2 Die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie navorsing	2
1.3 Die aard en omvang van die probleem	3
1.4 Afbakening van die terrein en die doel van die ondersoek	5
1.5 Die metode van ondersoek	6
1.6 Probleme ondervind voor, tydens en na die ondersoek	7

### HOOFSTUK 2

Die invloed van die geografies-ekonomiese faktore op die arbeid wat inskakelingsvatbaarheid by die groep immigrante bepaal	17
2.1 Inleiding	17
2.2 Die hooftreкке van die integrasionistiese benaderingswyse	18
2.3 Die benaderingswyse van segregasie	19
2.4 Omskrywing en bespreking van begrippe	21
2.5 Die invloed van die geografiese en ekonomiese faktore op die arbeid wat inskakelingsvatbaarheid by die groep immigrante bepaal	32
2.6 Samevatting en eie opvatting	49

### HOOFSTUK 3

Die invloed van enkele sosio-ekonomiese faktore wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal	50
--	----

3.1	Inleiding	50
3.2	Die invloed van sosio-ekonomiese faktore op behuising van immigrante	50
3.3	Ontleding van gegewens t.o.v. behuisingsomstandighede ingewin deur middel van onderhoude met die proefpersone	63
3.4	Verandering van adres	65
3.5	Behuisingstoestande	69
3.6	Segregasie t.o.v. behuising	71
3.7	Samevatting	71

#### HOOFSTUK 4

Die invloed van die kulturele en politieke lewensomstandighede by die groep Portugese immigrante wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal

		75
4.1	Inleiding	75
4.2	Omskrywing van enkele begrippe	75
4.3	Enkele benaderingswyses	78
4.4	Die invloed van die kulturele lewensomstandighede by die groep Portugese immigrante wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal	83
4.5	Die invloed van die kennis van lands- en politieke sake as faktore vir inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante	94
4.6	Samevatting en eie opvatting	101

#### HOOFSTUK 5

Die invloed van vryetyd en ontspanning as faktore wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal

		103
5.1	Inleiding	103
5.2	Benaderingswyses	105

5.3	Die invloed van vryetyd en ontspanning as faktore wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal	106
5.4	Samevatting	114

## HOOFSTUK 6

	Die sosialiseringsproses by die groep Portugese immigrantekinders wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal	116
6.1	Inleiding	116
6.2	Benaderingswyse	116
6.3	Die invloed van sommige instansies wat oor die algemeen n rol speel in die sosialiseringsproses van die groep Portugese immigrantekinders	118
6.4	Die invloed van die skool op die sosialisering van die groep immigrantekinders	126
6.5	Naturalisasie	131
6.6	Samevatting	136

## HOOFSTUK 7

	Samevattende gevolgtrekkings	138
7.1	Inleiding	138
7.2	Samevattende gevolgtrekkings	139
7.3	Slot	141

## TABELLE

1.	Aantal Portugese immigrante vanaf, en emigrante na Madeira, Mosambiek en Portugal 1960 - 67	33
2.	Lengte van verblyf volgens land van herkoms	37

3.	Arbeidsverdeling volgens beroepe van Portugese immigrante	38
4.	Noodsaaklikheid van taal in beroepe	40
5.	Jaarlikse inkomste	43
6.	Hoeveelheid kere van werk verander	47
7.	Plek van verblyf	62
8.	Lengte van verblyf in 'n sekere woning	65
9.	Frekwensie t.o.v. adresverandering	67
10.	Om die houding van die Portugese immigrante t.o.v. hulle behuising vas te stel	70
11.	Kerkverband volgens lengte van verblyf in Suid-Afrika	81
12.	Om die huistaal van proefpersone aan te dui	89
13.	Om die lees van koerante in die twee landstale aan te toon	90
14.	Verskil tussen die lewensomstandighede van die Portugese immigrante aan die Witwatersrand en hulle lande van herkoms	107
15.	Om die luisteraarsverspreiding onder die Portugese immigrante aan te toon	113
16.	Om aan te dui tot watter mate die proefpersone genaturaliseer het	133
17.	Besonderhede van die getal immigrante wat gedurende die tydperke 1950 - 1956 en 1960 - 1962 na Suid-Afrika gekom het, vergeleke met die getalle wat vyf jaar later genaturaliseer het	134

#### BYLAES

1.	Vraelys	142
2.	Kaart van Johannesburg	161
3.	Lys van persone geskakel	162
4.	Lys van skole geskakel	163

#### BIBLIOGRAFIE

INLEIDING, ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Algemeen

Migrasie kom oral voor. Die mens trek om verskeie redes van die een plek na 'n ander. Die mens wil sy posisie verbeter, en verplaas homself en sy gesin na 'n land of gebied waar hy vermoed dat hy homself beter kan handhaaf. Dit is onmoontlik om nie bewus te wees van die belangrikheid van hierdie beweging van persone van een gebied na 'n ander, of van een land na 'n ander nie.

Migrasie kan omskryf word as die beweging van vrye individue van een plek na 'n ander met die doel om 'n permanente verandering van woonplek te maak. Hier het ons te doen met twee ander begrippe, nl. immigrasie en emigrasie. 'n Immigrant is 'n persoon van 'n ander land of nasionaliteit wat 'n land binnekom om homself te vestig, terwyl 'n emigrant 'n persoon is wat 'n land verlaat om homself in 'n ander land te gaan vestig.

Die vraag ontstaan nou of die immigrant inskakel by die volk wat hy in sy nuwe land aantref, en wat die vatbaarheid vir inskakeling van die immigrant is. In hierdie opsig sal 'n aantal faktore wat 'n invloed op die immigrant se inskakelingsvatbaarheid mag hê, bespreek word - ook die mate waar toe hy aanvaar word deur sy nuwe landgenote - die landsburgers.

Weens die groot mate van publisiteit wat aan ongewenste immigrante gewy is, is die noodsaaklikheid gevoel om ondersoek in te stel na die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep immigrante in die komplekse samelewing van die Witwatersrand.



Daar is besluit om 'n groep Portugese immigrante te neem as veld van ondersoek, en wel om die volgende twee redes:

- (i) die publisiteit wat verleen word aan misstappe wat sg. begaan word deur immigrante van hierdie bevolkingsgroep; en
- (ii) die skynbare gebrek aan kennis by hierdie immigrante van die algemene Suid-Afrikaanse burger wanneer hulle kommunikeer met hierdie volksgroep.

## 1.2 Die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie navorsing

Daar bestaan 'n dringende behoefte aan navorsing van hierdie immigrantegroep in Suid-Afrika. Nie alleen word die indruk in die pers geskep dat hierdie groep 'n ongewenste element in ons bevolkingsamestelling is nie, maar ook kom daar jaarliks 'n groot aantal Portugese immigrante die land binne.

Daar is reeds in verskeie stede navorsing gedoen in verband met die Nederlandse Immigrante,<sup>1)</sup> ook die Britse immigrant se inskakelingsvatbaarheid is ondersoek onder andere deur Van Rensburg in Bloemfontein<sup>2)</sup>. Hierdie ondersoek het

- 
1. In den Bosch, B.J. : De Verskillende Aspecten van die Aanpassing der Nederlandse Immigranten in Zuid-Africa. Deel I en II. Pretoria (1963) - ongepubliseerd, en die van Loedolff, J.F. : Nederlandse Immigrante - 'n Sosiologiese Onderzoek van hul inskakeling in die Gemeenskapslewe in Pretoria. H.A.U.M. Pretoria (1960).
  2. Van Rensburg, H.C.J. : 'n Sosiologies-vergelykende Onderzoek van die Aanpassing van Britse en Portugese Immigrante in Bloemfontein. Bloemfontein (1968).

weliswaar ook 'n ondersoek van die Portugese immigrante in Bloemfontein ingesluit, maar daar word gevoel dat, aangesien die Portugese immigrante gesentreer is aan die Witwatersrand, hierdie groep 'n ondersoek regverdig.

Dit sou onwenslik wees om 'n immigrantegroep te vergroot indien so 'n groep nie bydra tot die eenheid van die land nie, en indien so 'n groep geen nuttigheidsfunksie vervul nie, met ander woorde, indien so 'n groep nie vatbaar is vir inskakeling nie. Daar sal getrag word om die inskakelingsvatbaarheid van hierdie groep immigrante te bepaal en tot 'n gevolgtrekking te kom in verband met die wenslikheid om hierdie bevolkingsgroep aan te vul deur immigrasie.

Wat betref die idee van inskakelingsvatbaarheid sal o.m. gepoog word om 'n vergelyking te tref tussen die omgewingsfaktore : sosiaal en fisies wat deur die immigrant in sy land van herkoms ondervind is, en die mate waarin die omgewingsfaktore in sy nuwe land ooreenstem met die waaraan hy gewoon was.

### 1.3 Die aard en omvang van die probleem

Die probleem van inskakelingsvatbaarheid ten opsigte van immigrante in die algemeen, en t.o.v. die Portugese immigrante in die besonder, word duidelik wanneer die dagbladpers oorgeslaan word. Op 25 Mei 1967 het die volgende twee berigte verskyn:

'n Parlements lid, Mnr. Basson het verklaar dat die regering nie oorhaastig te werk moet gaan met immigrasie nie. Hy het voorts verklaar dat "... the Government should prefer quality to quantity".<sup>1)</sup>

- 
1. Anon. Basson tells Govt. : Go for quality in our immigrants. Rand Daily Mail, 2 kol 4, 25 Mei 1967.

Mnr. T. Janson het die hoop uitgespreek dat die godsdiensbalans nie deur immigrasie omvergewerp sal word nie.

In dieselfde debat is verklaar dat die Regering se immigrasiebeleid gebaseer is op beginsels wat in 1937 neergelê is, nl.:

- (i) die blanke bevolking moet versterk word met persone van hoë morele standaard;
- (ii) die Staat moet die reg hê om ongewenste persone se binnekoms te weier;
- (iii) immigrante moet assimileerbaar wees met die Afrikaanse inwoners;
- (iv) immigrante moet nie die Suid-Afrikaners uit die arbeidsmark verdring nie.

In dieselfde publikasie het die minister van arbeid 'n beroep op immigrante gedoen om albei landstale aan te leer en die volgende gesê:

„Die kritiek in die koerante teen immigrante moet gesien word teen die agtergrond daarvan dat 'n gevestigde bevolking nie wil sien dat nuwelinge afsydig teenoor hulle staan nie, hulle moet ingeskakel word. Die Afrikaanssprekendes - 60% van die bevolking - wil graag sien dat immigrante ons tradisies en leefwyse verstaan. Daarvoor moet hulle die taal ken".<sup>1)</sup>

'n Bekende koerant het in 1967 berig dat daar toe sowat 500 000 onwettige immigrante (waarvan 20 000 blankes) in die Republiek was. Die Departement van Binnelandse Sake was

---

1. Anon. Immigrante: L.V.'s teen slegsê. Die Transvaler, 30 (198) : 1 kol. 4, 25 Mei 1967.

besig om hulle so gou moontlik op te spoor en te deporteer.<sup>1)</sup>

Op Vrydag, 13 April 1967 het die Eerste minister die hoop uitgespreek dat 'n balans gehandhaaf sal word tussen die aantal immigrantekinders wat in Afrikaans opgevoed word en die wat in Engels opgevoed word.<sup>2)</sup>

In die lig van bogenoemde gegewens moet die vraag waar die Portugese immigrant by hierdie toedrag van sake inpas, noodwendig gestel word. Skakel die Portugese immigrant in by sy nuwe omgewing, en by watter bevolkingsgroep skakel hy uiteindelik in? Die probleem is dus ingewikkeld en omvangryk.

Die doel van hierdie ondersoek is dan ook om 'n antwoord op sommige van die vrae wat in verband met die probleem gestel kan word, te verkry.

#### 1.4 Afbakening van die terrein en die doel van die ondersoek

Die Witwatersrand met sy komplekse samelewing en verskeidenheid van bevolkingsgroepe is as terrein van ondersoek geneem. So 'n groot gebied kan onmoontlik nie intensief ondersoek word nie, maar daar word gevoel dat die metode van ondersoek tog lig op sekere aspekte van die Portugese immigrante se lewens, probleme en gesindhede kan werp.

Persoonlike onderhoude is gevoer met proefpersone woonagtig in die gebied vanaf Randfontein in die Weste tot Springs in die Ooste. Altesaam een honderd proefpersone is ondervra.

- 
1. Anon. Onwettige Immigrante. Dagbreek en Sondagnuus, 20 (40) : 18 kol. 3-8, 2 April 1967.
  2. Anon. Taalewig moet bly, sê Premier. Die Transvaler, 30 (163) : 1 kol. 8, 14 April 1967.

Die hoofdoel van hierdie ondersoek was om die inskakelingsvatbaarheid te probeer bepaal van 'n groep Portugese immigrante van die Witwatersrand, en om 'n vergelyking te probeer tref tussen die lewensfaktore van die plek van herkoms en die toestande waarin die immigrant homself aan die Witwatersrand bevind.

Die indeling van die stof in hoofstukke is in breë trekke soos volg:-

- Hoofstuk 2 Die invloed van die geografies-ekonomiese faktore op die arbeid wat inskakelingsvatbaarheid by die groep immigrante bepaal.
- Hoofstuk 3 Die invloed van die sosio-ekonomiese lewens- en behuisingsomstandighede wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal.
- Hoofstuk 4 Die invloed van die kulturele en politieke lewensomstandighede by die groep Portugese immigrante wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal.
- Hoofstuk 5 Die invloed van vryetyd en ontspanning as faktore wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal.
- Hoofstuk 6 Die sosialiseringsproses by die groep Portugese immigrantekinders.
- Hoofstuk 7 Samevattende gevolgtrekkings.

## 1.5 Die Metode van Onderzoek

Daar is van verskillende metodes gebruik gemaak ten einde inligting in verband met die Portugese immigrante in te win. Afgesien van 'n vraelys wat as handleiding by die persoonlike

onderhoude gedien het, is daar ook van waarneming gebruik gemaak. Ook is 'n literatuurstudie gedoen ten einde op hoogte te wees met immigrasietendense en die probleme wat daarmee gepaard gaan, en om 'n kennis en insig van die agtergrond, kultureel, histories en andersins, van die Portugese immigrant te verkry.

Die kennis wat sodoende opgedoen is, is gekorrelleer met persone wat in noue voeling met die immigrante verkeer deur middel van samesprekings.

Die deskriptiewe of beskrywende metode is gebruik om die versamelde inligting op skrif te stel.

Die belangrikste metode van ondersoek was steeds die persoonlike onderhoud aan die hand van die vraelys en die interpretasie en verwerking van die gegewens. Dit was ook die metode wat die grootste probleme opgelewer het, en die langste geneem het. Die volgende is probleme wat ondervind was:

## 1.6 Probleme ondervind voor, tydens en na die ondersoek

### 1.6.1.1 Verkryging van adresse

Daar was 'n algehele afwesigheid van korrekte adresse van Portugese immigrante. Die hoofrede vir hierdie gebrek aan korrekte adresse is dat die immigrante by vriende of familielede hulle intrek neem totdat hulle in 'n betrekking geplaas is, en dan spoorloos 'verdwyn' sover dit adresse aanbetref.

In hierdie opsig was Ds. Booyens, leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Portugese immigrante van groot hulp, aangesien hy die ondersoeker met hom meegeneem het op sy besoeke, en hom in aanraking

met verskeie informante gebring het. Met sy hulp, en veral omdat hy bekend was by hulle en hulle taal magtig is, is die meeste van die probleme wat tevore met informante ondervind was, uit die weg geruim.

Die individuele onderhoude aan die hand van die vraelys het die belangrikste deel van die ondersoek uitgemaak, veral daar dit die ondersoeker na die huis en werkplek van die informant (soms meer as een keer) geneem het, en hom ook in aanraking met die gesinsgenote gebring het.

#### 1.6.1.2 Bekendstelling van ondersoeker aan respondent

Die ondersoeker het aan die begin van sy ondersoek groot probleme ondervind om homself bekend te stel en kontak met die respondente te maak. Die Portugese immigrant beskou 'n ondervraer en 'n persoon met vorms as 'n ongewilde besoeker, 'n feit wat ondervraging 'n moeilike onderneming maak aangesien die persoonlike vertrouensverhouding eers oor 'n lang tydperk opgebou kan word. Ten einde hierdie probleem te oorbrug, is o.m. verder gebruik gemaak van die goedgunstige hulp van verskillende Rooms-Katolieke vaders van Johannesburg en Fordsburg. Die ondersoeker het byvoorbeeld ook 'n brief van bekendstelling van een van die vaders gekry om hom te help om die vertroue van respondente te wen.

Gesaghebbendes in die Portugese gemeenskappe het ook gehelp om respondente te kry wat behulpsaam was met die insameling van gegewens.

#### 1.6.1.3 Onwilligheid om antwoorde te verskaf

Sommige proefpersone het, ten spyte van bogenoemde

bekendstellings, nogtans geweier om op sekere vrae te antwoord. Dit het die taak van die ondersoeker bemoeilik, hoewel stilsweye op sekere vrae 'n duideliker antwoord was as wat woorde sou wees. Oor die algemeen, egter, het die proefpersone saamgewerk, veral wanneer hulle beseft dat hulle name nie op die vraelys verskyn nie. Die ondersoeker het egter, sover moontlik ook hierdie weieraars se name en adresse op ander maniere bekom.

#### 1.6.1.4 Taal en opvoedkundige peil

Die Portugese taal was 'n groot struikelblok in die weg van die ondersoeker omdat dit hom genoodsaak het om 'n tolk te gebruik. Die vraelys was egter in Afrikaans, Engels en Portugees beskikbaar, en 'n groot persentasie van die proefpersone het die vraelys in Engels voltooi.

In sommige gevalle was die swak opvoedkundige peil van respondente 'n probleem, aangesien hulle nie kon peil waaroor die ondersoek en die vraelys gaan nie. Hier het die kinders van hoërskoolouderdom opgetree as media en dikwels die besondere probleem van hulle ouers uiteengesit, wat sake heelwat vergemaklik het.

Met hierdie vraelys en bogenoemde probleme, was dit onmoontlik om meer as twee onderhoude per aand af te handel. Dit het veroorsaak dat hierdie deel van die ondersoek 'n lang tyd in beslag geneem het.

#### 1.6.2 Onderhoude met gesaghebbende persone

Die tweede stap was 'n verwerking van die gegewens in die vraelyste en die opstel van 'n aantal leidende vrae wat aan gesaghebbende persone gevra is. Persone met wie onderhoude gevoer is, is:



1. Mnr. Smith van die Oosrandse Immigrantekomitee;
2. Ds. Booyens, leraar van die Nederduits Gereformeerde kerk, wat werksaam is onder die Portugese;
3. daar is ook telefonies met die hoofde van skole in en om die Suidelike voorstede van Johannesburg geskakel, om vas te stel of daar enige Portugese immigrantekinders aan die skole studeer. Beide Afrikaans- en Engels-mediumskole is geskakel;<sup>1)</sup>
4. ook is daar telefonies geskakel met die Departement van Immigrasie (Pretoria), die Streekverteenwoordiger van die Departement van Immigrasie en die Buro van Sensus en Statistiek vir syfers rakende Portugese immigrasie.

#### 1.6.3 Die sukses van die onderhoude

Die onderhoude met die 100 informante was suksesvol omdat daarin geslaag is om die basiese gegewens wat vereis was vir die ondersoek, te verkry.

In gevalle waar informante onwillig was om 'n antwoord op 'n vraag te verstrek, kon die ondersoeker wel volgens die reaksie van die informant 'n idee vorm van wat sy werklike opinie in verband met 'n besondere vraag was. Hierdie onwilligheid om 'n vraag te beantwoord het meestal voorgekom wanneer vrae in verband met finansies (veral inkomste) gestel is. Dit het daarop gedui dat die informant nie die regte bedrag wat hy verdien het, verstrek het nie omdat hy die ondersoeker blykbaar aangesien het as 'n verteenwoordiger van die Departement van Inkomste.

- 
1. Kyk lys van skole geskakel.

Oor die algemeen, egter, het die bekendstellingsbrief van die Rooms-Katolieke vader, of die bemiddeling van 'n derde persoon, die nodige samewerking en goeie menseverhoudinge tot gevolg gehad.

#### 1.6.4 Verwerking en interpretasie

Al die gegewens wat op die vraelyste aangeteken is, is oorgedra op 'n kaartstelsel sodat die gegewens maklik beskikbaar was. Aangesien 100 informante ondervra is, was die verwerking van die gegewens in sommige gevalle vergemaklik deur dit o.m. persentasiegewys te kan stel.

Na samespreking met die betrokke departement van die P.U. vir C.H.O., is besluit dat sekere gegewens nie as duidend genoeg beskou kan word nie, en is as sulks buite rekening gelaat.

Die gehele verwerking en die interpretasie van die empiriese gegewens is steeds gedoen binne die wetenskaplike raamwerk van geraadpleegde werke.

##### (a) Omskrywing van begrippe

Vervolgens word nou 'n omskrywing van sekere begrippe gegee terwyl die ander ter plaatse omskryf sal word.

##### (b) Migrasie

Dit het te doen met beweging van persone van een plek na 'n ander, en ook as volkstreke binne die landsgrense of oor die landsgrense. Twee outoriteite skryf soos volg hieroor: „Migration. The form of population movement which in the course of cultural evolution follows dispersion. The participants are sufficiently advanced in economic culture, intelligence, and geo-

graphical knowledge so that they are conscious of a true destination. The movement is planned, purposeful and deliberate. The movement is as rapid as the available means of transportation make possible. Migration as a whole falls within the historical period and manifests four distinctive forms - invasion, conquest, colonization and immigration".<sup>1)</sup>

"International migration may be defined as a voluntary movement of individuals or families from one country to another with the intention of permanent change of residence".<sup>2)</sup>

"If we exclude forced migration as belonging to a different category, migration may be defined as the movement of free individuals with the intention of effecting a lasting change in residence".<sup>3)</sup>

"Migration has been at the very base of the development of the human race and of human culture".<sup>4)</sup>

Wanneer ons van migrasie praat, word bedoel migrasie oor die landsgrense, en nie die beweging van arbeiders en groepe binne die grense van 'n land nie. Ook word vir die doel van hierdie bespreking die eerste drie vorme van migrasie volgens Fairchild se definisie buite rekening gelaat.

- 
1. Fairchild, H.P. Dictionary of Sociology, p. 193.
  2. Taft, D.R. Human Migration, p. 52.
  3. Isaac, J. Economics of Migration, p. 3.
  4. Davie, M.R. World Immigration, p. 2.

Migrasie gaan gepaard met 'n verspreiding van kultuur. Een kultuurgroep kom in aanraking met 'n ander, en die een groep beïnvloed die ander. Migrasie word beplan en tot die daad oorgegaan met die doel om 'n sekere finale bestemming te bereik.

Hoe hierdie groep wat migreer het, gaan inpas by die nuwe kultuur en landgenote, hang van verskeie faktore af. Taft<sup>1)</sup> beweer in sy boek dat daar 'n verskil in opname in Amerika is tussen Japannese wat hulle kom vestig, en persone vanaf Europese lande. Kulturele agtergrond, voorkoms en geloof speel hier 'n groot rol.

Migrasie is belangrik omdat dit lei tot verspreiding en ontwikkeling. Gewoonlik vind die migrasie plaas vanaf 'n digbevolkte ontwikkelde land na 'n dunbevolkte ontwikkelende land, omdat persone voel dat hulle beter geleentheid in so 'n dunbevolkte land sal hê.

Daar moet egter sekere redes wees waarom persone trek. Volgens ons omskrywing van migrasie moet hierdie beweging vrywillig geskied. Daar is wel baie redes waarom 'n persoon migreer, „but the movements which actually took part were mainly due to economic reasons”.<sup>2)</sup>

Ander redes is dat die politieke klimaat in 'n ander land 'n migrant beter mag geval, en beter geleentheid in 'n nuwe land is 'n belangrike motief. Belangrik volgens Isaac is die sogenaamde „Push and Pull Migration”. So 'n migrant sal of deur swak toestande uit sy eie land verdryf word, of deur meer gunstige toestande na 'n ander land getrek word.

---

1. Taft, D.R. Op. cit., p. 504.

2. Isaac, J. Op. cit., p. 23.

Moderne kommunikasie- en vervoermiddele dra by tot verhoogde migrasie. Dit is baie makliker om te reis.

Godsdienst is 'n ander motief vir migrasie. Migrante streef na godsdienstvryheid, en gaan na 'n land waar hulle godsdienstvryheid kan geniet.

Daar word dus algemeen aanvaar dat die belangrikste dryfvere vir migrasie die ekonomiese, politieke, religieuse en demografiese faktore is.

Loedolff herlei al hierdie motiewe vir migrasie egter tot die volgende:

„Die fundamentele motief wat migrasiebewegings ten grondslag lê, is die begeerte by die mens om sy lewensomstandighede te verbeter“.<sup>1)</sup>

Hierdie verbetering van lewensomstandighede kan beskou word as die bevrediging van die basiese behoeftes van die mens. Die belangrikheid van hierdie bevrediging van die basiese behoeftes as motief van migrasie kan dan ook begryp word.

(c) Emigrasie

„A population movement otherwise called immigration, looked at from the point of view of the country of origin“.<sup>2)</sup>

Immigrasie en emigrasie verskil net in soverre dit rigting van beweging aanbetref. Vir alle praktiese oorwegings kan slegs immigrasie bespreek word, aangesien dit die studie-onderwerp van hierdie verhandeling is.

- 
1. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 44.
  2. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 105.

(d) Immigrasie

„A population movement between two countries on approximately the same culture area, the former being relatively older, more densely populated and less attractive politically, economically, or socially; the latter being relatively sparsely populated with definite attractions in the way of economic opportunity or political, religious and social liberty.

True immigration is voluntary on the parts of the migrants, and in the majority of cases is on private resources, although there is frequently state support or subsidy of some sort. True immigration always crosses a political boundary. Immigration differs from emigration only in the point of view - the individuals involved are identical".<sup>1)</sup>

„Immigration is the entrance into an alien country by persons intending to take part in the life of that country and to make it their more or less permanent residence".<sup>2)</sup>

Fairchild se definisie van immigrasie wys daarop dat die beweging van die migrant vanuit 'n ouer, minder aantreklike land (sover dit die politiek-ekonomiese aspekte aanbetref) na 'n jonger land met meer geleenthede plaasvind. Belangrik hier is om daarop te let dat die twee lande wat geraak word, op feitlik dieselfde kulturele vlak is.

- 
1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 150.
  2. Seligman, E.R.A. Encyclopaedia of the Social Sciences, p. 587.

Immigrasie kan egter nie slegs gesien word vanuit die oogpunt van die immigrant nie. Dit moet ook gesien word vanuit die oogpunt van die bevolking van daardie land waarby die immigrant hom kan aansluit.

## HOOFSTUK 2

### DIE INVLOED VAN DIE GEOGRAFIES - EKONOMIESE FAKTORE OP DIE ARBEID WAT INSKAKELINGSVATBAARHEID BY DIE GROEP IMMIGRANTE BEPAAL

#### 2.1 Inleiding

Daar sal in hierdie hoofstuk vasgestel word in watter mate die geografies - ekonomiese faktore in die arbeid die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante op die Witwatersrand beïnvloed en bepaal. Daar moet egter eers duidelikheid oor die term „inskakelingsvatbaarheid” verkry word.

Ten einde die term „inskakelingsvatbaarheid” te kan omskryf, en die betekenis en inhoud daarvan te kan bepaal, moet sekere begrippe wat met die term „inskakelingsvatbaarheid” verband hou, ontleed word.

Die begrippe inskakeling, inpassing en aanpassing kan as wissel terme gebruik word, dog kom voor as elemente in ’n volgende begrip, naamlik „social adaptation”.

Voordat daar egter tot ’n bespreking hiervan en „social adjustment” oorgegaan word, moet die benadering van die probleem deur die onderzoeker eers duidelik gestel word.

Ondersoeker huldig die standpunt dat die huidige landsbeleid m.b.t. sy bevolkingsgroepe die van differensiasie tussen Blank en Nie-Blank is en dat immigrante dit hier te lande moet onderskryf en in die praktyk uitleef. Daar is egter twee benaderingswyses waarvolgens die probleem benader kan word, naamlik die integrasionistiese benaderingswyse en die segregasionistiese benaderingswyse.



## 2.2 Die hooftrekke van die integrasionistiese benaderingswyse

„Integration : that social process which tends to harmonize and unify diverse and conflicting units, whether those units be elements of personality, individuals, groups or larger social aggregations".<sup>1)</sup>

„Social integration : the process of co-ordinating the various classes, ethnic groups or other diverse elements of a society into a unified whole".<sup>2)</sup>

Die integrasionistiese benaderingswyse, wat gebaseer is op 'n ooreenstemmende lewens- en wêreldbeskouing, trag om alle verskille tussen mense, en gevolglik alles wat kan bydra tot verskille, te negeer en uit die weg te ruim.

Hierdie uit die wegruiming van verskille vind plaas op alle moontlike maniere en oorskry alle grense. Fairchild omskryf integrasie as daardie sosiale proses wat trag om uiteenlopende en konflikterende eenhede te harmonieer en bymekaar te bring. Sosiale integrasie is daardie proses wat trag om 'n geheel te maak uit 'n verskeidenheid klasse en etniese groepe.

Die proses van integrasie kom dus neer op die uitskakeling van alle grense, naamlik o.m. die biologiese, sosiale, opvoedkundige en ander aspekte. Die verskeidenheid in die eenheid en die omgekeerde, verdwyn ten gunste van gelykskakeling in 'n sg. „world community".<sup>3)</sup>

Integrasie op alle gebiede, m.a.w. die gelykskakeling van almal lei tot 'n opheffing van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Hiervan sê van Riessen :

- 
1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 159.
  2. Ibid., p. 284.
  3. Havighurst, R.J. & Neugarten, B.L. Society and education, p. 348.

„Door de opheffing van de souvereiniteit in eigen kring krygt de maatschappij reeds een totale, collectiewe struktuur . . . .”<sup>1)</sup>

Die mens het hiervolgens geen individualiteit nie, en moet gevolglik in ’n gemeenskap lewe waarin hy alle verskillende t.o.v. kleur, ras, godsdiens en beginsels prysgee. Integrasie gaan hand aan hand met die Humanisme en die Sosialisme.

### 2.3 Die benaderingswyse van segregasie

Hierdie benaderingswyse van segregasie vorm die kern van die landsbeleid wat daargestel is om die probleem van die verhoudinge tussen die Blanke- en Nie-Blankebevolkingsgroepe op te los.

„Die Republiek se rasseprobleem is vir die Blanke wesentlik ’n voortbestaansprobleem, nie net vanuit ’n bio-genetiese oogpunt gesien nie, maar ook in sosiale, kulturele en politieke opsig, met afsonderlike ontwikkeling die beleidsinstrument vir die ordelike regulering van rasseverhoudinge in groepsverband”.<sup>2)</sup>

Segregasie is die onderskeiding wat gemaak word tussen groepe - in Suid-Afrika hoofsaaklik tussen Blank en Nie-Blank. Dit het in die Republiek gelei tot die apartheidsbeleid van die regering. Rhodie som die segregasionistiese benaderingswyse soos volg op:

- 
1. Van Riessen, I.H. De Maatschappij Der Toekomst, p. 251.
  2. Rhodie, N.J. Apartheid en partnership. ’n Rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en vennootskap, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme, p. 395.

„In die grond van die saak is die onderhawige beleid die regstreekse resultaat van die konserwatief georiënteerde Wit gemeenskap se begeerte, enersyds, om Blanke selfbehoud met die regmatige aspirasies van die Bantoevolke te versoen, en andersyds, om die Republiek se tradisionele segregasiesisteen uit te bou tot 'n beleid wat aan sowel die beginsels van Christelik - demokratiese moraliteit as die eise van 'n veranderende wêreld sal voldoen. Apartheid is dus 'n sintese van sowel tradisionele as. rewolusionêre beginsels - wat meebring dat die beleid 'n buigbare sisteem impliseer sonder prysgawe van die fundamentele ideologiese kern. Die sluitsteen van die ideologie is die Blanke - meer bepaald die Afrikaner - se tradisionele standpunt dat die belange van Wit en Swart nie binne 'n ras-geïntegreerde sosiaal - politieke bedeling met mekaar versoen kan word nie, maar aan aparte invloedsefere gekoppel moet word".<sup>1)</sup>

Die probleem van die Blank - Nie-Blankverhouding in die Republiek word vererger deurdat die Nie-Blanke groepe baie getalryker is as die Blanke. Ten einde die balans te probeer herstel word daar naas die natuurlike bevolkingsaanwas gebruik gemaak van immigrasie om die Blankes se geleedere aan te vul. Immigrante word veral van die stamlande die land binnegebring, hoewel daar immigrante van feitlik alle lande na Suid-Afrika kom. Hierdie immigrante kan hulleself slegs suksesvol vestig in hulle nuwe land indien hulle hulle vereenselwig met die probleme en leefwyse van eerstens, die reeds gevestigde burgers van hulle eie nasionaliteit en tweedens, van burgers van die Republiek van Suid-Afrika.

---

1. Rhodie, N.J. Op. cit., p. 395.

Daar moet dus 'n aan- en inpassing plaasvind deur die immigrante; eers binne hulle eie groep en daarna na buite na ander groepe. Vir die doel van hierdie ondersoek word met integrasie (waar die term gebruik word) slegs bedoel 'n samewerking in 'n sosiale geheel met die ander blanke groepe in Suid-Afrika. Daar sal egter veel meer gebruik gemaak word van die terme inskakeling, aanpassing en inpassing, wat as wissel terme beskou en gebruik kan word.

Ten einde 'n begrip te kan verkry van wat met inskakelingsvatbaarheid bedoel word, moet die verwante begrippe van samewerking, akkomodasie, assimilasie, aanpassing en aanpasbaarheid bespreek word. Sodoende kan tot die inhoud en betekenis van die begrip „inskakelingsvatbaarheid“ gekom word.

## 2.4 Omskrywing en bespreking van begrippe

### 2.4.1 Samewerking

„Cooperation is interaction in terms of a common understanding of human needs. Cooperation is working together for commonly accepted ends. Cooperation needs unity, not uniformity among specialization. It means a working together of related forces“. <sup>1)</sup>

Samewerking word gemanifesteer „... in the increase in size of political aggregates, in the growth of political and economical interdependence, and possibly, despite cultural diversity, in an underlying assimilation or convergence in science, art, religion and culture generally“. <sup>2)</sup>

- 
1. Bogardus, E.S. Sociology, p. 31.
  2. Ginsberg, M. Reason and Unreason in Society, p. 30.

Samewerking kan geskied tussen individue onderling in 'n groep, tussen groepe onder mekaar of tussen individue. Die toenemende belangrikheid van die proses van samewerking word gesien in die groterwordende gemeenskappe, in die noodsaaklikheid van onderlinge kontak tussen die verskillende gemeenskappe en in die steeds toenemende gevoel van samehorigheid by die verskillende groepe in gemeenskappe. Samewerking is noodsaaklik indien groepe positief met mekaar in aanraking wil kom en mekaar tot nut en diens wil wees.

Samewerking impliseer vrywillige handeling of aktiwiteite op verskillende terreine van die lewe met 'n gemeenskaplike doel om iets te bereik. Die intensiteit en sukses van samewerking is afhanklik van die gesindheid waarmee die persone wat wil saamwerk, hulle tot die proses van samewerking wend, waardeur die intensiteit en frekwensie van konflik dus tot 'n minimum beperk word, indien dit nie heeltemal uitgeskakel kan word nie.

2.4.2 Akkomodasie is „any social process whether conscious or unconscious, which consists in the alteration of functional relations between personalities and groups so as to avoid, reduce or eliminate conflict and to promote reciprocal adjustment, provided that the altered behaviour pattern is transmitted by social learning rather than by biological heredity, and the social relationships which result from this process. Among the varieties (or methods) of accommodation most often mentioned are arbitration, compromise, conciliation, conversion, subordination and toleration”.

En ook: „The process in which interacting groups

modify their organization, rôle or status to conform to the requirements set up by the situation or by the inclusive social unit".<sup>1)</sup>

Bogardus verklaar : „Accommodation is interaction involving a mild degree of adjustment. It may start with tolerance, which means that people who disagree will try to get along with each other even if they do not agree or perhaps even respect each other - for the sake of some larger gain that each has in view".<sup>2)</sup>

„Accommodation is the process of friendly give and take - of conscious adjustment, by toleration, arbitration and compromise".<sup>3)</sup>

#### Bespreking

- 1) Akkomodasie is eerstens 'n proses en kan bewustelik of onbewustelik geskied.
- 2) Dit het te make met 'n vermindering of uitskakeling van konflik en wrywing tussen individue en groepe.
- 3) Dit gaan gepaard met sosiale „opvoeding" of die opdoen van ervaringskennis, en vind as gevolg daarvan plaas.
- 4) Dit trag om geskilpunte uit te skakel of te vermy.
- 5) Uit bogenoemde vloei voort sosiale verhoudinge op alle terreine tussen individue en groepe wat tevore in konflik met mekaar gestaan het.
- 6) 'n Paar prosesse wat onafskeidelik verbind is met akkomodasie is arbitrasie, kompromie, konsiliasie en verdraagsaamheid.

---

1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 2.  
2. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 32.  
3. Ibid., p. 532.

- 7) Akkommodasie gaan ook gepaard met 'n verandering van die status en rol van 'n groep of individu in die samelewing. Dit geskied om 'n individu of groep in staat te stel om beter aan te pas by 'n ander individu of groep, of situasie waarin hy hom nou mag bevind.
- 8) Akkommodasie kom neer op aanpassing. Hierdie aanpassing kan eers net verdraagsaamheid wees. Later kan een groep 'n ander leer respekteer. Dan kan aanpassing verander na inpassing by, wat neerkom op inskalkeling.
- 9) Akkommodasie kan dus omskryf word as 'n bewustelike aanpassing by 'n sekere omgewing en by individue of groepe. Dit gaan gepaard met die prysgee van 'n seker mate van vorige voorregte soos status en belangrikheid van die rol wat deur die individue of groep vervul is, m.a.w. aanpassing moet altyd gesien word as verantwoordelike aanpassing.
- 10) Daar word 'n sekere doel voor oë gehou. Hierdie doel mag wel wees die verkryging van status en belangrikheid in die nuwe groep.

#### 2.4.3 Assimilasie

„Assimilation is the process by which individuals of different cultural groups occupying a common territory achieve cultural solidarity, sufficient at least to sustain national existence”.<sup>1)</sup>

„Assimilation is interaction first in the sense of adopting by one group some or many of the ideas of another group. Ultimately the first group will have

---

1. Park, R.E. Assimilation. In Encyclopaedia of the Social Sciences soos aangehaal deur Isaac, J. Economics of Migration, p. 131.

given up most of its own ideology for the ideology of the second group. In the second sense, assimilation is the uniting of the ideas of two groups. It is the developing of one ideology, or system of ideas, out of two or more different ideologies".

Fairchild definieer sosiale assimilatie soos volg:-

„The process by which different cultures, or individuals or groups representing different cultures, are merged into a homogenous unit. The analogy is with the biological process whereby a living body ingests external matter of various different kinds, and transforms it into body cells of harmonious types. It is important to note that this physiological assimilation does not result in identical body cells, but in various types of cells that are adapted to, and normal in, the entire organism no matter how complex it may be. Likewise, social assimilation does not require the complete identification of all the units, but such modifications as eliminate the characteristics of foreign origin, and enable them all to fit smoothly into the typical structure and functioning of the new cultural unit.

The most frequent and important instances of assimilation are afforded when more powerful groups overmaster and absorb weaker groups, or when, by the process of immigration, representatives of external cultures are admitted within the territory of another country.

In essence, assimilation is the substitution of one nationality pattern for another. Ordinarily, the modifications must be made by the weaker, or numerically inferior group".<sup>1)</sup>

---

1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 276.



Assimilasie word deur Raymond Betts beskou as die tradisionelê koloniale beleid van Frankryk. Hy sien assimilasie so:-

„Although variously interpreted, in essence it meant that the colony was to become an integral, if noncontiguous part of the mother country, with its society and population made over - to whatever extent possible - in her image".<sup>1)</sup>

#### Bespreking

- 1) Assimilasie is die proses waardeur een groep geleidelik die gewoontes en gebruike van n ander groep aanleer en oorneem.
- 2) Hierdie proses van oornamering gaan gepaard met n proses van aflegging van eie gewoontes en gebruike.
- 3) Uiteindelik word die een groep geheel en al opgeneem in die ander groep.
- 4) Assimilasie is ook die samesmelting van twee ideologieë tot die vorming van een. Altwee dra by tot die vorming van die nuwe ideologie.
- 5) Fairchild omskryf sosiale assimilasie as die proses waardeur twee kulture of groepe met verskillende kultuuragtergronde saamsmelt of in mekaar opgeneem word tot n homogene eenheid.
- 6) Net soos daar verskillende soorte selle in n liggaam opgeneem word om saam n eenheid te vorm, word daar nie verwag dat al die persone wat n kultuureenheid vorm, dieselfde identiteit moet hê nie. Hulle moet slegs harmonieus inskakel by die groot geheel, en saam n kultuureenheid vorm.

---

1. Betts, R.F. *Assimilation and Association in French Colonial Theory 1890 - 1940*, p. 8.

- 7) Op hierdie wyse (6) word verskeidenheid in die eenheid, en eenheid in die verskeidenheid behou, en is die eenheid 'n rykdom van eienskappe en kultuurskatte.
- 8) Sulke vreemde eenhede moet dus vir hulle die wesentlik vreemde eienskappe in hulleself aflê en verander sodat hulle funksioneel kan aan- en inpas by die nuwe struktuurgeheel.
- 9) In essensie is assimilasië die prysgee van die kultuurpatrone en kultuureie van 'n groep of individuen einde 'n vreemde kultuur aan te neem. Dit is gewoonlik die minderheidsgroep se kultuur wat opgeneem word in die kultuur van die meerderheidsgroep.

#### 2.4.4 Aanpassing

Voorafgaande bespreking dui daarop dat aanpassing van die allergrootste belang is by die bepaling van die omskrywing van „inskakelingsvatbaarheid”. Nie alleen moet die minderheidsgroep gewillig wees om in te skakel nie, maar die meerderheidsgroep moet kan aanpas en gewillig wees om hulle toe te laat om in te skakel. Die proses van aanpassing moet dus allereers omskryf word.

Fairchild definieer sosiale aanpasbaarheid soos volg:-

- a) Those types of relationships between personalities, groups, culture elements, and culture complexes which are harmonious and mutually satisfactory to the personalities and groups involved.
- b) Those processes which tend to produce such relationships ..... A survey of current usage yields several principal sociological meanings of adjustment. Among the most important of them are :
  - a) Interactive, in which man adjusts to others as

he functions in economic, religious, and other ways. The existing interaction may be characterized as competitive, cooperative, etc.

- b) Striving, in which there is deliberate effort toward a better or improved adaptation.
- c) Accommodative, described as some relatively stable and mutually accepted relationship among the participants.
- d) Associative, in which adjustment is treated as a step or stage in a general associative process. Less social distance is present than in advance, but more than in accordance. The participants have reached a modus vivendi in some respects as it were, and for the rest 'agree to disagree'.
- e) Normative, wherein 'good', or 'efficient' or 'adequate' adjustments, adaptations, 'fits' or 'integrations' are worked out between persons or technologies or organizations or institutions. Antonyms are unadjustment, maladjustment, disintegration or disorganization".<sup>1)</sup>

#### 2.4.5 Aanpasbaarheid

„Adaptability will denote the capacity of an individual to intentionally modify its reactions. The capacity of a human organism to intentionally modify its reactions in the presence of unfamiliar external circumstances or unfamiliar internal states in such a way as to make for its survival".<sup>2)</sup>

- 
1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 276.
  2. Laycock, S.R. Adaptability to New Situations, p. 170.

## Bespreking en samevatting

Die mens moet gesien word as 'n sosiale wese.<sup>1)</sup> Die verhouding wat hier bespreek word, is die sosiale verhouding tussen mense op alle samelewingsterreine. Sosiale aanpasbaarheid het die volgende eienskappe:-

- 1) Dit trag die verhoudinge tussen persoonlikhede, groepe, kulturelemente en kultuurkomplekse te harmonieer. Dit trag met ander woorde om geskilpunte en wrywing uit die weg te ruim.
- 2) Dit impliseer nie onvoorwaardelike oornamie nie, aangesien so 'n aanpassing bymekaar aanvaarbaar moet wees vir albei persoonlikhede of groepe.

Hierin kom 'n aspek van „inskakeling by" na vore. Soos reeds gesien, kan 'n persoonlikheid of groep inskakel sonder om sy wesentlike individualiteit prys te gee. Intendeel, hierdie wesentlike „eis" moet verrykend meewerk in die groot geheel.

- 3) Daar kan dus met betrekking tot hierdie studie gepraat word van die kulturele, ekonomiese, geografiese sosiale, religieuse e.a. aanpassing of graad (mate) van aanpassing. Dit kom dus neer op die mate van suksesvolle aanpassing van 'n groep immigrante, en die faktore wat hulle beïnvloed en „gereed" vir aanpassing gemaak het. Hier het ons ook te make met die vatbaarheid van sulke immigrante vir aanpassing of inskakeling, aangesien hulle inskakelingsvatbaarheid die mate van aanpassing (inskakeling) by die vreemde t.o.v. die kulturele, ekonomiese, sosiale, geografiese en religieuse omgewing sal bepaal.

---

1. Van Dijk, R. Mens en medemens, p. 9 - 10.

Die graad van inskakelingsvatbaarheid sal in 'n groot mate bepaal word deur die mate van bekendheid met betrekking tot arbeid, die ekonomiese lewe en ander samelewingswerklikhede wat hier op die nuwe „burger" wag. Voel hy tuis, is inskakelingsvatbaarheid groot, en anders om.

- 4) Wisselwerkende aanpassing is 'n proses waardeur die individu persoonlik aan- en inpas by andere soos hy met ander individue of groepe in die samelewingswerklikheid op verskillende terreine in aanraking kom. Hierdie wisselwerking mag kompetierend of samewerkend van aard wees. Die proses van wisselwerking bring in elk geval 'n persoon of groep (immigrant(e)) in aanraking met dit wat wesenlik vreemd vir hom/hulle is, en stel dit bekend. Die aanname of verwerping daarvan hang af van die positiewe of negatiewe benadering deur die vreemde individu of groep.
- 5) Aanpassing kan ook maklik geskied. Dit kan geskied op grond van 'n positiewe strewe na aanpassing deur die individuele immigrant of groep immigrante. Dit is ook sosiaal aanvaarbaar aangesien die mens 'n sosiale wese is - hy voel ontuis buite die groep - en sal wil aan- en inpas by die groep.
- 6) Akkommoderende aanpassing kan beskryf word as 'n relatief stabiele verhouding tussen persone of groepe. Die terme van hierdie verhouding is aanvaarbaar vir albei die groepe en berus op 'n wedersydse erkenning van mekaar.
- 7) Hierdie akkommoderende wisselwerking stem ooreen met assosiatiewe aanpassing waar altwee groepe saamwerk, dog ten opsigte van sekere aspekte „ooreenkom om te verskil". Hier is dus nie sprake van 'n totale opname

van een groep in 'n ander nie, maar wel van samewerking, aanpassing en inskakeling. Hierdie samewerking en eenwording word beheer deur die mate van wil om saam te werk. Anders gestel, akkomoderende wisselwerking hang af van die mate van inskakelingsvatbaarheid.

- 8) Ook moet aanpassing normatief geskied, m.a.w. daar moet besluit word watter gedrag goed, aanvaarbaar en aan- en inpasbaar is by die leefwyse en lewenspatroon van 'n persoon of groep. Die persoon of groep wat moet aan- en inpas by 'n ander persoon of groep, moet daarvan oortuig wees dat die in- en aanpassing 'n aanvaarbare handeling sal wees. Ook hier het ons met die inskakelingsvatbaarheid te doen. Indien so 'n persoon of groep voel dat hy reg optree, sal sy/hulle vatbaarheid om in te skakel toeneem. Die omgekeerde is egter ook waar.

Die doel van hierdie ondersoek is om die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep Portugese immigrante aan die Witwatersrand te probeer bepaal. Wanneer dus gepraat word van die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep Portugese immigrante, dan word bedoel die moontlikheid wat daar vir hulle bestaan om ingeskakel en aangepas te raak in en by die Suid-Afrikaanse lewenswyse en kultuur. Hierdie aanpassing moet noodwendig geskied vanaf die bekende na die onbekende, met ander woorde, daar moet 'n punt van kontak en toenadering wees - 'n vertrekpunt. Die immigrant moet iets kry in sy nuwe omgewing wat vir hom bekend en aanvaarbaar is. Dit kan beskou word as 'n kontakpunt.

Die gewilligheid van die immigrant om na die kontakpunt te soek, tesame met die groter of kleiner

moontlikheid van die bestaan en beskikbaarheid van so 'n kontakpunt, kan beskou word as elemente wat bydra tot die vatbaarheid vir inskakeling. Daar moet dus beide 'n moontlikheid vir en beskikbaarheid van 'n kontakpunt wees. Hiermee word ook bedoel dat die landsburger homself en sy groep toeganklik moet maak vir die immigrant, en sodoende 'n gunstige klimaat skep vir die begeerte by die immigrant om te wil inskakel.

## 2.5 Die invloed van die geografiese en ekonomiese faktore op die arbeid wat inskakelingsvatbaarheid by die groep immigrante bepaal

Die groep Portugese immigrante het van verskillende lande af geëmigreer. Die agtergrond en land van herkoms van die immigrant speel 'n rol in die eventuele aanvaarding van sy nuwe land, en daarom sal eers vasgestel word waarvandaan die groep met wie onderhoude gevoer is, kom. Daarna sal 'n kort beskrywing van hulle geografiese, ekonomiese en kulturele agtergrond gegee word.

### 2.5.1 Lande van Herkoms

Die grootste groep immigrante met wie onderhoude gevoer is, is afkomstig van Mosambiek en Madeira. Die ondervolgende is 'n tabel wat die aantal Portugese immigrante aandui volgens land van geboorte.

Tabel 1    Aantal Portugese immigrante vanaf, en emigrante na Madeira, Mosambiek en Portugal 1960 - 67<sup>1)</sup>

Vanaf Madeira	693	1021	746	869	620	868	918	359
emigreer na	16	13	10	12	7	9	6	11
Vanaf Mosambiek	198	473	398	277	102	49	60	49
emigreer na	9	21	11	8	16	8	15	8
Vanaf Portugal	2860	7161	4302	1823	977	424	659	524
emigreer na	119	114	54	14	14	19	7	4

1.   Gegewens verkry van die Buro van Sensus en Statistiek.

Hierdie tabel toon onder andere aan dat die toevloei van Portugese immigrante vanaf Mosambiek redelik konstant gebly het gedurende die tydperk van 8 jaar, met 'n styging in getalle gedurende 1966. Die aantal immigrante vanaf Portugal het gaandeweg vermeerder. Daar was egter ook 'n merkbare vermeerdering in getalle gedurende 1965 en 1966. Die interessante kenmerk volgens die gegewens van die buro van sensus en statistiek is dat die aantal Portugese immigrante vanaf Portugal sedert 1963 nog altyd meer was as vanaf die ander lande.

Die grootste aantal lede van die toetsgroep met wie onderhoude gevoer is, was vanaf Mosambiek, Madeira en Portugal. (Kyk tabel 2). Hierdie lande is almal afhanklik van boerdery. Madeira en Mosambiek, wat die grootste verteenwoordiging van proefpersone in die steekproef het, sal kortliks bespreek word ten opsigte van hulle ekonomies - geografiese aspekte ten einde 'n deursnee agtergrond vir die gemiddelde Portugese immigrant na Suid-Afrika te probeer daarstel.



### 2.5.2 Madeira<sup>1)</sup>

- 1) Geloof - oorwegend Rooms-Katoliek.
- 2) Klimaat - warm.
- 3) In 1963 het hierdie land  $\pm$  270 000 inwoners gehad.
- 4) Die inwoners ondervind groot probleme met boerdery.

Daar is gevolglik groot inspanning vir min resultate. Terrasse moet byvoorbeeld gemaak word ten einde grond gelyk genoeg te maak om te bewerk. Water word met kanale aangelê na landerye en besproeiing bly 'n wesentlike probleem.

- 5) Die landboustelsel is baie primitief. Die grond behoort aan 'n grondeienaar, dog alle mure en verbeterings behoort aan die huurder. Dikwels is die verbeterings soveel werd dat die grondeienaar die boer nie daarvoor kan vergoed nie.
- 6) Ploegwerk word met diere (gewoonlik osse) gedoen.
- 7) Wyn, suiker, pynappels en piesangs is die belangrikste produkte.

### 2.5.3 Mosambiek<sup>2)</sup>

Ook hierdie provinsie van Portugal kan as onderontwikkel beskou word. Dit het 'n lae inkomste per kapita en 'n lae uitvoersyfer. Mosambiek voer katoen, suiker, tee en neute uit.  $\pm$  90% van hulle totale uitvoer is landbouprodukte, terwyl  $\pm$  93% van hulle Bantoearbeid in die boerderybedryf opgeneem word. Daar is ook 'n swak visnywerheid. Die industrie is feitlik onontwikkel.

- 
1. Encyclopaedia Britannica. Vol. 14.
  2. Hance, W.A. The Geography of Modern Africa, pp. 499-516.

'n Ander bron van inkomste vir Mosambiek is die uitvoer van nie-blanke arbeid na die Republiek van Suid-Afrika. Die aantal nie-blankes wat in Suid-Afrika kom werk, het toegeneem van 85 387 in 1961 tot 115 000 in 1965.

In 'n ondersoek is bevind dat die Portugese gemeenskap in Suid-Afrika oorwegend Rooms-Katoliek is, en dat die grootste aantal van hulle vanaf Madeira afkomstig is.<sup>1)</sup> Hierdie groep is oorwegend groenteboere. Die sukses wat hulle in Suid-Afrika op die gebied van die produksie en lewering van groente behaal, is toe te skryf aan die verskil in boerdery-omstandighede hier, teenoor die in hulle land van herkoms. Hulle was gewoon aan moeilike omstandighede en pas maklik aan by die beter omstandighede in die Republiek van Suid-Afrika, en meer spesifiek aan die Witwatersrand waar daar ook 'n goeie afsetgebied vir hulle produkte is.<sup>2)</sup>

Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien, behoort 'n land nie immigrante toe te laat indien hulle nie eerstens ekonomies absorbeerbaar is nie. 'n Oorvloed immigrante kan nadelig wees vir die ekonomie van 'n land. So 'n oorvloed hoef egter nie 'n nadelige uitwerking te hê nie. Hier het ons die voorbeeld van Australië wat nie by magte was om 'n stadige, vaste invloed van immigrante te verkry nie. Immigrante het egter in 1850 die land in groot getalle binnegestroom toe goud ontdek is. Ook in 1880 en 1900 het groot getalle immigrante die land binnegegaan. Dit is veel beter om immigrante te neem wanneer hulle wil kom, as om 'n stadige invloed van immigrante te probeer aanmoedig.<sup>3)</sup>

1. Anon. The Portuguese Community in South Africa. S.A. Panorama. 6:3, March, 1961.
2. Anon. Die kultuurgoedere van die Portugese. Lantern, XIV : 3, Maart, 1965.
3. Isaac, J. Op. cit., p. 285.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat tye en omstandighede baie verander het sodat baie sake oorweeg word by keuring vandag.

Groot getalle immigrante gaan die V.S.A. binne en is bereid om teen laer lone te werk as die landsburgers. Sodoende word hulle opgeneem in die arbeidsmark en word hulle dus ekonomies geabsorbeer deur hulle nuwe land. Daar moet egter gewaak word teen die sosiale probleme wat met werkvergoeding in sulke omstandighede gepaard gaan.

'n Maatstaf vir die aantal immigrante wat die land binnegelaat word, moet dus so beheer word dat hulle geabsorbeer kan word sonder dat daar diskriminasie kan wees teen hulle lewenstandaard. Hulle kan slegs as ekonomies geabsorbeer beskou word indien hulle na 'n oorgangstydperk op 'n min of meer gelyke ekonomiese voet met die landsburgers kan beweeg.

In lande met 'n hoë lewenstandaard is daar sekere beroepe wat as ongewild beskou word. Byvoorbeeld, in die V.S.A. en Engeland is talle vakante betrekkings vir huisbediendes wat deur immigrante gevul kan word. In Suid-Afrika is tans talle vakante betrekkings vir winkel- en groentewinkelklerke wat deur Portugese immigrante gevul kan word.

'n Volgende ekonomiese oorweging is om te verhoed dat 'n skielike invloei van immigrante nie 'n abnormale hoër aanvraag na huise en verbruikersgoedere meebring nie. So 'n oplewing kan later o.m. baie ekonomiese probleme veroorsaak.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat immigrasie meestal gepaard gaan met ekonomiese vooruitgang en 'n oplewing van die markte vir goedere in bepaalde lande. Ook word

bereken dat elke immigrant wat 'n gekwalifiseerde werker is, werkgeleentheid verskaf aan drie ongeskoolde werkers.

Die inskakelingsvatbaarheid van immigrante op verskillende lae van die sosiale struktuur verskil van laag tot laag. Die intellektuele skakel moeiliker in as die arbeiders.<sup>1)</sup> 'n Ander aspek wat inskakeling bemoeilik, is die houding van die landsburger. 'n Landsburger wat gekant is teen immigrasie kan die inskakeling en aanpassing van 'n immigrant baie bemoeilik of feitlik onmoontlik maak. Onder meer beweer Taft dat die inskakeling van immigrante 'n stadige proses is, en deels toegeskryf kan word aan 'n laer lewenstandaard as die van die landsburgers.

#### 2.5.4 Lengte van verblyf

Tabel 2 Lengte van verblyf volgens land van herkoms<sup>1)</sup>

	Portugal		Mosambiek		Rhodesië		Angola		Madeira		Totaal
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
1 - 2jr.	5	3	3	3	0	0	0	1	4	0	19
3 - 5jr.	10	3	2	0	0	0	1	0	7	0	23
6 - 8jr.	8	1	0	2	0	0	0	0	7	1	19
9 - 11jr.	4	1	1	1	0	0	0	0	4	0	11
+ 11jr.	4	1	1	0	1	0	0	0	16	5	28
	31	9	7	6	1	0	1	1	38	6	
Aantal immigrante	40		13		1		2		44		100

#### 1. Gegewens verkry uit vraelys.

In die steekproef wat gemaak is, is die volgende gevind t.o.v. die lengte van verblyf : (Kyk Tabel 2).

Volgens tabel 2 woon 42% van die toetsgroep vir minder as 5 jaar in die Republiek van Suid-Afrika, terwyl 58% al

1. Taft, D.R. Op. cit., p. 267.

langer as 5 jaar in die Republiek woonagtig is.

Die totale aantal persone van die toetsgroep wat vanaf die Afrika-provinsies kom is 62%, teenoor die 38% wat afkomstig is vanaf Portugal. Die meeste van die lede van die toetsgroep is dus afkomstig van die Portugese provinsies, en het 'n boerdery-agtergrond van wie die Madeira-groep sterk verteenwoordig is. Dieselfde bevinding is in Bloemfontein aange-tref tydens 'n ondersoek na Portugese immigrante aldaar.<sup>1)</sup>

Meer as 50% van die Portugese in daardie groep van 50 wat ondervra is, is afkomstig vanaf die Portugese kolonies, waar-van 14% vanaf Madeira en 34% vanaf Mosambiek afkomstig is.

In 'n ontleding van die beroepe toon tabel 3 die volgende:

Tabel 3 Arbeidsverdeling volgens beroepe van Portugese immigrante<sup>1)</sup>

		1 - 2		3 - 5		6 - 8		9 - 11		11 +	
		jaar		jaar		jaar		jaar		jaar	
		M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Prof. of Semi-Prof. a		7	1	5	1	1	0	2	0	1	0
Administratief b		0	0	0	0	0	2	0	0	0	0
Klerk verkoopsman											
in groentewinkel c		5	2	6	0	8	1	5	1	7	2
Vakmanne d		0	0	3	0	3	0	2	0	2	0
Mynbou e		0	0	1	0	0	0	0	0	1	0
Staatsdiens f		0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Boer g		0	0	0	0	0	0	0	0	4	0
Vervoer h		0	0	1	0	0	0	0	0	2	0
Plaasarbeider i		0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Huisvrou j		0	4	0	1	0	1	0	1	0	3
Eienaar van Kafee											
of groentewinkel k		0	0	3	0	3	0	0	0	5	0
Ander l		0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
		12	7	21	2	15	4	9	2	22	6
		19		23		19		11		28	

1. Gegewens verkry uit vraelys.

1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 70.

'n Ontleding van die beroepe wat deur die groep immigrante gevolg word, is insiggewend insoverre dit in meer as helfte van die gevalle dieselfde tipe werk is wat hulle in die land van hulle herkoms gedoen het nl. (56%). 36% van die groep doen 'n ander soort werk, terwyl 8% nie werk nie en verteenwoordigend is van vroue en skoliere. Die feit dat so 'n groot aantal persone uit die proefgroep arbeid verrig waarmee hulle bekend is, bied aan hulle 'n goeie beginpunt tot ekonomiese inskakeling by hul nuwe omgewing. Daar kan dus 'n beweging van die bekende (die arbeid) na die onbekende (die omgewing en die menseverhoudinge op die ander samelewingsterreine) wees. Wanneer in aanmerking geneem word dat hierdie arbeid die van groentewinkelklerk of groentewinkeleienaar is, dan moet besef word dat daar 'n gulde geleentheid vir sosiale kontak is met die mense van die nuwe land. Die Portugese immigrant is ook onmiddellik tuis tussen sy eie mense wanneer hy hier aankom. Gevestigde Portugese verskaf aan hom huisvesting en arbeid totdat ook hy gevestig is. Dit is die rede waarom slegs 16% tydens die onderhoud gesê het dat hulle probleme gehad het om in werk geplaas te word met hulle aankoms.

Die immigrant wat homself in 'n vreemde, onbekende sosiale omgewing bevind, sal positief reageer teenoor inwoners wat genaakbaar voorkom en sodoende vinnig ingeskakel word. Basies kom inskakeling aan die begin neer op 'n gevoel van „een word" met vreemdelinge. Ongelukkig moet genoem word dat die gevoel van „eenwording" en toegeneëtheid wat deur die Portugese immigrant ondervind word, meestal afkomstig is van die Engelssprekende groep van ons bevolking. Die Portugese immigrant voel homself dus meer agetrokke tot daardie groep van ons bevolking.

Tabel 4 Noodsaaklikheid van taal in beroep <sup>1)</sup>

Jare woonagtig in die Republiek

Vraag	Ant- woord	1 - 2 jr.			3 - 5 jr.			6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 jr.			To- taal
		M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	
Is kennis van die Engelse taal noodsaaklik in die arbeid wat u verrig?	JA	12	6	18	17	2	19	14	4	18	8	2	10	19	3	22	87
	NEE	0	1	1	3	1	4	1	0	1	1	0	1	3	3	6	13
	TOT	12	7	19	20	3	23	15	4	19	9	2	11	22	6	28	100
Is kennis van die Afrikaanse taal noodsaaklik in die arbeid wat u verrig?	JA	8	3	11	14	2	16	7	3	10	6	2	8	12	2	14	49
	NEE	4	4	8	6	1	7	8	1	9	3	0	3	10	4	14	51
	TOT	12	7	19	20	3	23	15	4	19	9	2	11	22	6	28	100

1. Gegewens verkry uit vraelys.

Die rede hiervoor is voor die hand liggend - die Afrikaanssprekende dring nie aan op die gebruik van sy taal wanneer hy bedien word nie. Sodoende kom die Portugese immigrant meer en meer in aanraking met die taal van die ander taalgroep en voel meer tuis by daardie groep omdat hy hom kan verstaan. Hierdie stelling word duidelik geïllustreer in tabel 4.

Volgens die gegewens wat in die tabel verstrek word, blyk verskeie feite duidelik :

Die Afrikaanssprekende verwaarloos die taalfaktor in sy ekonomiese kontak en omgang met die Portugese immigrant, en gevolglik verloor hy die geleentheid om die immigrant by sy taalgroep te laat inskakel. Die gegewens by die groep in die 11 jaar-plus-kolom spreek boekdele, aangesien dit die groep met die meeste ondervinding van toestande in die Republiek is.

51% van die immigrante in die toetsgroep verklaar dus dat 'n kennis van Afrikaans nie noodsaaklik is in die verrigting van hul arbeid nie. Daarteenoor reken 87% van dieselfde groep dat 'n kennis van die Engelse taal wel noodsaaklik is in die verrigting van hul arbeid. Dit is belangrik om op te merk dat die groep wat die langste in die land is, die minste waarde aan die belangrikheid van Afrikaans in hul arbeid heg.

Wanneer diegene in die toetsgroep geneem word wat langer as ses jaar in die Republiek is, word dieselfde verskynsel gesien. Daar was 58 persone in die toetsgroep wat binne hierdie kategorie geval het. Van hulle het 50 (86.2%) verklaar dat 'n kennis van Engels noodsaaklik is in die arbeidsverrigting, terwyl 8 (13.8%) 'n kennis van Engels as onbelangrik beskou het.

Wanneer dieselfde vraag t.o.v. Afrikaans gestel word, verklaar 32 (55.1%) uit die groep van 58 dat 'n kennis van Afrikaans noodsaaklik is, terwyl 26 (44.9%) dit as nie noodsaaklik beskou nie.

Afrikaans word dus nie ten volle gebruik om die Portugese immigrante te laat inskakel by die Afrikaanssprekende



gedeelte van die bevolking in die bepaalde woongebied nie. Die steekproef bewys die teendeel, nl. dat vyftig persent van die immigrante in die toetsgroep totaal onbewus is van die nut en bruikbaarheid van Afrikaans. Toegang en toetred tot die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking is vir hul onmoontlik. Die Afrikaanssprekende is self verantwoordelik vir hierdie toedrag van sake. Hy doen nie die moeite om die Portugese immigrant n bietjie van sy taal te leer nie.

Vroeër is opgemerk dat inskakelingsvatbaarheid te make het met die wedersydse verhouding en gesindheid tussen die groep by wie ingeskakel en die groep wat ingeskakel wil word. Dit wil voorkom of die Afrikaanssprekendes n geslote groep vorm teenoor die Portugese immigrant, en dat die Engelssprekende groep meer toeganklik is.

Die Portugese immigrant weet ewe min van albei tale wanneer hy in die land aankom, dog die ondersoeker moes vele van die onderhoude met die toetsgroep deur medium Engels en nie Afrikaans nie, voer.

In die V.S.A. word die taalprobleem nie so intensief gevoel nie, omdat daar slegs sprake van inskakeling deur middel van een taal, en dus by een taalgroep is.

#### 2.5.6 Jaarlikse inkomste

Die gevolgtrekking uit hierdie tabel kan nie as n getroue weergawe aanvaar word nie. Die rede hiervoor is dat 50% (waarvan 19% vroue was) van die persone in die toetsgroep onwillig was om hierdie vraag te beantwoord. 31% van die mans het dus nie hierdie vraag beantwoord nie, en sommige se antwoorde het huiwerig gekom en kan nie as betroubaar aanvaar word nie.

Tabel 5 Jaarlikse inkomste<sup>1)</sup>

		1 - 2 jr.		3 - 5 jr.		6 - 8 jr.		9 - 11 jr.		+ 11 jr.	
		M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
R 500 - R 999	a	5	0	4	0	2	0	0	0	4	0
R1000 - R1499	b	1	0	1	0	2	1	1	0	3	0
R1500 - R1999	c	0	0	0	0	1	0	0	0	2	0
R2000 - R2499	d	1	0	3	0	1	0	1	2	3	0
R2500 - R2999	e	0	0	2	0	1	0	0	0	2	1
R3000 - R3499	f	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0
R3500 - R3999	g	0	0	1	0	0	0	1	0	0	0
R4000 - R4499	h	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0
R4500 - R4999	i	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
R5000 en meer	j	0	0	2	0	2	0	0	0	0	0
	k	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Geen antwoord		5	7	7	3	6	3	5	1	7	5
		12	7	20	3	15	4	9	2	22	6
		19		23		19		11		28	

1. Gegewens verkry uit vraelys.

Hierdie onwilligheid om die vraag te beantwoord en die onbetroubaarheid van sekere antwoorde is toe te skryf aan die feit dat die lede van die toetsgroep ten opsigte van hierdie vraag uiters wantrouig was. Die toetsopnemer moes herhaaldelik die versekering gee dat daar nie sprake is van inligting aan ander instansies te verstrek nie. Die indruk is verkry dat die gemiddelde inkomste veel hoër is as wat aangegee is.

### 2.5.7 Redes vir immigrasie

Die drie hoofredes vir immigrasie na die Republiek sentreer om die ekonomies-sosiale lewe van die immigrant en sy kinders: 40% verklaar dat hulle geïmmigreer het weens finansiële probleme; 16% wou beter toekomsmoontlikhede vir hul kinders skep en 38% wou immigrereer omdat hulle reeds familie in die Republiek gehad het. Die ander 6% het weens werkloosheid in die land van herkoms na die Republiek gekom. 62% van die toetsgroep het dus om finansiële redes na die Republiek geïmmigreer. Hiervan kan sekere tentatiewe afleidings gemaak word van die onwilligheid van die toetsgroep om gegewens t.o.v. finansiële aangeleenthede aan die toetsafnemer te verskaf - die immigrant se probleem is dat hy aan sy nuutgevonde lewensmiddele wil vashou en soveel as moontlik daarmee wil vermag. Hy het miskien nog nie die gevoel van verpligting teenoor sy nuwe land en staat nie.

Hierby moet egter gevoeg word dat 71% van die toetsgroep heeltemal tevrede was met die stelsel van inkomstebelasting, en dat veral die ouer garde gevoel het dat die staat moet kry wat die staat toekom. Dit is opvallend dat slegs 'n klein persentasie Portugese immigrante se vroue werk. Slegs 10 (12.8%) van die 78 mans in die groep se vrouens het ook gewerk. Hierdie syfer is besonder laag.

Dit kan deur die volgende verklaar word :

- 1) die peil van onderwys is laag;
- 2) die vrou bly tuis en versorg die kinders;
- 3) die man verdien genoeg om in die behoeftes te voorsien;
- 4) weens 'n algemene laer lewenspeil is 'n hoë inkomste onnodig.

Die werkende vroue is die wat in die groentewinkels van hul mans help. Hulle help selfs ook op die landerye met die kweek van die groente.

Wanneer van inskakelingsvatbaarheid gepraat word, word daar gesoek na aanknopingspunte wat die vreemde en nuwe land vir die immigrant meer aanvaarbaar sal maak. Een so 'n aanknopingspunt is die eendersheid van die arbeid wat in die land van herkoms verrig is, en die arbeid wat in die nuwe land verrig word. Die steekproef het getoon dat 58% van die toetsgroep dieselfde arbeid in die Republiek verrig as wat hulle in hul land van herkoms verrig het.

Professor Erika Theron verklaar dat ekonomiese inskakeling by immigrante baie gouer plaasvind as kulturele inskakeling, aangesien minder verandering en instelling van rolle daarby betrokke is.<sup>1)</sup>

Dit blyk dus dat die Portugese immigrant geneë is tot inskakeling, of anders gestel, dat hy inskakelingsvatbaar is t.o.v. sy ekonomiese lewe. Hy doen meestal dieselfde soort werk as in sy land van herkoms; hy is ekonomies produktief en sorg dat hy 'n goeie inkomste het sodat hy sy gesin kan onderhou.

---

1. Theron, E. Die inskakeling van die immigrant in die gemeenskapslewe van ons land, p. 15.

Die Portugese immigrant is ook tevrede met die tipe arbeid wat hy verrig en besef dat hy nie kwalifiseer om n ander werk te doen nie. 45% van die groep dink dat hulle nie die kwalifikasies besit om n beter posisie te beklee nie en slegs 37% streef na n beter posisie deur van werk te wil verander. 77% is tevrede met hul kwalifikasies, terwyl 15% hul kwalifikasies wil verbeter.

Wat werkgeleentheid betref, het die Portugese immigrant blykbaar geen probleem nie. 74% het geen probleem ondervind om geplaas te word nie, terwyl slegs 26% aanvanklik probleme t.o.v. arbeid ondervind het. Die grootste struikelblok was dat 8% van hulle nie geweet het waar om werk te kry nie.

Die Portugese immigrant word by sy aankoms meestal uitgeplaas by ander Portugese gesinne wat hom help totdat hy n werk gevind het. Dit verklaar grotendeels die gebrek aan probleme by die plasing in n werk en slegs 5% van die groep was ongelukkig in hul arbeid.

Dit kom dus voor asof die Portugese immigrant redelik maklik opgeneem word in die Republiek se arbeidsmark, en asof hyself geen probleme veroorsaak m.b.t. die arbeid nie.

Dit is moeilik om die mate van sukses van die immigrant in die arbeid te meet. Sekere afleidings kan egter wel gemaak word op grond van die aantal kere waarop so n immigrant van werk verander.

Tabel 6 Hoeveelheid kere van werk verander<sup>1)</sup>

	1 - 2jr.		3 - 5jr.		6 - 8jr.		9 - 11jr.		+ 11 jr.	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
a.	4	0	7	1	3	3	2	2	3	1
b.	1	0	3	0	4	1	1	0	3	1
c.	2	0	3	0	1	0	2	0	2	1
d.	0	0	0	0	1	0	0	0	1	0
e.	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0
f.	0	0	0	0	0	0	1	0	4	0
g.	5	7	7	2	6	0	3	0	7	3
	12	7	20	3	15	4	9	2	22	6
	19		23		19		11		28	

1. Gegewens verkry uit vraelys.

Uit bogenoemde gegewens blyk dat 40% van die toetsgroep glad nie van werk verander het nie, terwyl n verdere 38% slegs een of twee keer van werk verander het. Slegs 5% het meer as 5 keer van werk verander. Wanneer die groep van 28 toetspersone wat langer as 11 jaar in die Republiek is, bestudeer word t.o.v. werkverandering, word dieselfde neiging as vir die hele groep gevind. 10 (35.7%) het glad nie van werk verander nie, terwyl 8 (28.5%) een of twee keer van werk verander het. Slegs 4 (14.2%) het meer as 5 keer van werk verwissel.

Die Portugese arbeider is dus uiters stabiel in sy arbeid in terme van arbeidsmobiliteit. Die Portugese immigrant het dus alreeds ekonomies ingeskakel by sy nuwe omgewing in so n mate dat hy gelukkig is en aanbly.

Die produktiwiteit van immigrantearbeid hang af van die individuele immigrant. n Ongeskoolde immigrant se ar-

beidswaarde kan slegs gemeet word aan die ooreenstemmende arbeidswaarde van 'n ongeskoolde landsburger. In die V.S.A. byvoorbeeld het Meksikaanse immigrante uiters goed aangepas by die vrugteboerdery, wat handarbeid behels het. Dit bewys o.a. dat plasing in 'n beroep ernstige implikasies kan hê en dat keuse en 'n sekere mate van aanleg of vaardigheid belangrik is, want „we ... note that immigrant labor is productive in that its relative mobility is economically advantageous for some kinds of work".<sup>1)</sup> Ook die Portugese immigrant kan geplaas word waar hy benodig word.

Oor die algemeen pas die Portugese immigrant uiters goed in in die algemene arbeidsraamwerk. Veral in sy rol as voorsiener en verkoper van vrugte vul hy 'n leemte, en daarin is hy gelukkig. Die agtergrond in sy land van herkoms bekwaam en laat hom kwalifiseer om hierdie tipe arbeid suksesvol te kan verrig.

Die beter gekwalifiseerde Portugese immigrant skakel ook suksesvol by sy arbeidsmilieu in. Hier word verwys na fabriekswerkers, ambagsmanne en twee ingenieurs wat binne die groep geval het.

'n Groot aantal nl. 71% het ook die stabiele werkperiode betree want „a trial job refers to a job which was held less than three years, whereas a job held for more than three years is stable".<sup>2)</sup>

Toetrede tot die stabiele werkperiode impliseer 'n toetrede tot verantwoordelike en stabiele arbeid. Die implikasie is ook dat so 'n persoon ook op ander terreine in die samelewing verantwoordelik en stabiel sal optree.

- 
1. Taft, D.R. Op. cit., p. 181.
  2. Miller, D.C. en Form, W.H. Industrial Sociology, p. 701.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die inskakelingsproses plaasvind gedurende die stabiele werkperiode en by name eerstens op die ekonomiese gebied, maar brei uit na die ander samelewingsterreine d.m.v. wisselwerking<sup>1)</sup> tussen arbeidsgenot en persone met wie hulle in aanraking kom, wat dien as katalisator vir hierdie proses.

## 2.6 Samevatting en eie opvatting

Die Portugese immigrant se probleem met inskakeling lê nie binne sy eie groep nie, maar daarbuite. Hierdie afleiding kan gemaak word deurdat die Portugese immigrant dadelik binne sy eie groep ingeskakel word te wete, in die huislike lewe en die arbeidsomgewing. Ook word hy op allerlei maniere bygestaan en van raad bedien sodat hy homself kan aanpas en inskakel by die omstandighede in sy nuwe land.

---

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 31.



## HOOFSTUK 3

### DIE INVLOED VAN ENKELE SOSIO-EKONOMIESE FAKTORE WAT DIE INSKAKELINGSVATBAARHEID BY DIE GROEP PORTUGESE IMMIGRANTE BEPAAL

#### 3.1 Inleiding

Nadat enkele van die vernaamste begrippe ontleed is, moet aandag gegee word aan die sosio-ekonomiese faktore wat immigrante se behuising betref, soos adresverandering, geskiedenis en andere, omdat dit faktore is wat invloed uitoefen op die inskakelingsvatbaarheid van die groep Portugese immigrante.

#### 3.2 Die invloed van sosio-ekonomiese faktore op behuising van immigrante

Die karakter van 'n stad word oor die algemeen bepaal deur die groot aantal inwoners en wanneer 'n vermeerdering van inwoners plaasvind, vind 'n tweeledige verandering plaas:

- 1) die bevolkingsdigtheid neem toe en
- 2) die grense van 'n stad brei uit.

So 'n vermeerdering van inwoners geskied nie slegs aan die stadsgrense nie; die bevolking neem toe in alle gebiede en in al die inkomstegroeppe. Die gevolg is dat wanneer 'n sekere dorpsgebied te dig bevolk raak, hy na die kante uitbrei en homself vergroot. Hierdie uitbreidingsproses is tans besig om in die groot stede en dorpe van die Republiek van Suid-Afrika plaas te vind en is deels te wyte aan immigrasie.

Wanneer immigrante na 'n land stroom, is die neiging om hulle in sekere woongebiede, in 'n stad of stede te vestig. Dit is hierdie woongebiede wat dan uitbrei.

Ook in die V.S.A. het sosioloë hierdie besondere gevolg van immigrasie in hul stede waargeneem. Quinn verklaar: „To the extent that the population of any nonperipheral subarea increases so that it expands in size, it pushes against and invades one or more adjacent areas. These partially displaced areas in turn push against other areas or expand outward into unoccupied territory. In this manner, the growth of population in inlying areas sets up a general process of urban expansion that affects the location, the shape, and possibly the size of most of the population areas of the city".<sup>1)</sup>

Hierdie aspek van stedelike ontwikkeling berus eerstens op kwantitatiewe vermeerdering van getalle. 'n Stad ontwikkel vinniger volgens bogenoemde patroon wanneer daar 'n groot invloei van immigrante is. Die ekonomiese peil van die oorgrote meerderheid immigrante wat 'n stad binnekom, is laer as die gemiddelde ekonomiese peil van die inwoners van die stad. Gevolglik sal die nuwe inwoners (immigrante) hulle vestig in die minder gegoede (of ouer) dele van die stad. Namate die nuweling sy lewenspeil verhoog, verskuif hy na ander, meer gegoede gebiede, en andere neem weer sy plek in.

„As each low-level migrant group has prospered economically and been assimilated culturally, it has become ripe

---

1. Quinn, J.A. Urban Sociology, p. 118.

for displacement by another wave of in-migrants".<sup>1)</sup>

Dit wil dus voorkom asof sekere woongebiede in n stad dien as afspringplek vir aankomende immigrante. Hiervandaan versprei hulle gaandeweg in die mate wat hulle hul voete vind en ingeskakel word by hulle nuwe omgewing.

n Ander neiging is dat die immigrante hulle graag vestig in n gemeenskap waarin hulle tuis voel. Hulle vestig hulself dus in gemeenskappe waar daar n konsentrasie mense van hul eie volksgroep woon. Hierdie verskynsel van groepsvestiging kom algemeen voor in alle lande van die wêreld, en onder alle rasse-groepe. Hier word byvoorbeeld gedink aan die Sjinese, Pole en Puerto-Rikane in Amerika, en die Nederlanders, Duitsers en Portugese (om maar enkeles te noem) met hulle onderskeie klubs in Suid-Afrika.

Daar vind dus n opeenhoping van immigrante van dieselfde nasionaliteit plaas in sekere woongebiede.<sup>2)</sup> Dit lei tot allerlei probleme soos behuising, voorsiening van geriewe, opvoeding, werkverskaffing en vervoer. Dit kan lei tot ongesonde lewensomstandighede en uitbuiting van die immigrant, wat hom heeltemal vreemd voel in n nuwe, vreemde omgewing, en wat n aanbieding van hulp sal aangryp, onbewus daarvan dat hy benadeel word. Dit is daarom nie vreemd dat n immigrant verkies om tussen sy eie mense te gaan woon nie.<sup>3)</sup>

Die volgende redes hiervoor kan genoem word:

- 
1. Isaac, J. Op. cit., p. 119.
  2. Ibid., p. 152.
  3. Taft, J. Op. cit., p. 152.

- i) die immigrant soek na iets bekend in 'n vreemde land;
- ii) hy ontvang hulp van immigrante van dieselfde nasionaliteit as hyself;
- iii) hy is totaal vreemd en geïsoleer van die landsburgers, en gevolglik hou hy vas aan die vriende wat saam met hom geïmmigreer het en die vriende wat alreeds in die land is;

„In 'n vreemde omgewing waar vreemde ondervindings op 'n immigrant wag, is dit vir hom van die uiterste belang om veilig te voel en nie eensaam te wees nie, en dit kan hy die beste vind binne 'n bekende groepverband“;<sup>1)</sup>

- iv) weens die onmag van die nuwe immigrant om die taal van die nuwe land te praat, soek hy na iemand met wie hy in sy eie taal 'n gesprek kan voer;
- v) ekonomiese redes dwing die immigrant om hom in sekere gebiede te vestig;<sup>2)</sup>
- vi) weens sosiaal - kulturele redes is 'n immigrant geneig om hom in 'n gebied te gaan vestig waar persone van dieselfde sosio-kulturele agtergrond woon.

„Net soos ondernemings van kommersiële of industriële aard hulleself konsentreer in bepaalde wyke van die stad om sodoende spesifieke funksionele areas te vorm, net so ook openbaar individue die neiging, in die vorm van woonbuurtkeuse, om hulleself te vestig in gebiede wat reeds bebou word deur mense van gelykstaande ekonomiese, sosiale en kulturele peil“.<sup>3)</sup>

- 
1. Van Staden, R.P. Immigrasie na die Republiek van Suid-Afrika vergeleke met Kanada en Australië oor die tydperk 1925 - 1961 p. 56.
  2. Quinn, J.A. Op. cit., p. 119.
  3. Nel, A. en Van Zyl, J.A. Stad en Dorp, p. 99.

Daar bestaan n natuurlike neiging by alle immigrante om saam te staan teen vreemde invloede en elemente wanneer hulle in n vreemde land aankom. Die afbreking van die skans van eie volksidentiteit wat hulle met hulle saamgebring het, mag n langer of korter tydperk neem, afhange van omstandighede in die nuwe land.

Een van die probleme sover dit behuising betref, is dat die immigrante in n sekere woongebied n oningskakelde groep mag vorm. Gaandeweg mag hierdie groep in die tweede of derde geslag ingeskakel word, maar die inskakelingsvatbaarheid van n feitlik „geslote” groep immigrante is baie minder as wanneer die immigrante verspreid tussen landsburgers woon.

Inskakeling geskied gewoonlik in twee fases. Die groep moet as geheel aanpas en inskakel by bedrywighede wat om hom plaasvind. Die individu in die groep moet homself gaandeweg vind in sy nuwe omgewing, en, namate hy die nuwe taal aanleer en in wisselwerking kom met die landsburgers, homself (en sy gesin) meer en meer inskakel by die gewoontes en kultuur van sy nuwe land.<sup>1)</sup>

Hy moet homself dus meer vatbaar maak vir inskakeling namate hy meer bekend raak met sy omgewing. Hiervan sê Mannheim: „... the single member of the group does not act according to his immediate personal interests, but as a member of the whole social body. It is mainly his feeling of weakness and isolation in hostile surroundings which makes him subject his personal wishes to the requirements of the group”.<sup>2)</sup>

- 
1. Taft, D.R. Op. cit., p. 279.
  2. Mannheim, K. Diagnosis of our Time, p. 80.

Hier het ons te make met die wedersydse houding en interaksie tussen die landsburger en die immigrant. Laasgenoemde sal gouer voel dat hy nie die hulp en beskerming van die groep nodig het nie, indien die landsburger vriendelik en hulpvaardig is teenoor hom. Anders gestel: die moontlikheid tot inskakelingsvatbaarheid vir die individuele immigrant is direk eweredig met, en afhanklik van die verhouding tussen die landsburger en die immigrant.

Die vreemde omgewing in 'n nuwe land kan makliker leer ken word met die hulp en bystand van vriendelike en tegemoetkomende landsburgers.

Die aanpassing deur middel van die groep speel 'n groot rol. Daarom is die ideale metode om 'n immigrant tot inskakelingsvatbaarheid te beweeg, die een waar hy in aanraking kom met sy eie groep en ook met die landsburgers. Sodoende pas hy aan, en skakel hy in as lid van die groep en as enkeling en eers na binne, d.w.s. by die mense van sy eie nasionaliteit en daarna na buite - by mense van ander nasionaliteite - die landsburgers.

Maurette en Siewers het in 'n ondersoek in Brasilië gevind dat groepsvestiging bydra tot die spoedige inskakeling van immigrante.

„Far from delaying assimilation, the settlement of groups belonging to the same nationality - provided, of course, that it does not take place on too large a scale - is more likely to promote it, for besides the question of linguistic and social assimilation there is also that of adaptation to new living conditions, a process which is sometimes very difficult and in any case more urgent".<sup>1)</sup>

- 
1. Maurette, F. & Siewers, E. Immigration and Settlement in Brazil, Argentina and Uruquay. International Labour Review. (Feb. Maart, 1937).

Die beweging in die rigting van inskakelingsvatbaarheid begin dus by die basiese, nl. die huisvesting en die versorging van die liggaam. Vandaar beweeg die gedeeltelik - ingeskakelde persoon dan na die ander, meer abstrakte terreine.

n Immigrant wat gelukkig gehuisves is en dus veilig voel ten opsigte van sy onmiddellike versorging, kan begin belangstel in die sosiaal - kulturele aspekte van sy onmiddellike omgewing en sy nuwe land, d.w.s. in wyerwordende kringe. Die individuele immigrant word dus meer vatbaar vir inskakeling wat dan ook op alle gebiede vinniger plaasvind.

Die teenoorgestelde is egter ook waar. Indien n immigrant ontuis en onveilig voel sal sy inskakelingsvatbaarheid verminder tot n minimum, en mag hy selfs sy nuwe land en die inwoners daarvan vyandiggesind word.

Die individuele immigrant bly nie vir n onbepaalde tyd in isolasie binne sy groep nie. Deur sy werksaamhede as individu en ook as lid en deel van sy groep, kom hy in kontak met die inwoners van sy nuwe land waardeur sy inskakelingsvatbaarheid verhoog word.

J.W. Tretz<sup>1)</sup> het n navorsingsprojek na die groepsvestiging van sekere Duitse en Japannese volksgroepe in Paraguay, Suid-Amerika, onderneem. Hy verklaar ondermeer dat die sosio-ekonomiese aspek van behuising wel n bepalende faktor vir inskakelingsvatbaarheid is aangesien dit hierdie proses kan verlaag of verhoog namate dit ongunstig of gunstig is. Dit kom daarop neer dat: „where migrants fit

1. Tretz, J.W. Immigrant Group Settlements in Paraguay, p. 177.

into the pattern of life of the natives and where they supply services needed and wanted by the community, they are seldom considered outsiders for any great length of time, nor do they long remain hostile to the customary community controls in their new homes".<sup>1)</sup>

Indien die immigrant dus 'n diens lewer aan die hele gemeenskap, beteken dit dat daar 'n wedersydse aanvaarding tussen die immigrant en die landsburger sal wees. Hierdie gevoel van aanvaarding kan later uitbrei en bydra tot inskakelingsvatbaarheid.

Teen hierdie agtergrond moet daarop gewys word dat tydens die onderhoude wat met immigrante gevoer is, sommige van mening was dat die woonkamers van 'n sekere huis kleiner is as die kamers van die huis wat in Madeira bewoon is. Daar word egter nie melding gemaak van die tipe huis, aantal kamers, en waarde van die huis in Madeira nie. Ook in die V.S.A. is probleme deur immigrante ondervind: „Living conditions also constitute a problem to the immigrant. In the United States the influx of immigrants for several decades has usually been to the overcrowded sections of the population centers. The immigrant finds that congested housing in a big city is more serious than poor housing in the rural area from which he has come".<sup>2)</sup>

Ook die Portugese immigrante vestig hulle in sekere gebiede aan die Witwatersrand. Dit is opmerklik dat die Portugese konsentreer op sekere voorstede van die stad.

Hulle woon ook meestal in huise, en nie in hotelle of woonstelle nie. 96% van die proefpersone het tydens die ondersoek in huise gewoon. Hierdie verskynsel is ook in

- 
1. Thompson, W.S. Population Problems, p. 312.
  2. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 328.



ander stede aangetref. In die ondersoek van Van Rensburg<sup>1)</sup> in Bloemfontein is gevind dat 48% van die proefpersone (Portugese immigrante) hulle intrek in woonhuise geneem het. Huurgeld moet nie te hoog wees nie en daarom is dit vir die Portugese immigrant met sy groot gesin beter om in 'n ouerige huis met lae huur sy intrek te neem as in 'n klein woonstel met 'n hoë huurgeld. Ook woon die Portugese immigrant dan tussen ander Portugese.

Die grootste opeenhoping van Portugese immigrante vind in Johannesburg plaas. Geen betroubare syfers is beskikbaar nie, maar na raming moet daar sowat 60 000 Portugese in Johannesburg woon.<sup>2)</sup> Hoeveel van hulle immigrante is, is nie bekend nie.

Wat wel bekend is, is dat hulle hulleself as 'n groep gevestig het, en dat sekere woonbuurtes feitlik heeltemal deur Portugese oorgeneem en uitkoop is.

Hierdie voorstede wat deur Portugese immigrante bewoon word, staan gesamentlik bekend as „klein Portugal“. Eienaardig genoeg word dieselfde benaming gebruik vir die gedeelte van Bloemfontein waarin die Portugese immigrante hulle intrek geneem het.

„By die Portugese word 'n opsigtelike saamtrek ðf in die sentrale stadsgebied, ðf in die stadsarea, Westdene, waargeneem. As die adresse van hierdie betrokke Portugese huisbewoners ontleed word, bemerk ons dat net sekere dele van die twee genoemde areas by uitstek betrek word ....

- 
1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 146.
  2. Anon. Hier lê klein Portugal. Dagbreek en Sondagnuus 22 (21) 11 kol. 1 - 8, 24 November 1968.

Die bevinding is verder ook dat die verskaffers van huurkamers en losies aan die genoemde lede, in hoofsaak Portugese is, wat ook hulle huise in die gemelde areas het. Dit bring die persentasie Portugese wat in hierdie areas, en dan veral die twee kleiner gebiede daarbinne (woon), op 'n baie hoër vlak te staan. Hierdie konsentrasietoestand word baie duidelik weerspieël in een van die betrokke areas waar die ondersoeker vyf afsonderlike gesinne binne een straatblok aangetref het; tereg bestempel die bewoners van daardie kolletjie hulle dan ook as die „Small Portugal". In kiem is die neiging tot ghetto-vorming en die saamtrek in semi-gemeenskappe dus baie duidelik by die Portugese te bespeur".<sup>1)</sup>

Op die aangehegte kaart<sup>2)</sup>, van 'n gedeelte van Johannesburg, kan duidelik gesien word hoe 'n groot gedeelte van Johannesburg deur die vestiging en uitbreiding van Portugese huisaankope beïnvloed word. Dit vind veral plaas in die ouerige woongebiede soos La Rochelle (± 90% Portugese), Turffontein, Regentspark, Troyeville, Booysens, Suid-Heuwels, Bertrams, Judiths' Paarl, Bezuidenhoutsvallei, Doornfontein en Jeppestown.

Die meeste van hierdie woongebiede grens aan mekaar en die afleiding kan dus gemaak word dat, namate die konsentrasie van inwoners in een woongebied te groot word, daar uitgebrei word na 'n aangrensende woongebied. Regents Park staan ook alreeds bekend as „klein Lissabon".

Die aankope van eiendom geskied in sommige gevalle op 'n uiters interessante wyse, byvoorbeeld:

- 
1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 151.
  2. Kaart - Kyk bylae 2.

- i) gesinne dra geld by en koop gesamentlik 'n huis waarin hierdie gesinne dan woon;
- ii) een persoon koop 'n huis en dan neem hy Portugese lo-seerders in, wat dan sodoende die huis vir hom help betaal. Op hierdie manier kan een Portugese immigrant later meer as een huis besit.

### Konsentrasie

In bogenoemde gevalle beteken dit dus dat „daar maklik tot drie gesinne in een huis bly“. <sup>1)</sup>

Hier kan duidelik gesien word dat die immigrante binne hul groep aan mekaar hulp verleen op alle moontlike maniere en hierdie hulp is hoofsaaklik daarop gemik om mede-Portugese immigrante so gou moontlik sosiaal-ekonomies gevestig te sien.

Wanneer die behuisingstoestande in bv. Madeira nagegaan word, word gevind dat behuising oor die algemeen swakker is as in die woongebiede aan die Rand waarin hulle hul intrek neem.

Die woongebiede wat hierbo gemeld is, staan bekend as van die ouer, meer verwaarloosde en dus goedkoper woongebiede in Johannesburg. Dieselfde kan gesê word van die ander dorpe en stede aan die Witwatersrand. Die Portugese immigrant koop 'n verouderde, verwaarloosde huis in een van die ouer woongebiede en verander en hernu dan daardie huis. Volgens Mnr. Smith is daar 'n definitiewe verbetering aan die huise en dus die woonbuurt as 'n geheel, wanneer die Portugese immigrant sy huis goed ingerig het.

---

1. Inligting verkry in 'n onderhoud met Mnr. Smith.

Dit is interessant om te merk dat sommige van die woongebiede in Johannesburg wat deur Portugese immigrante bewoon word, daardie is wat in die sogenaamde „vervalsone“ (,blight') van die stad is en word soos volg beskryf deur Fairchild:-

„An area usually but not necessarily residential which has lost use value to such an extent that it can no longer return economic rents, pay fair taxes, and provide for fundamental repairs. Because of the resulting deterioration it tends to fall at an accelerating rate toward slum status but is not properly a slum until it has passed the point of economical rehabilitation without extensive demolition and clearance".<sup>1)</sup>

In hierdie opsig verdraag en verhoed die Portugese immigrante die proses waardeur hierdie woongebiede sou verander na slum-agterbuurtes.

Ook in Bloemfontein is die tendens en neiging van die Portugese immigrant om:

- i) in groepe te woon/en
- ii) in die ouer woonbuurtes saam te groepeer.

„Die oorgrote meerderheid van die Portugese se huise val binne die sentrale stadsgebied, of dan in die area aangrensende aan die sentrale stadsgebied; slegs een huis ressorteer buite hierdie gemelde areas. Nou moet in gedagte gehou word dat die oudste huise in Bloemfontein juis in hierdie areas val, en dat die mindergegoede stadsbewoners in hierdie areas hul huise het".<sup>2)</sup>

- 
1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 14.
  2. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 149.

Tabel 7      Plek van verblyf<sup>1)</sup>

Plek van verblyf		1 - 2 jr.			3 - 5 jr.			6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 + jr.			Totaal		
		M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
Ouers	a	1	4	5	4	1	5	0	1	1	1	0	1	3	0	3	9	6	15
Koshuis	b	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	2	0	2
By vriende	c	4	0	4	1	0	1	1	0	1	0	0	0				6	0	6
Saam met ander familie	d	2	0	2	3	0	3	5	0	5	0	0	0	4	0	4	14	0	14
Hotel	e	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	1	0	1
Losieshuis	f	1	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0
Eie huis	g	4	3	7	11	2	13	9	3	12	8	2	10	3	6	9	45	16	61
		12	7	19	20	3	23	15	4	19	9	2	11	22	6	28	78	22	100

1. Gegewens verkry uit vraelys.

### 3.3 Ontleding van gegewens t.o.v. behuisingsomstandighede ingewin deur middel van onderhoude met die proefpersone

Daar is reeds gemeld dat die neiging by die Portugese immigrante bestaan om by hul aankoms in sekere woongebiede gevestig te raak en dit resulteer in die aankoop of huur van 'n huis spoedig na die aankoms van die immigrant. Daar is gevind dat sewe (36.4%) van die negentien proefpersone wat minder as twee jaar in die Republiek woon, reeds in 'n eie huis woon; vyf of (26.3%) woon by hulle ouers, terwyl ses (31.5%) by vriende of ander familieledede inwoon. Slegs een (5.8%) woon in 'n losieshuis. Die nuwe immigrante aan die Witwatersrand word dus opgeneem in die Portugese gemeenskap, en slaag betreklik gou daarin om 'n eie woonplek te bekom.

Die groep Portugese immigrante (proefpersone) wat tussen 3 - 5 jaar in die Republiek woonagtig is, het dieselfde patroon t.o.v. behuising getoon as die 1 - 2 jaar groep. Dertien (56.5%) van die drie-en-twintig proefpersone in hierdie groep het alreeds huise bewoon, ses (26.1%) het by hul ouers ingewoon, terwyl vier (17.4%) by vriende of familieledede gewoon het. Een van die proefpersone het in 'n koshuis gewoon, maar vir die doel van hierdie ondersoek kan hierdie proefpersoon ook ingeskakel word by die groep wat nog by hul ouers inwoon.

Die syfers vir die 6 - 8 jaar groep volg weereens dieselfde patroon as die syfers vir die vorige groepe, behalwe vir die feit dat die persentasie huisbewoners (eienaars?) vergroot. Twaalf (63.1%) van die negentien proefpersone in hierdie groep bewoon hul eie huise, terwyl een by sy ouers inwoon. Indien hy by die twaalf getel word, skuif die persentasie proefpersone wat huisbewoners is, op 68.1%. Ses

(31.9%) woon in by vriende of familieledede.

Die proefpersone wat binne die 9 - 11 jaar tydperk van verblyf val, woon 100% in huise. (Een van die proefpersone is n skolier wat by sy ouers inwoon).

Van die agt-en-twintig proefpersone wat langer as elf jaar in die Republiek woon, woon negentien (67.8%) in huise. Hierby kan drie proefpersone gevoeg word wat by hul ouers inwoon, om die getal op twee-en-twintig (78.5%) te staan te bring. Vier proefpersone (14.2%) woon by vriende of familie in, terwyl twee (7.3%) (een in n koshuis en een in n losieshuis) elders woon.

Wanneer die gegewens van die honderd proefpersone geneem word, word die volgende gevind:

i)	Portugese immigrante wat in huise woon (kinders wat by hul ouers inwoon) ingesluit .....	76%
ii)	Portugese immigrante wat by vriende of ander familieledede inwoon .....	20%
iii)	Portugese immigrante wat in hotelle, koshuise en losieshuise inwoon .....	4%
	TOTAAL .....	100%

Dit blyk dus dat die Portugese immigrant homself na sy aankoms in die Republiek geweldig gou voorsien van n permanente woonplek. Dit dui op die feit dat:

- i) die gevestigde Portugese inwoners in die Republiek enige nuwe aankomelinge bystaan en help om hulle te vestig;
- ii) daar meer lewensmoontlikhede in die Republiek is vir die Portugese immigrant as in sy land van herkoms;
- iii) die Portugese immigrant gevestig raak in sy nuwe omgewing en homself suksesvol inskakel by sy onmiddellike omgewing op sosio-ekonomiese gebied.

Hierdie suksesvolle inskakeling t.o.v. sy onmiddellike omgewing stimuleer in 'n groot mate die inskakelingsvatbaarheid op ander gebiede.

Tabel 8 Lengte van verblyf in 'n sekere woning<sup>1)</sup>

0 - 2 jaar	40
3 - 5 jaar	22
6 - 9 jaar	18
10 - 13 jaar	9
14 - 17 jaar	8
18 - 20 jaar	3

1. Gegewens verkry uit vraelys.

60% van die Portugese immigrante met wie onderhoude gevoer is, het vir langer as drie jaar op een plek gewoon, terwyl 38% langer as ses jaar op een plek gewoon het. Hierdie gegewens dui op 'n stabiliteit t.o.v. behuising. Daar is geen oormatige sosiale mobiliteit by die Portugese immigrant te bespeur nie. Hierdie gebrek aan mobiliteit impliseer op sy beurt stabiele werksomstandighede, tevredenheid en 'n groot mate van inskakelingsvatbaarheid op ander terreine, aangesien die neiging vir inskakeling altyd vanaf die bekende na die onbekende is.

3.4 Verandering van adres

Die moontlikheid vir verandering van adres is groter tydens die beginjare in 'n nuwe land. Die rede hiervoor is dat die immigrant nog nie gevestig is nie en rondsoek na geskikte huisvesting en 'n goeie betrekking.

Hierteenoor kan gestel word dat die waarnemingstydperk



korter is en die immigrant dus minder tyd het om van woonplek te verwissel.

Indien daar aan die hand van die inligting<sup>1)</sup> gepoog word om horisontale mobiliteit vas te stel, kan gesien word dat:

- i) 24% van die proefpersone uit al die groepe glad nie van woonplek verwissel het nie;
- ii) 22% van die proefpersone slegs een keer van woonplek verwissel het;
- iii) 'n verdere 20% twee keer van woonplek verwissel het; en
- iv) slegs 34% van die proefpersone het meer as twee keer van woonplek verwissel.

Die redes vir die verandering van woonplek is nie duidelik aangetoon nie, dog sekere afleidings kan wel gemaak word:

- i) verandering van woonplek vind plaas wanneer beter woongeriewe nader aan die immigrant se werk gevind word;
- ii) die lokaliteit van geskikte skole vir skoolgaande kinders en die bereikbaarheid van die kerk is oorewegings by verandering van woonplek;
- iii) sukses op ekonomiese gebied laat 'n immigrant trek na 'n beter omgewing.

Daar is egter 'n probleem t.o.v. die mobiliteit van die Portugese immigrant. Die feit dat daar min horisontale mobiliteit onder die Portugese immigrante voorkom, veroorsaak dat die intensiteit van kontak en wisselwerking met

---

1. Kyk tabel 9.

Tabel 9      Frekwensie t.o.v. adresverandering<sup>1)</sup>

	1 - 2 jr.			3 - 5 jr.			6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 + jr.			Totaal		
	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
een keer	3	2	5	7	2	9	3	0	3	3	1	4	1	0	1	17	5	22
twee keer	2	0	2	3	1	4	6	1	7	1	1	2	3	2	5	15	5	20
drie keer	1	0	1	6	0	6	1	1	2	3	0	3	5	2	7	16	3	19
vier keer	1	0	1	0	0	0	2	0	2	0	0	0	3	0	3	6	0	6
vyf keer	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	1	4	0	4	5	0	5
ses keer	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	0	1	0	0	0	1	1	2
sewe of meer kere	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0	2	2	0	2
geen keer	5	5	10	4	0	4	3	1	4	0	0	0	4	2	6	16	8	24
	12	7	19	20	3	23	15	4	19	9	2	11	22	6	28	78	22	100

1. Gegewens verkry uit vraelys.

die landsburgers baie laag kan wees. Dit kan die inskake-  
lingsvatbaarheid van die immigrant verminder, wat ongewens  
sou wees.

Die meerderheid van die Portugese immigrante voel dade-  
lik na hul aankoms tuis in die nuwe omgewing vanweë die  
verklaring van agt-en-sestig (73.9%) van die proefpersone  
dat hulle deur persone in hulle omgewing verwelkom is.  
Vier-en-twintig (26.1%) het geantwoord dat hulle nie deur  
hulle bure verwelkom is nie. Agt persone het nie op hier-  
die vraag gereageer nie.

Die hulp wat aan nuwe aankomelinge verskaf is, het die  
volgende ingesluit:

- i) die vroue het mekaar gehelp om inkopies te doen  
(waarheen om te gaan, hoeveel om te betaal, ens.);
- ii) die nuwe intrekkers is genooi om 'n maaltyd by ge-  
vestigde inwoners te nuttig;
- iii) hulle is van raad en hulp bedien t.o.v. die vind  
van geskikte skole vir hulle kinders;
- iv) hulle is gehelp om in aanraking te kom met ander  
Portugese immigrante;
- v) 'n groot aantal is gehelp om met ander bure en  
Suid-Afrikaanse burgers in die gemeenskap in aan-  
raking te kom en
- vi) ook om met hulle kerk in aanraking te kom.

Daar is dus aanduidings dat die Portugese immigrante  
die geleentheid het om so gou moontlik op alle terreine  
van die Suid-Afrikaanse lewenswyse in te skakel. Die ge-  
leentheid word gebied deurdat die Portugese immigrante  
goed aan- en inpas op die gebied van behuising.

Wat betref die besteding van geld aan behuising, het die ondersoek aan die lig gebring dat ongeveer een derde van 'n gesin se inkomste aan behuising bestee word. Nege-en-vyftig van die huisbewoners het verklaar dat hulle  $\frac{1}{3}$  een derde van hulle inkomste aan behuising bestee, terwyl slegs twee huiseienaars meer of minder as 'n derde daaraan bestee.

### 3.5 Behuisingstoestande

Volgens gegewens verkry deur die onderhoude<sup>1)</sup> is gevind dat die immigrante oor die algemeen gevoel het dat die behuisingstoestande in die Republiek net so goed, of beter is, as in hulle land van herkoms. Van die 1 - 2 jaar groep het 14 of (73.6%) gesê dat behuisingstoestande dieselfde of beter is, terwyl 5 nie geantwoord het nie. In hierdie jaargroep het nie 'n enkele immigrant gesê dat behuisingstoestande alhier swakker is as in hulle land van herkoms nie.

Hierdie opinie is deurgaans by die ander jaargroepe gevind. Slegs nege van die totale aantal proefpersone het gevoel dat behuisingstoestande in Suid-Afrika swakker is as die waaraan hulle gewoon was. Interessant is die feit dat vyf van hierdie nege vroue was.

Die feit word daaraan toegeskryf dat vroue oor die algemeen moeiliker afsien van hulle land van herkoms en ook moeiliker inskakel by hulle nuwe land.

42% van die proefpersone beweer dat behuisingstoestande in die Republiek beter is as in die land van herkoms (slegs 4% was vroue). 41% het beweer dat die behuisingstoestande in hulle nuwe land dieselfde is as die toestande in hul land

---

1. Kyk tabel 10.

Tabel 10 Om die houding van die Portugese immigrante t.o.v. hulle behuising vas te stel<sup>1)</sup>

		1 - 2 jr.			3 - 5 jr.			6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 + jr.			Totaal		
		M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
Swakker	a	0	0	0	1	2	3	0	0	0	1	1	2	2	2	4	4	5	9
Beter	b	3	1	4	13	0	13	8	0	8	3	1	4	11	2	13	38	4	42
Dieselfde	c	7	3	10	6	1	7	6	3	9	4	0	4	9	2	11	32	9	41
Geen antwoord		2	3	5	0	0	0	1	1	2	1	0	1	0	0	0	4	4	8
		12	7	19	20	3	23	15	4	19	9	2	11	22	6	28	78	22	100

1. Gegewens verkry uit die vraelys.

van herkoms, terwyl 8% nie op hierdie vraag geantwoord het nie. Slegs vier of (18.1%) van die vroue het gesê die behuisingstoestande in hulle nuwe land is beter as in hulle land van herkoms.

83% van die proefpersone het die behuisingstoestande beter, of dieselfde gevind as in hulle land van herkoms; 8% het nie geantwoord nie, terwyl 9% die toestande swakker as in die land van herkoms gevind het.

### 3.6 Segregasie t.o.v. behuising

67% van die proefpersone het verklaar dat hulle ten gunste van afsonderlike woongebiede vir blank en nie-blank is en sewe persent het verklaar dat hulle daarteen is, terwyl dit vir 26% om't ewe is. Die meerderheid van die proefpersone was dus ten gunste van aparte woongebiede vir blank en nie-blank.

Hierteenoor het 61% verklaar dat immigrante van dieselfde nasionaliteit nie noodwendig bymekaar hoef te woon nie; 21% wou tussen hulle eie mense woon, en 18% het hierdie vraag onbeantwoord gelaat. Volgens hierdie aspek kan afgelei word dat die Portugese immigrante inskakelingsvatbaar is op sosiale gebied m.b.t. inskakeling by burgers van die Republiek van Suid-Afrika. Volgens die resultaat van hierdie ondersoek blyk dit dat daar 'n gunstige klimaat vir inskakeling is. Dit dui ook op die feit dat die Portugese immigrante nie vir 'n onbepaalde tydperk tot hulleself gekeer sal wees nie, maar buite hul groep op ander terreine sal beweeg.

### 3.7 Samevatting

Daar bestaan uiteenlopende opvattinge ten opsigte van die faktore van inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immi-

grante wat in groepe saamwoon en sodoende relatief afgesonder is van die landsburgers.

Die voordele van die vestiging van immigrante in 'n sogenaamde „ghetto” is groot, ons noem o.a. die volgende:

- i) hulle voel meer tuis en het geen wesentlike probleme om aan te pas by hulle onmiddellike omgewing nie;
- ii) hulle is omring deur vriende en persone wat dieselfde taal as hulle praat;
- iii) dit verskaf 'n kulturele anker aan die nuwe immigrante, „which greatly facilitates their adjustment. Without this cultural anchor the immigrant would be demoralized”;<sup>1)</sup> en
- iv) die sametrekking veroorsaak ook dat daar verskeie Portugese immigrantekinders na dieselfde skool gaan, en dat sommige skole genoodsaak word om 'n spesiale onderwyser aan te stel vir die groep immigrantekinders.

Uit die voorgenoemde is daar dus 'n groep sosioloë wat die groepsvestigingsmetode voorstaan maar daar is egter ook daardie groep sosioloë wat die „ghettovestiging” as 'n ongewenste verskynsel beskou en hulle beweer dat:

- i) die eerste geslag immigrante nie ten volle vatbaar raak vir inskakeling by die inwoners van die nuwe land nie: „... assimilation itself is no doubt retarded by the existence of these cultural islands. Within them the newcomer, especially the first-generation arrival, achieves a sense of safety, to be sure, but they stand in the eyes of the majority as evidence of the alien and bizarre and distasteful”<sup>2)</sup>;

---

1. Davie, M.R. Op. cit., p. 477.

2. Mac Iver, R.M. & Page, C.H. Society: An Introductory Analysis, p. 130.

- ii) die immigrant skakel dus nie so gou as moontlik in by sy nuwe land nie, maar val terug in die veiligheid van sy eie groep en sodoende word inskakelingsvatbaarheid na buite tydelik heeltemal verminder;
- iii) die houding van die landsburger teenoor die immigrant word dus ook deur die saamwoon beïnvloed in die sin dat die landsburger die immigrant met suspisie bejeën; en
- iv) die „geslote" houding van die landsburger veroorsaak dan weer 'n afnemende mate van vrymoedigheid tot inskakeling by die immigrant. In hierdie opsig is die saamwoon van immigrantegroepe skadelik vir inskakelingsvatbaarheid.

Ook Van Rensburg bevind na sy ondersoek van Portugese en Britse immigrante in Bloemfontein dat groepsvorming onwenslik is.

„Die Portugese se afsondering in sekere stadsareas en sy besliste neiging tot die vorming van „Small Portugals" bring dus nie alleen geografiese isolasie mee nie, maar veel meer geestelike afsondering en isolasie binne die vreemde sosiale en kulturele konteks; dit is baie beslis skadelik vir die aanpassing van die immigrant".<sup>1)</sup>

In bostaande is egter nie sprake van georganiseerde groepsvorming nie omdat die Portugese immigrante, eerstens saamgroepeer tussen bekendes en omdat hulle finansiële daartoe beweeg word, en daar hier nie sprake is van georganiseerde groepsvorming met die doel dat die groep homself moet beheer deur sy eie leiers nie.

Daar kan dus opgemerk word dat die ongeorganiseerde saam-

---

1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 153.



woon van 'n groep immigrante van dieselfde herkoms, na hul aankoms in 'n vreemde land algemeen voorkom. Hierdie saamwoon in 'n sekere gebied bevoordeel aanvanklik die immigrant t.o.v. sy onmiddellike aanpassing by sy omgewing as stimulus tot inskakelingsvatbaarheid.

Namate die immigrant egter gewoon raak aan sy nuwe land, behoort hy meer kontak te hê met die landsburgers om sodoende opgeneem te word in hulle nuwe sosiaal-kulturele milieu.<sup>1)</sup>

Indien so 'n immigrant te lank in die geslote groep woon, kan dit sy inskakelingsvatbaarheid verminder. Daar moet egter eers 'n aanpassing by sy eie groep wees, met ander woorde, 'n inskakeling na „binne“, sodat die immigrant sy voete kan vind in min of meer bekende omstandighede, voordat die individuele immigrant hom na „buite“ kan wend.

Nadat die immigrant homself na „binne“ ingeskakel het, kan hy met meer vrymoedigheid en openhartigheid sy inskakeling na „buite“ aanpak. Die kulturele en politieke lewensomstandighede waarin so 'n immigrant hom in sy nuwe land bevind, het ook 'n bepalende invloed op sy inskakelingsvatbaarheid. Hieronder val ook die godsdiens en taal van die immigrant. Daar sal vervolgens gepoog word om aan te dui in watter mate bogenoemde bepalend is by die inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immigrant aan die Witwatersrand.

---

1. Woytinsky, W.S. & Woytinsky, E.S. World Population : Trends and Outlook, p. 106.

## HOOFSTUK 4

### DIE INVLOED VAN DIE KULTURELE EN POLITIEKE LEWENSOMSTANDIGHED BY DIE GROEP PORTUGESE IMMIGRANTE WAT DIE INSKAKELINGSVATBAAR- HEID BEPAAL

#### 4.1 Inleiding

Die kulturele en politieke lewensomstandighede by die groep Portugese immigrante is komponente van die sosio-ekonomiese faktore en bepaal in 'n groot mate hulle inskakelingsvatbaarheid. Die proses van inskakeling behels nie 'n summiere en totale aflegging van eie kultuur nie, maar dit geskied stadig of vinnig en hang af van hoe groot die verskil van die land van herkoms en die nuwe is, tussen die onderskeie kulture wat by mekaar moet aanpas.

Die proses van kulturele inskakeling word meegebring deur die aanraking en wisselwerking van 'n ou en bekende kultuur met die nuwe en die verwerking van die twee totdat die nuwe kultuur oorgeneem is as verryking van die eie deur 'n proses van innovasie. So 'n proses geskied geleidelik: In die eerste generasie kan daar slegs van tegemoetkoming tot, en aanpassing by die nuwe kultuur gepraat word. Aan volle inskakeling kan hier nog nie gedink word nie. Die ou en die nuwe kulture is geskei en tyd is nodig om die verskille te oorbrug, dit te verwerk en te integreer.

#### 4.2 Omskrywing van enkele begrippe

##### 4.2.1 Kultuur

„Culture is all the ways of doing and thinking of a group ... Culture is composed of the integrated customs,

traditions and current behaviour patterns of a human group".<sup>1)</sup>

"Culture; a collective name for all behaviour patterns socially acquired and socially transmitted by means of symbols; .... Hence its importance as a sociological concept ... As culture is transmitted by processes of teaching and learning, whether formal or informal, by what has been called 'interlearning', the essential part of culture is to be found in the patterns embodied in the social traditions of the group, that is, in knowledge, ideas, beliefs, values, standards and sentiments prevalent in the group. The overt part of culture is to be found in the actual behaviour of the group, usually in its usages, customs and institutions".<sup>2)</sup>

Kultuur kan omskryf word as alles wat daargestel word deur die denke en arbeid van die mens. 'n Belangrike deel van kultuur het te make met menseverhoudinge en gedragspatrone van mense.

Die verskille tussen die kultuurgoedere van volkere is egter groter en makliker onderskeibaar. Hierdie verskille t.o.v. kultuur kan te wyte wees aan verskillende faktore soos o.m. agtergrond, peil van ontwikkeling of- beskawing, geografiese ligging, opvoeding, goedsdiens ens. Ook die taal wat gepraat word, ideale ens. het 'n groot invloed op die kultuur van 'n sekere gebied en die groep wat daarin woon. Kultuur is sowel arbeid as produk van die mens wat die draer en oordraer van kultuurmassas is.

- 
1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 35.
  2. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 18.

#### 4.2.3 Kulturele aanpassing

„Kulturele aanpassing is die geleidelike distansiëring van eie kultuur en kultuurgoedere en gevolglike ingroei in die nuwe kultuuromgewing wat uiteindelik lei tot die aanvaarding van die nuwe kultuurgoedere as die eie en die enigste. ... Kulturele aanpassing is 'n proses wat meegebring word deur die aanraking met en inwerking van die nuwe kultuurkonteks en die eventuele uitskakeling van die oue. Dit behels verder ook die mate van ooreenstemming tussen die oue en die nuwe, en daardie faktore wat hierdie kultuuraanvaarding bespoedig of vertraag.“<sup>1)</sup>

„Wanneer die immigrant ten slotte geheel en al aangepast is, wanneer hy zich in alle opzigten met het nieuwe land vertrouwd heeft gemaakte en er leeft als iemand, die in dat land geboren en getogen is, dan kunnen we zeggen, dat hy cultureel aangepast is.“<sup>2)</sup>

Kulturele aanpassing is dus 'n geleidelike proses van inskakeling by 'n nuwe kultuur met sy eie besondere kultuurpatrone. Dit gaan ook gepaard met 'n heroriëntering van die immigrant en slegs vanaf die tweede geslag kan daar sprake wees van kultuuraanpassing. Die proses word bespoedig wanneer daar 'n positiewe reaksie vanaf die kant van landsburgers is teenoor die pogings tot aanpassing vanaf die kant van immigrante. Ten spyte hiervan duur die proses van inskakeling nog van twee tot drie geslagte. Ook Davie<sup>3)</sup> en Loedolff maak melding van die feit dat kultuuraanpassing geleidelik plaasvind. Hierdie proses word aangevul met die volgende: „Die assimilasiëproses vind geleidelik plaas.

- 
1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 203.
  2. In den Bosch, B.J. Op. cit., p. 31.
  3. Davie, M.R. Op. cit., p. 510.

Die presiese tyd wat dit nodig het, hang af van verskillende omstandighede. As daar min verskil is tussen die immigrante en die bevolking, sal dit relatief kort wees. In die algemeen gesproke, sal die tyd wat nodig is vir assimilasië, korter wees met individue as met families wat op mekaar aangewese is, en korter met 'n enkele familie as met groepe families wat hulle bymekaar vestig. Assimilasië is 'n proses wat natuurlik moet verloop en wat nie geforseer kan word nie. Dit vind ook geleidelik oor 'n tydperk van baie jare plaas. Niemand sal dit van die immigrant verwag om meteens te assimileer nie. Dit is nie moontlik nie. Dit is ook nie moontlik om te sê dat 'n immigrant na tien jaar geassimileer sal wees nie. Solank immigrante in die samelewing integreer, sal hulle integrasie tog uitloop op assimilasië ... 'n Mens kan nie verwag dat immigrante binne enkele jare hul agtergrond en kultuur geheel moet ontgroeï of prysgee nie".<sup>1)</sup>

Wanneer 'n immigrant homself by alle aspekte van die kulturele terrein aangepas het, het hy die nuwe kultuur sy eie gemaak. Die suksesvolle aanpassing van die immigrant, en die tydsduur daaraan verbonde, is afhanklik van die aanvanklike inskakelingsvatbaarheid van die immigrant. Ten einde die inskakelingsvatbaarheid van 'n immigrant te probeer bepaal, moet die aspek van inskakeling vanuit verskillende oogpunte benader word. Ook sal deur hierdie benaderingswyses gepoog word om 'n duideliker beeld te konstrueer van die Portugese immigrant aan die Witwatersrand.

#### 4.3 Enkele benaderingswyses

##### 4.3.1 Herkoms

Die agtergrond van die immigrant is van groot belang by

- 
1. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 208.

die bepaling van sy inskakelingsvatbaarheid. Hierdie hoofstuk het hoofsaaklik te make met die kulturele en politieke agtergrond van die immigrant. Alvorens daar oorgegaan word tot die Portugese immigrant en sy kultureel-politieke posisie in die Republiek, moet die kultureel-politieke toedrag van sake in die lande van herkoms kortliks aangedui word. Die omstandighede in die kolonies is feitlik dieselfde as die in Portugal self, dus sal daar kortliks op die kultureel-politieke omstandighede in Portugal self gelet word. Die Portugese is van gemengde afkoms : daardeur word bedoel dat, net soos in die geval van die Suid-Afrikaners, persone van verskeie rasse saamgesmelt het om een nasie te vorm. Dit verklaar die feit dat daar soveel verskillende fisiese tipes herkenbaar is onder die Portugese. Die land is ryk aan kultuur. Legendes, tradisies en godsdienstige feeste speel 'n groot rol in hulle leefwyse. Die Portugese letterkunde het sy wortels diep in die liedere van die Middeleeue. Die avontuursin van die Portugese volk kom ook na vore in die letterkundige werke wat die geskiedenis van Portugal se groot seevaarders en ontdekkers beskryf. Hulle het ook uitgeblyk op die gebied van die argitektuur, die boukuns, kuns en musiek. Die oorwegende geloof is die Rooms-Katolieke geloof. Die Portugese voer egter ook nog 'n stryd teen ongeletterdheid. Volgens berekening is 35% van die inwoners van Portugal ongeletterd. Hierdie ongeletterdheid kom meestal in die Suide voor, en baie min in die stedelike gebiede.

Wanneer die omstandighede van die Portugese immigrant in die Republiek van naderby beskou word, kan vele ooreenkomste op kulturele gebied met die van hul land van herkoms gesien word. Die belangrikste ooreenkoms op kulturele gebied is die van die godsdien. 83% van die proefpersone is ver-

bonde aan die Rooms-Katolieke Kerk. Die godsdienstige element tree sterk na vore as 'n bindende en stabiliserende faktor in die nuwe land. Die immigrant is nie ankerloos nie en gevolglik vind hy sy voete gouer in die nuwe land. Hierdie gebondenheid aan die Rooms-Katolieke geloof is ook deur Van Rensburg in Bloemfontein opgemerk. Al 50 proefpersone wat deur hom ondervra is, was verbonde aan die Rooms-Katolieke kerk. Ook Davie bevestig dit met: „the typical Portuguese is a devout Roman Catholic, though religion and recreation frequently go hand in hand as is illustrated in the 'romarias', a combination of religious pilgrimage and country fair, popular throughout the country".<sup>1)</sup>

Die ondersoek aan die Witwatersrand het egter ook aan die lig gebring dat die Portugese deur leraars van die Afrikaanse en Engelse Protestantse kerke bearbei word, en dat redelike welslae al behaal is.

Volgens tabel 11 kan gesien word dat daar onder die proefpersone lede van die Ned. Gereformeerde kerk (4), die Apostoliese Geloofsending (2), die Anglikaanse Kerk (1), ander Engelse Protestantse kerke (8), Rooms-Katolieke kerk (83) en Sektes (1) was. Hierdie gegewens dui op die feit dat die Portugese immigrant wel bearbei kan word en ook op hierdie terrein inskakelingsvatbaarheid toon, wanneer hy hom ten volle in sy nuwe land tuisgemaak het.

Ten opsigte van die opvoedkundige aspek kan nou slegs kortliks gemeld word dat die Portugese ouers streng kontrole oor hulle kinders uitoefen, en bly vashou aan die

---

1. Davie, M.R. Op. cit., p. 177.

Tabel 11 Kerkverband volgens lengte van verblyf in Suid-Afrika<sup>1)</sup>

	1 - 2 jr.			3 - 5 jr.			6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 + jr.			Totaal		
	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
N.G. Kerk				3		3	1		1							4		4
Hervormde																		
Gereformeerde																		
Apostoliese G.S.							1		1	1	1					1	1	2
Anglikaanse				1		1										1		1
Ander Engelse Prot.	1	3	4					2	2	1	1	1	1	1	3	5	8	
Rooms-Kat.	10	4	14	16	3	19	12	2	14	8	1	9	21	6	27	67	16	83
Sektes							1		1							1		1
Geen Kerk	1		1													1		1
<b>Totaal</b>	<b>12</b>	<b>7</b>	<b>19</b>	<b>20</b>	<b>3</b>	<b>23</b>	<b>15</b>	<b>4</b>	<b>19</b>	<b>9</b>	<b>2</b>	<b>11</b>	<b>22</b>	<b>6</b>	<b>28</b>	<b>78</b>	<b>22</b>	<b>100</b>

1. Gegewens verkry uit vraelys.



tradisionele (volksdanse, gewoontes). Hierdie verskynsel dra by tot die feit dat daar vir die immigrant iets bekends is wanneer hy as nuweling in die Republiek land.

Die gewoontes en gebruike wat nou verbonde is aan die Portugese kultuur en geloof, word steeds deur hulle mense in die Republiek beoefen, met die gevolg dat die immigrant nie in 'n totaal nuwe en vreemde land sy voete moet vind nie - daar is iets wat vir hom bekend is, en wat hom „tuis" kan laat voel. Hierdie gevoel van „tuis"-wees skep 'n veel meer toegeneë houding by die immigrant teenoor sy nuwe land, en dra daartoe by om sy inskakelingsvatbaarheid te verhoog.

#### 4.3.2 Intern

Hiermee word bedoel die inskakeling van die individuele Portugese immigrant na binne, d.w.s. by die reeds gevestigde Portugese gemeenskap in die Republiek. Soos reeds gesien, is inskakeling by hierdie gevestigde groep nie moeilik nie, en geskied dit redelik vinnig, aangesien daar soveel gemeenskaplik tussen hulle en die immigrant is. Die immigrant vind wanneer hy in die nuwe land aankom vriende, familieleden en volksgenote by wie hy om hulp en raad, wat met dade gepaard gaan, kan aanklop. Baie Portugese immigrante werk eers op die groentelands van vriende of ander Portugese tot tyd en wyl hulle in ander werk geplaas kan word.

#### 4.3.3 Ekstern

Hiermee word bedoel die inskakeling van die immigrant na buite, d.w.s. by die ander burgers en veral die Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners wat die grootste gedeelte van die blanke bevolking van die Republiek uitmaak. Hierdie inskakeling is verreweg die moeilikste, aangesien die kultu-

rele agtergrond, opvoedkundige peil en godsdienstige oortuigings van die twee hoofgroepe grotendeels van mekaar verskil. Vir die doel van hierdie ondersoek is dit nie nodig om bestaande onderlinge verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners breedvoerig te bespreek nie. Dit is wel so dat die Portugese immigrante 'n neiging toon om eerder by die een as by die ander groep in te skakel. Daar blyk egter grondige redes voor te wees.

#### 4.4 Die invloed van die kulturele lewensomstandighede by die groep Portugese immigrante wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal

Elke volk het sy eie kultuurpatroon wat gebaseer is op die verlede en hede, en veral op die besondere lewens- en wêreldbeskouing van daardie volk. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing van 'n volk rig en lei sy denke, gevoel en handeling op alle gebiede. Hierdie kultuurpatrone word oorgedra van die ouer geslag na die jonger geslag, en sodoende word daarop voortgebou. „Met ander woorde, die gedragswyse as 'n lewenspatroon word eers deel van die kultuur wanneer dit deur die lede van 'n gemeenskap aanvaar word deur daaraan te konformeer soos dit oorgedra word".<sup>1)</sup>

So bring die Portugese immigrante met hulle mee die besondere kultuurpatrone en gedragwyses wat eie is aan en gekleur word deur die Rooms-Katolieke geloof. Hulle vind in die Republiek Portugese gemeenskappe (by wie hul hulleself aansluit) wat dieselfde kultuur as hulle het, of gehad het, en wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing huldig. Na binne, dit wil

- 
1. Van der Walt, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool, p. 61.

sê intern, het die Portugese immigrante dus 'n hoë graad van inskakelingsvatbaarheid. Die problematiek t.o.v. die inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immigrante lê by hul inskakelingsvatbaarheid na buite, en dit is wat bepaal moet word.

Die inskakeling na binne en buite kan egter nie duidelik geskei word nie, aangesien die een die ander aanvul, oorvleuel en insluit. Die een is voorwaarde vir die ander. In hierdie opset moet die invloed van die kerk, taal, opvoeding en onderwys, vryetydsbesteding, en die groter finansiële welvaart by die groep Portugese immigrante wat die inskakelingsvatbaarheid bepaal, omskryf en bespreek word.

#### 4.4.1 Invloed van die kerk

Die lidmaatskap van die Rooms-Katolieke Kerk is feitlik vanselfsprekend. Daar is reeds gemeld dat al die proefpersone wat deur Van Rensburg in Bloemfontein ondervra was, aan hierdie kerk behoort het. Die skrywer se opname aan die Witwatersrand het aan die lig gebring dat 83% van die proefpersone aan die Rooms-Katolieke kerk en 17% aan alle ander kerklike denominasies behoort. Die Rooms-Katolieke kerk beheer die lewe van sy lede. Die opvoeding en onderwys word daardeur gekleur. Dit is dus te verstane dat die invloed wat daar vanaf die Kerk na sy lede uitgaan, groot is. Hierdie invloed het baie te make met die suksesvolle inskakeling van die immigrant by die binnegroep van Portugese, d.w.s. by die Portugese in die Republiek.

Die aard van die Kerklike invloed word soos volg getipeer: „Wesentlik bly hy 'n aktiewe lidmaat .... en vanweë hierdie innerlike toegewydheid en aktiwiteit het sy kerk dan ook meer tot sy tuisvoel in die nuwe land bygedra.

.... By 66% van die Portugese het hul kerk 'n aktiewe rol by hul aanpassing gespeel ...."1)

Die inskakelingsvatbaarheid van die ouer immigrante by die buitegroep aan die Witwatersrand word verminder deur die kerkgebondenheid. (Dit is egter nie al rede vir swak inskakeling na buite nie).

Die kerk help met die vestiging van sy nuwe lede, en trag om hulle so gou moontlik op te neem in die gemeentelike lewe. Vir die ouer immigrant met sy taalprobleem is inskakeling na binne genoegsaam, as dit in sy behoeftes voorsien. Die immigrantekinders is meer vatbaar vir inskakeling na buite, veral omdat hulle makliker kan aanpas by nuwe omstandighede en deur middel van spel, maats en die skool, ook meer met die buitegroep in aanraking kom. Kultuurpatrone is ook nog nie so vasgelê by die jeugdiges as by die ouer garde nie.

"Emancipation from links with the past is a problem mainly affecting those advanced in years. Prejudice, national customs, and habits, social codes, and the real values of their national civilization exert a much firmer hold on them than on persons who are still in the formative years".<sup>2)</sup>

Die kerk oefen ook hier sy invloed uit deurdat baie ouers hulle kinders laat opvoed in Rooms-Katolieke kloosters. Sodoende word die kultuurpatrone volgens die Rooms-Katolieke lewens- en wêreldbeskouing vasgelê. Tabel 11 toon dat die meerderheid proefpersone verbonde is aan die Rooms-Katolieke kerk. Interessant is dat die grootste persentasie persone wat aan ander kerke behoort, minder as agt jaar in die Republiek is. Die 4% wat verbonde is aan die

---

1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 214.
2. Isaac, J. Op. cit., p. 41.

N.G. Kerk, en wat  $\frac{1}{4}$  van die nie - Rooms-Katolieke uitmaak, val ook binne hierdie groep. 6% van die 8% Portugese immigrante wat verbonde is aan Engelse Protestantse kerke, val ook binne die groep immigrante wat minder as 8 jaar in die Republiek is.

In teenstelling hiermee is slegs een van die 28 proefpersone wat 11 of meer jare in die Republiek woon, van 'n ander geloof as die Rooms-Katolieke.

Hierdie feite dui op een van twee moontlikhede:

- 1) dat die Portugese immigrante as Protestantse gelowiges die land binnegekom het; m.a.w. dat oorweging aan geloofsoortuiging gegee is by toelating vir immigrasie; of
- 2) dat hierdie Portugese immigrante na hul aankoms die Protestantse geloof aangeneem het. Hierdie laaste oorweging dui dan ook op 'n groot mate van inskakelingsvatbaarheid na buite by die Portugese immigrant.

#### 4.4.2 Taal

Die Portugese immigrant behou sy eie taal as huistaal, en leer sy kinders hierdie taal. Binne die Portugese gemeenskappe, en by die beoefening van sy godsdiens ondervind die Portugese immigrant glad nie taalprobleme nie. Die feit dat die Portugese immigrante en die reeds gevestigde Portugese dieselfde taal gebruik, is nog 'n band wat die Portugese immigrant hefter bind aan die „binnegroep" by wie die immigrant eerste inskakel.

Wanneer die Portugese immigrant egter nou na buite met die Afrikaans- en Engelssprekende volksgroepe kennismaak, ondervind hy wel deeglik taalprobleme wat sy inskakeling

na buite bemoeilik. Dit kan veroorsaak dat die Portugese immigrant hom sover moontlik bepaal by mede-taalgenote en sodoende sy inskakelingsvatbaarheid doelbewus so laag as moontlik hou.

„n Te intensiewe ingesteldheid op die behoud van die moedertaal kan egter n aanduiding wees van swak aanpassing".<sup>1)</sup> Hierdie reaksie op die taalprobleem kom meestal voor by die ouer immigrante wat nie maklik n nuwe taal of tale kan aanleer nie. So het 40% van die proefpersone beweer dat die gebruik van die Portugese taal in die Republiek behoue sal bly. Die implikasie is dat daar geen noodsaaklikheid vir hulle is om die nuwe taal aan te leer nie. Sommige Portugese immigrante, veral die wat nog nie genaturaliseer is nie, en wat dit oorweeg om na hulle land van herkoms terug te keer, beskou die aanleer van n nuwe taal as tydmors. n Verdere rede waarom die taalprobleem n muur bou tussen die immigrant en lede van die ander volksgroepe is dat die immigrant se opvoedkundige peil laag is. So is alreeds vasgestel dat 67% van die proefpersone slegs standard ses of laer op skool geslaag het.

Gebrek aan kennis van die twee landstale is n enorme struikelblok in die weg van die immigrant wat homself wil inskakel by die inwoners van sy nuwe land.

„Language, (is) that isolating force more potent than the highest mountains or the broadest oceans".<sup>2)</sup>

Ter opsomming kan Taft aangehaal word: „It is a commonplace that ignorance of the language creates in the mind of the American abroad an intolerable feeling of strangeness

---

1. In den Bosch, B.J. Op. cit., p. 76.

2. Taft, D.R. Op. cit., p. 162.

and isolation and discomfort, even when as a tourist he is given every aid which hotels and tourist agencies can afford. For the immigrant in a strange land the situation is far more depressing unless he is protected by the hominess of the ghetto, because far less is done to aid him. He is therefore often left to the exploitation of the less worthy of his fellow countrymen, co-linguists though they be, who know how to capitalize his isolation and his yearning for the sound of a familiar tongue. The national group therefore holds its language a most sacred possession, for bound up in it are all life's meanings and values. The migrant group abroad therefore demands to speak and to teach that which is essential to group unity and to individual happiness. For an analogous reason natives resist these demands".<sup>1)</sup>

Dit is te verstaan dat die landsburgers die immigrante sal wil aanmoedig om die landstale aan te leer sodat hulle meer eensgesind kan voel met die burgers van hulle nuwe land. Die immigrant en die landsburger kan nie gedagtes deel en saamvoel oor 'n sekere aangeleentheid indien hulle nie hul gedagtes daarvoor in dieselfde taal kan uitspreek en wissel nie.

"The language that we use in large measure moulds the thoughts that we think".<sup>2)</sup>

Die aanleer, of kennis van een of albei die landstale is egter nie slegs 'n struikelblok t.o.v. inskakeling nie, dit is ook 'n middel waardeur inskakelingsvatbaarheid verhoog kan word. Die Portugese kind het veel minder taalprobleme as die volwassene. Die kind sal later breedvoerig be-

- 
1. Taft, D.R. Op. cit., p. 154 - 155.
  2. Small, A.W. "The Bonds of Nationality", in die American Journal of Sociology, Vol. 20, Maart 1915. pp. 629 - 683. Soos aangehaal deur Taft, D.R. Op. cit., p. 154.

spreek word, dus sal in hierdie bespreking slegs op die ouer Portugese immigrant gekonsentreer word.

Tabel 12 Om die huistaal van proefpersone aan te dui<sup>1)</sup>

<u>TAAAL</u>	<u>GETAL</u>
Afrikaans	2
Engels	2
Portugees	96
Ander	0
TOTAAL	100

1. Gegewens verkry uit vraelys.

Tydens die ondersoek is gevind dat 96% van die proefpersone se huistaal Portugees was, terwyl 2% Afrikaans en 2% Engels as huistaal gebruik het. In die gevalle waar Afrikaans of Engels die huistaal was, was een van die ouers of Afrikaans-, of Engelssprekend. 'n Ander verskynsel was dat 72% van die proefpersone meer as een taal magtig is, maar in weinig gevalle was die tweede taal Afrikaans of Engels. Hierdie tweede taal was oorwegend 'n Bantoetaal of dialek wat in die land van herkoms of na die aankoms van die immigrant in die Republiek aangeleer is. Die rede vir die aanleer van 'n Bantoetaal is voor die hand liggend.

Die Portugese immigrant is meestal 'n groenteboer en as sulks moet hy in staat wees om met sy Bantoearbeider te kommunikeer. Die aanleer van die Bantoetaal word dus by hom 'n noodsaaklikheid. Wanneer die Portugese immigrant met die ander volksgroepe in die Republiek in aanraking kom, duik dieselfde probleem van kommunikasie op. Die immigrant voel homself gedwonge om ten minste een van die twee landstale aan te leer, en feitlik sonder uitsondering val die keuse op Engels.



Redes vir hierdie keuse is voor die hand liggend. Eers- tens kan die Portugese immigrant aan die Witwatersrand hom- self orals verstaanbaar maak indien hy Engels magtig is. Hy beskou Engels as 'n baie belangriker taal in die handel as Afrikaans, omdat hy sy arbeid kan verrig sonder om Afrikaans ooit te benodig. In hierdie opsig is die Afrikaanssprekende 'n deelgenoot aan die skuld omdat hy te geredelik oorslaan na Engels indien die groentewinkelklerk hom nie kan verstaan nie. In baie gevalle ken die Afrikaanssprekende buitendien ook nie die Afrikaanse terme wanneer hy met bv. 'n motorwerk- tuigkundige praat nie. Tereg redeneer die immigrant dat al- mal hom sal verstaan indien hy slegs Engels aanleer!

Tydens die ondersoek is egter sommige immigrante teëge- kom wat Afrikaans magtig was en wat 'n gesprek in Afrikaans kon voer.

Die algemene neiging is egter om Engels aan te leer en ook om die Portugese kinders na Engelse skole te stuur. Die houding van die ouers word dan ook gekenmerk deur 'n mate van „oorleun" na Engelse kant wanneer dit by 'n keuse tussen die twee tale kom. Die gegewens wat in tabel 13 uiteengesit is, toon die tendens aan van die Portugese immigrante om voor- keur aan die gebruik van Engels bo Afrikaans te gee.

Tabel 13 Om die lees van koerante in die twee lands- tale aan te toon<sup>1)</sup>

<u>KOERANT</u>	<u>GETAL</u>
Afrikaanse koerant	2
Engelse koerant	60
Albei	12
TOTAAL	74

1. Gegewens verkry uit vraelys.

Hoewel daar deur ons Afrikaanse kerke en immigrantekomitees ook onder die Portugese immigrante gearbei word, kan die algemene Afrikaanssprekende publiek in 'n groot mate bydra tot die poging om die Portugese immigrante die belangrikheid van Afrikaans as medium tot gedagtewisseling te laat insien.

Die feit bly egter staan dat die Portugese immigrant wel inskakelingsvatbaarheid toon by een van die twee landsgroepe. Die gebruik van 'n vreemde taal is een van die tekens dat inskakeling wel besig is om plaas te vind. Die gebruik van die twee landstale as middel om inskakelingsvatbaarheid te verhoog, word egter nog onderskat.

Van die 74% van die proefpersone wat koerant lees, lees twee (2.7%) Afrikaanse koerante, terwyl sestig (80.1%) Engelse koerante lees. Twaalf (17.2%) lees koerante wat in Afrikaans en Engels verskyn.

#### 4.4.3 Volwasse onderwys vir die Portugese immigrante

Hierdie aspek sal in 'n latere hoofstuk meer breedvoerig t.o.v. immigrantekinders bespreek word. Vir die huidige het ons slegs te make met die volwasse onderwys van die Portugese immigrant. Dit is so dat geen mens te oud word om te leer nie. Die volwasse immigrant wat 'n hoë graad van inskakelingsvatbaarheid toon, het verskeie kanale waarlangs hy sy opvoedkundige kwalifikasies kan verbeter. Talle word opgelei as motorwerktuigkundiges en ook in ander ambagte. Sommige van die proefpersone is belangrike arbeiders in fabriekke, terwyl die grootste persentasie proefpersone as groentewinkelkerke of kleinhoeweboere hulle bestaan maak. Die opvoedkundige aspek is op al hierdie terreine werksaam, omdat daar gedurig nuwe invloede op die arbeider inwerk.

Ook word byeenkomste en kursusse vir immigrante gereël deur die verskillende immigrantekomitees. Verder is daar aan die Witwatersrand geleentheid vir immigrante om taal- en ander kursusse te volg wat hulle in staat sal stel om beter by hulle onmiddellike omgewing en in hulle nuwe land aan te pas.

Die rol wat die kind speel by die aanleer van nuwe feite en idees moet nie deur die ouer onderskat word nie. Die kind, wat veel meer ontvanklik vir nuwe gedagtes en verwikkelinge is as die ouer, stimuleer die ouer dikwels om verder te dink as net aan sy onmiddellike omgewing.

Die hele omgewing en die situasies waarin die immigrant hom bevind in die nuwe land het dus 'n vormende en beskawende uitwerking op die immigrant. Hy vind dat hy sekere dinge moet aanvaar en dat hy nie onbeïnvloed in sy nuwe land kan voortlewe nie. Die invloed van die opvoeding en die onderwys het egter slegs 'n geringe uitwerking op die volwasse Portugese immigrant.

Samevattend kan sekere aanhalings en opmerkings in verband met die sosiaal-kulturele aanpassing van immigrante in die algemeen en die Portugese immigrante in die besonder gemaak word.

Bogardus beweer dat: „The social problems of the immigrants are many and troublesome. If the immigrant does not know the language of the adopted country, he is isolated and has difficulty in understanding many of its culture patterns. A real barrier exists between immigrants and natives where neither group speaks the language of the other. Misunderstandings due to differences in cultures easily arise. The stranger, foreigner, and immigrant are generally regarded with prejudice. This sentiment usually expresses itself

in condescending attitudes, in scorn, and sometimes in derision. The problem emerges in racial conflicts".<sup>1)</sup>

Die verskille in die kultuur van immigrant en landsburger kan inskakelingsvatbaarheid verlaag. Die doeltreffendste manier waarop 'n goeie verstandhouding en samewerking tussen immigrant en landsburger verkry kan word, is om die twee groepe met mekaar in aanraking te bring. In die geval van die Portugese immigrante sal interaksie tussen immigrant en landsburger vergemaklik word indien die taalprobleem uitgeskakel kan word. Daar is wel in die kompleksiteit van die samelewing met al sy fasette, genoeg punte van kontak tussen immigrant en landsburger om te verseker dat hulle mekaar sal leer ken en verstaan. Die landsburger kan die inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immigrant verhoog deur meer met hom in aanraking te kom en aan hom die hand te reik sodat hy welkom sal voel in sy nuwe land.

Oor die uiteindelijke inskakeling van die Portugese immigrant op breë kulturele vlak in Suid-Afrika kan daar nie twyfel bestaan nie. Die vraag is nie of dit kan gebeur nie, maar hoelank hierdie inskakeling sal neem, en hoe dit bespoedig kan word. Tretz kan aangehaal word in hierdie verband: „All colonists in time become assimilated with the major aspects of the national culture. Cultural assimilation is in one sense inevitable. The question ultimately is not whether immigrant groups will be assimilated, but rather at what rate assimilation will take place".<sup>2)</sup>

Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat die immigrant 'n individu is met 'n sekere agtergrond en persoonlikheidseienskappe wat hy nie sommer goedsmoeds sal kan prys-

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 328.
2. Tretz, J.W. Op. cit., p. 177.

gee nie. Inskakeling is 'n geleidelike proses wat oor 'n periode van tot twee of drie generasies plaasvind. Indien hierdie aspek van inskakeling in gedagte gehou word, sal die gesindheid van die landsburger meer positief wees teenoor die immigrant wat sy hulp en bystand werklik nodig het. Bogardus merk dan ook tereg op: „An immigrant cannot easily and jauntily throw away his connections with his homeland, with his childhood days, and with the country in which perhaps his parents or other relatives live. No one wants to lose his identity suddenly and entirely”.<sup>1)</sup>

#### 4.5 Die invloed van die kennis van lands- en politieke sake as faktore vir inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante

##### 4.5.1 Kennis van landsake

Hoe langer die verblyf van die immigrant in die Republiek, hoe groter behoort sy kennis van landsake te wees. Dit sou onredelik wees om van 'n immigrant wat nie die landstale verstaan nie, en wat pas in die Republiek aangekom het, te verwag om 'n uitgebreide kennis van landsake te hê; en tog kan 'n kennis van landsake en die geskiedenis van die land 'n aanduiding van inskakelingsvatbaarheid wees. 'n Vraag in hierdie verband aan die proefpersone was bv.: Wie was die vorige eerste minister van Suid-Afrika? 78% het die regte antwoord verstrekk, terwyl 22% verkeerd geantwoord het. 'n Veel kleiner persentasie nl. 25% kon die korrekte antwoord verstrekk toe gevra is wie die Staatspresident is. Ongeveer 30% van die proefpersone het 'n geringe kennis van die geskiedenis van hulle nuwe land en slegs 29% van die proefpersone het geweet dat Jan van Riebeeck die halfwegstasie aan

---

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 343.

die Kaap gestig het.

Sowat 50% van die proefpersone het inligting in verband met die Republiek ontvang voordat hulle hierheen gekom het, nl. oor die geldstelsel, politieke toestande, godsdienstige, behuisings, opvoedkundige en rasse-aangeleenthede. Hoewel hierdie kennis van landsake slegs in hooftrekke is, is 'n begin tog gemaak om aan die nuwe burger 'n lewende beeld van sy nuwe land te gee.

#### 4.5.2 Die verhouding Blank - Nie-Blank

Die politieke lewensomstandighede in die Republiek van Suid-Afrika behels vir die immigrant, net soos vir die buitelandse, die een belangrike aspek van rasse-apartheid. Hiervan sê Loedolff:

„Die rassevraagstuk is vir die immigrant een van die moeilikste probleme om te verwerk as hy hier aankom, en dis te begrype dat hy in die begin niks daarvan verstaan nie. Hy doen verskillende indrukke op, moet soms sy gedagtegang wysig, en so gaan hy deur tot hy later so iets daarvan begryp. Selfs vir die immigrant wat reeds byna vyf jaar hier is, is dié vraagstuk dikwels nog heeltemal onverklaarbaar. Hy kom uit 'n land waar geen onderskeid tussen rasse bestaan nie en waar geen apartheidswette neergelê is nie”.<sup>1)</sup>

Dit moet onthou word dat Suid-Afrika die probleem van die vreedsame naasbestaan d.m.v. sy rassedifferensiasie op 'n heel besondere wyse aangepak het. Hierdie oplossing vir die Suid-Afrikaanse rasseprobleem, wat vry algemeen bekend staan as „apartheid”, is vir die immigrant moeilik om te begryp.

---

1. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 158.

Met verloop van tyd skakel die immigrant tog in by, en gehoorsaam of konformeer met die landswette, en word hy ook in hierdie opsig 'n waardige landsburger. Ten einde die uitwerking van die politieke lewensomstandighede in die Republiek van Suid-Afrika op die Portugese immigrante aan die Witwatersrand te kan beseff, moet op sekere aspekte daarvan gelet word.

Die verhouding tussen blank en nie-blank lewer vir die Portugese immigrant probleme op. Die proefpersone se antwoorde op sommige vrae kan nie in alle gevalle as duidend beskou word nie, dog dit gee darem 'n aanduiding van die algemene houding onder die Portugese immigrante, nl. 'n aanvaarding van die landsbeleid.

Ten opsigte van godsdiensbeoefening saam met nie-blankes het 58% van die proefpersone gesê dat hulle niks daarteen het nie, 19% het beweer dat hulle daarteen gekant is, terwyl 23% die vraag nie beantwoord het nie.

Op die vraag of blank en nie-blank in dieselfde woongebiede moet saamwoon, het 66% positief geantwoord, 4% negatief, vir 15% was dit om't ewe, terwyl 15% die vraag nie beantwoord het nie. Die antwoord op hierdie vraag kan as duidend beskou word. Die ondersoeker kon nie 'n antwoord kry op die oënskynlike teenstrydigheid van die gewilligheid van die Portugese immigrant om saam met die Bantoes te aanbid, dog nie saam met die Bantoe te wil woon nie. Van Rensburg het tydens sy ondersoek in Bloemfontein dieselfde verskynsel teengekom, en 'n verklaring daarvoor aangevoer:

„Die Portugese vertoon in hierdie verband 'n klaarblyklike voorsprong bo die Britte met betrekking tot ooreenstemming met die inheemse bevolking, en ook in soverre hierdie aspek kan dien as kriterium van die inskakeling, of dan potensiële

inskakeling van die immigrant by sy nuwe omgewing. Hy openbaar deurgaans 'n baie sterk teenkanting met betrekking tot vereniging tussen blank en nie-blank, en te alle tye word hierdie teenkanting gefundeer in die Portugese stryd teen terrorisme in Afrika. Die grondliggende ondertoon van hierdie teenkanting wil vir ons egter grootliks as haat voorkom, en dit word beter begryp as die Portugees stateer dat hy 'n broer of familielid in die stryd verloor het; deur hierdie haat ontwikkel hy dan 'n ipso facto teenkanting met betrekking tot vermenging met die nie-blanke en dan veral die Bantoe. Dit bly egter 'n ope vraag of hierdie haathouding enige voordele vir die apartheidsgedagte inhou, en of dit enigsins enige bevorderlike uitwerking op die apartheidsbeleid kan hê".<sup>1)</sup>

Bogenoemde aanhaling kan wel gedeeltelik 'n verklaring bied vir die feit dat die Portugese immigrant oor die algemeen die beleid van rasse-apartheid steun. Dit bly egter 'n feit dat die immigrante wat 'n paar jaar in die Republiek woonagtig is feitlik sonder uitsondering die regeringsbeleid steun. Dit blyk dus dat wanneer 'n immigrant wel deeglik met toestande in die Republiek kennis gemaak het, hy insien dat aparte ontwikkeling 'n logiese beleid is. Loedolff steun hierdie sienswyse: „By 'n vergelyking tussen die vyf groepe in die steekproef was dit opvallend dat hoe langer hulle in die land is, hoe meer is die groep wat verklaar dat hulle die beleid in Suid-Afrika begryp. Dit toon dat immigrante namate hulle langer in die land is, meer met die rassebeleid saamstem".<sup>2)</sup>

Die houding van die Portugese immigrant teenoor die nie-blanke in Suid-Afrika is nie 'n struikelblok in die weg van

- 
1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 241.
  2. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 161.



sy inskakeling by die blanke volksgroepe nie.

#### 4.5.3 Deelname aan volksaktiwiteite

Deelname aan volksfeeste en ander volksaktiwiteite is 'n maatstaf vir die vordering en mate van inskakeling van immigrante by die bedrywighede van hulle nuwe land. Dit is egter feitlik onmoontlik vir die ouer immigrant om homself te vereenselwig met die gees waarin die volksfeeste gehou word. Hy kan onmoontlik nie sy nasietrots en volksgevoel afskud nie - dit sal van hom 'n persoon sonder nasietrots maak, want hy sal nie die nuwe land se gewoontes, tradisies en geskiedenis meteens kan integreer en sy eie maak nie. Niemand kan dit ook van die immigrant verwag nie. Wat wel waar is, is dat die immigrant homself geleidelik moet voorberei om die gewoontes en gebruike van sy nuwe land aan te neem. Dit geskied dan ook wanneer daar 'n positiewe gesindheid jêrens die nuwe land is, m.a.w. wanneer die inskakelingsvatbaarheid van die immigrant hoog is. Daar moet ook bygevoeg word dat, om die maatstaf van die bywoning van volksfeeste op 'n immigrant van toepassing te maak, is om hom met 'n maatstaf te meet waaraan vele Suid-Afrikaanse burgers nie voldoen nie. Dit is byvoorbeeld nie net immigrante, vreemdelinge en anderstaliges wat op Helderdag gaan piekniek hou en visvang nie!

Volgens gegewens wat tydens die ondersoek verkry is, blyk dit dat 63% van die proefpersone nog nooit 'n Suid-Afrikaanse volksfees bygewoon het nie, 27% het wel een of meer volksfeeste bygewoon, en 10% het geen antwoord verstrek nie. Die ondersoeker is daarvan oortuig dat hierdie 10% maar by die nie-bywoners gevoeg kan word, wat die persentasie nie-bywoners op 73% te staan bring. Die oorgrote meer-

derheid van die 27% wat wel volksfeeste bygewoon het, het dit gedoen terwyl hulle op skool was. Die feit dat so 'n groot meerderheid van die proefpersone glad nie 'n Suid-Afrikaanse volksfees bygewoon het nie, kan 'n aanduiding wees dat daar geen belangstelling vir sulke geleenthede by die Portugese immigrante is nie.

Daarvoor kan verskeie redes gevind word o.m. die volgende:

- 1) die feit dat die oorgrote meerderheid Portugese immigrante die Afrikaanse taal nie magtig is nie;
- 2) hulle het geen of weinig kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis;
- 3) hulle lees feitlik nooit die Afrikaanse koerante nie, en is dus die meeste van die tyd onkundig t.o.v. die tyd en plek waar feeste gehou word;
- 4) hulle beseef nie die belangrikheid van die saambindende waarde van sommige volksfeeste nie;
- 5) hulle (veral die ouer garde) behou hulle eie volksfeeste en beoefen hulle eie soort volkspele;
- 6) hulle kultuur is gebaseer op die Kontinentale kultuur, terwyl ons meer Brits georiënteer is;
- 7) die Rooms-Katolieke godsdiens veroorsaak dat daar 'n basiese verwydering tussen die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner en die Portugese immigrant is;
- 8) die gemiddelde Portugese immigrant is hardwerkend en arbei tussen 12 tot 16 uur per dag. Hy het dus nie tyd om na sulke geleenthede te gaan nie en
- 9) die meerderheid Portugese immigrante is ongeskoold, en hulle veld van belangstelling is nie so wyd dat dit ook die Suid-Afrikaanse kulturele en politieke lewe en die agtergrond daarvan insluit nie.

Die Portugese immigrant is egter geheg aan sy eie tradisies en volksfeeste: „(Their) land is rich in folklore, traditions religious festivities and the like”.<sup>1)</sup>

Die antwoorde t.o.v. die kulturele en politieke terreine dui daarop dat daar sekere Portugese immigrante is wat totaal onbewus is van gebeurtenisse op hierdie terreine.<sup>2)</sup> 67% het verklaar dat hulle nie die historiese agtergrond van die Republiek ken nie. Vele van die 33% wat wel geantwoord het dat hulle iets weet van die geskiedenis en politiek van die Republiek, se antwoorde op latere vrae het die teendeel bewys. As voorbeeld hiervan kan vraag 69<sup>3)</sup> geneem word. Slegs 25% kon korrek sê wie die staatspresident op daardie tydstip was, 66% het totaal verkeerd geantwoord, terwyl 9% nie geantwoord het nie.

⁂ Ander rede vir die onkunde van die groep Portugese immigrante t.o.v. die politieke en kulturele terreine kan moontlik die inligting (of gebrek daaraan) wees wat die immigrante voor en na hul aankoms in die Republiek ontvang het. Weereens moet egter gemeld word dat, sover bekend aan die ondersoeker, die betrokke owerhede verbonde aan immigrasie en selfs die verskillende immigrantekomitees alle moontlike planne beraam om volledige inligting aan immigrante te verskaf. Die rede vir swak inname van inligting kan die swak opvoedingspeil van die meerderheid van die proefpersone wees. Dit is in elk geval die jonger geslag wat onder hierdie 27% val. Hierdie gegewens dui weereens daarop dat die jonger immigrante ⁂ groter mate van inskalkelingsvatbaarheid toon as die ouer geslag.

- 
1. Anon. Portugal. (In Encyclopedia International, 1964, 14 : 541).
  2. Antwoorde op die vraelys.
  3. Kyk aangehegte vraelys.

#### 4.6 Samevatting en eie opvatting

Die sosiaal-kulturele lewensomstandighede binne 'n bepaalde land sal die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep immigrante beïnvloed - om 'n meerdere of mindere mate van aanpassing te kry - daar bestaan beslis 'n korrelasie tussen die kulturele en politieke lewensomstandighede van die land van herkoms en die lewensomstandighede in die nuwe land waarheen hul kom as immigrante.

Afgesien van 'n moontlike stremmende invloed van die kant van die Rooms-Katolieke kerk, kan met reg beweer word dat daar verskeie kultureel-politieke faktore is wat meewerk om die Portugese immigrante in die Republiek inskakelingsvatbaar te maak. Omdat die Portugese immigrante in werklikheid maar 'n klein groepie van die inwoners van die Witwatersrand uitmaak, moet hulle noodwendig op alle gebiede in kontak kom met landsburgers van albei taalgroepe, wat 'n mate van wisselwerking tussen alle groepe bewerkstellig en die inskakelingsvatbaarheid by die immigrante kan verhoog.

Dit moet verder duidelik gestel word dat 'n positiewe gesindheid en lewenshouding by die Afrikaanssprekende teenoor die immigrant nodig is en dat die gebruik van Afrikaans met die Portugese immigrante ongetwyfeld 'n verhoging van die inskakelingsvatbaarheid in die algemeen, en 'n meer toegeneë houding van die immigrant teenoor die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking tot gevolg kan hê.

Die neiging tot inskakeling by die Suid-Afrikaanse leefwyse is by die Portugese immigrant wel deeglik te bespeur. Die ideale toestand is egter nog nie bereik nie. Slegs volgehoue pogings deur alle landsburgers om die immigrante te laat inskakel, sal die gewenste uitwerking hê, soos blyk o.a.

uit verskeie persverklarings deur gesaghebbendes oor hierdie vraagstuk.<sup>1)</sup>

- 
1. Anon. Immigrante : L.V.'s Teen Slegsê. Die Transvaler, 30 (198) : 1 kol. 4, 25 Mei 1967.  
Oosthuizen, N. Een Immigrant beter as 5 Afrikaners. Dagbreek en Landstem, 23 (28) : 3 kol. 1 - 3, 18 Jan. 1970.

## HOOFSTUK 5

### DIE INVLOED VAN VRYETYD EN ONTSPANNING AS FAKTORE WAT DIE INSKAKELINGSVATBAARHEID BY DIE GROEP PORTUGESE IMMIGRANTE BEPAAL

#### 5.1 Inleiding

Vryetydsbesteding hang nou saam met die ander aktiwiteite van die mens in die samelewing. Dit is 'n noodsaaklike element in die balans tussen arbeid en ontspanning. Meer en meer tyd word aan ontspanning bestee, omdat besef word dat die mens nie slegs kan aanhou werk nie. Dit is so dat sport en ontspanning tans feitlik net soveel tyd in beslag neem as wat aan arbeid bestee word.

„Work and play, occupation and recreation, are complementary. Family life, occupational activity, and play are a natural trinity”.<sup>1)</sup>

Vryetydsbesteding moet ook t.o.v. die Portugese immigrante as belangrik gesien word. Nie alleen moet die immigrant sy vrye tyd bestee ten einde te ontspan nie, maar ook om homself en sy familie meer en meer vertrouwd te maak met omstandighede in sy nuwe land. Sodoende verhoog hy sy eie en ook sy familie se graad van inskakelingsvatbaarheid.

Die landsburger het in die besteding van vryetyd 'n uitstekende geleentheid om oor 'n breë front kontak te maak met die immigrant. Vryetydsbesteding omsluit soveel verskillende terreine dat die „skanse” van die immigrant teen inskakeling, indien daar enige skanse bestaan, vanuit verskillende rigtings en hoeke „aangeval” kan word. Daadwerklike hulp tot inskakeling kan deur middel van vryetydsbesteding aan die immigrant verleen word.

1. Bogardus, E.A. Op. cit., p. 216.

Weereens die vraag : By watter volksgroep sluit die Portugese immigrant hom aan, en wat is die rede vir hierdie stap? Aanduidings is dat die Portugese immigrant eerder by die Engelssprekende volksgroep aansluit omdat hulle sokker en krieket i.p.v. rugby speel. Hierdie neiging kan verklaar word deur die feit dat die kinders van Portugese immigrante aan die Witwatersrand feitlik sonder uitsondering Engelse skole besoek; dat talle van hulle juis in die voorstede woon waar daar groot ondersteuning vir professionele sokker te bespeur is. Hierdie aspek van vryetydsbesteding sal later breedvoeriger bespreek word.

Vryetydsbesteding sluit in alle tyd wat aan ander bedrywighede buite werksure bestee word. Dit kan begryp word dat die tyd wat aan sport, ontspanning en stokperdjies bestee word, ook gebruik kan word om die uiteindelijke volle inskakingeling van die immigrant by sy nuwe land te bespoedig. Van Rensburg stel dit so: „Deur sy sport en ontspanning word hy ook in aanraking gebring met 'n omgewing anders as dié waarin hy daaglik beweeg; in hierdie nuwe en anderse omgewing kom hy in kontak met individue van verskillende samelewingsvlakke, bou hy ook blywende kontakte op, en op daardie wyse word hy aan 'n sosiale front gelaat met wyer omgang en kommunikasie - 'n definitiewe aanknopingspunt binne 'n vreemde sosiale milieu. Op hierdie manier kan die immigrant se sport en ontspanning ook veel daartoe bydra om sy sosiale aanpassing te bespoedig”.<sup>1)</sup>

Ook Loedolff<sup>2)</sup> kom tot dieselfde gevolgtrekking nl.:  
„Die immigrant se vryetyd is ook van groot betekenis aange-

---

1. Van Rensburg, H.C.J. Op. cit., p. 235.
2. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 101.

sien dit 'n faktor is wat in 'n groot mate bepaal met watter tempo 'n immigrant hier tuis sal voel. Hoewel nie 'n primêre faktor nie, is dit wel bepalend en speel dit 'n rol by die aanpassing".

Deur 'n positiewe en genotvolle besteding van sy vryetyd kan 'n immigrant onbewus of bewus 'n klimaat skep waarin hy en sy gesinslede dit maklik sal vind om in te skakel by hul nuwe land en die mense wat daarin woon.

Die aspek van vryetydsbesteding kan op twee wyses benader word, nl.: ongeorganiseerde en georganiseerde vryetydsbesteding. Hierdie twee benaderingswyses moet vervolgens kortliks bespreek word.

## 5.2 Benaderingswyses

### 5.2.1 Ongeorganiseerde vryetydsbesteding

Hier het ons meer te make met die beoefening van een of ander tydverdryf binne die gesinseenheid. Niks word georganiseer nie, en indien 'n spel gespeel word, vind die spel spontaan plaas. Hieronder val ook die beoefening van stokperdjies, luister na die radio en lees. Hierdie soort vryetydsbesteding is in werklikheid tydverdryf wat gewoonlik nie gepaard gaan met veel inspanning of opoffering van die kant van die passiewe immigrant nie. Behalwe in die geval van die radio en die lees van boeke, kom die immigrant nie noodwendig met die landsburger in aanraking nie. In die geval van die radio, luister hy ook feitlik deurgaans na die Portugese sender van Lourenco Marques. Hoewel die ongeorganiseerde vryetydsbesteding nie gering geskat kan word, in soverre dit die verhoging van die graad van inskakelingsvatbaarheid betref nie, kan gekonstateer word dat die ge-



leentheid vir kontak met die ander volksgroepe beter is wanneer gebruik gemaak word van georganiseerde vryetydsbesteding.

5.2.2 Georganiseerde vryetydsbesteding bied veel groter geleentheid vir interaksie tussen die immigrant en die landsburger as ongeorganiseerde vryetydsbesteding, veral omdat die immigrant sy huis, en soms sy omgewing moet verlaat om aan die georganiseerde bedrywighede deel te neem. Die moontlikheid dat die inskakelingsvatbaarheid van die immigrant hierdeur verhoog kan word, is dus groter as wat die geval is met ongeorganiseerde vryetydsbesteding. Georganiseerde vryetydsbesteding sluit o.a. in georganiseerde spele en lidmaatskap van verskillende soorte klubs en organisasies.

5.3 Die invloed van vryetyd en ontspanning as faktore wat die inskakelingsvatbaarheid by die groep Portugese immigrante bepaal

5.3.1 Vergelyking tussen omstandighede in lande van herkoms en aan die Witwatersrand

Daar is nie duidelike gegewens in verband met vryetydsbesteding in byvoorbeeld Angola, Mosambiek of Madeira beskikbaar nie. Afleidings kan wel gemaak word wanneer omstandighede in hierdie gebiede bestudeer word. Hoewel gegewens skaars is, kan met veiligheid beweer word dat die Portugese immigrant aan die Witwatersrand omring is van georganiseerde vermaak op 'n skaal waaraan hy nie gewoond is nie. Verder is die immigrant binne die bereik van biblioteke en boekwinkels van 'n hoër gehalte as die waaraan hy byvoorbeeld in Madeira gewoond was.

Die feit dat die Portugese immigrant homself aan die Witwatersrand gevestig het, kon aan die begin vir hom probleme

besorg t.o.v. inskakeling. Aangesien hy heeltemal onbekend is met die nuwe land en sy gebruike, kan so 'n kompleks van nuwe indrukke tot gevolg hê dat die immigrant homself terugtrek binne sy onmiddellike groepie. Hierdie reaksie kom meestal voor onder die ouer Portugese immigrante. Hulle moet geleidelik eers by die „binnegroep" inskakel, en daarna probeer inskakel by die landsburgers.

Die jonger Portugese immigrante en die immigrantekinders ondervind hierdie probleem nie in so 'n groot mate as die oueres nie. Hulle is meer vatbaar, en ontvanklik vir indrukke, en meer buigsaam, en gevolglik verhaas die vele prikkels waaraan hulle gedurende hulle vryetyd aan die Witwatersrand onderwerp word, hulle inskakeling.

Daar is egter gevind dat die immigrantevroue baie huisvas is. Min van hulle werk ook in kantore. Indien hulle buitenshuise arbeid verrig, is dit om in die groentetuine of groentewinkels te werk. Die immigrantemans kom veel meer met die buitewêreld in aanraking as die vroue. Dit is dan ook die hoofrede waarom die vroue veel stadiger inskakel as die mans.

Tabel 14 Verskil tussen die lewensomstandighede van die Portugese immigrante aan die Witwatersrand en hulle lande van herkoms<sup>1)</sup>

<u>VRAAG</u>	<u>JA</u>	<u>NEE</u>	<u>WEET NIE</u>	
Verskil die lewensomstandighede?	52	29	19	100

1. Gegewens verkry uit die vraelys.

Volgens die gegewens deur die proefpersone verstrekk, verskil die lewensomstandighede aan die Witwatersrand van dié

waaraan die proefpersone gewoond was. 'n Groot aantal van die proefpersone wat van Madeira afkomstig is, het beweer dat die lewensomstandighede grootliks verskil. Slegs 29% van die proefpersone het geantwoord dat die lewensomstandighede aan die Witwatersrand dieselfde is as waaraan hulle gewoond was in hulle lande van herkoms. Hierdie laaste groep is meerendeels afkomstig van Portugal en Mosambiek, en sluit persone met goeie akademiese en ander kwalifikasies in.

'n Verskynsel wat feitlik deurgaans by die groenteboere en groentewinkelklerke aangetref is, is dat hulle tot ses-tien uur per dag werk, en gevolglik nie veel geleentheid het om een of ander vorm van tydverdryf te beoefen nie. Dieselfde verskynsel kom voor onder die Portugese immigrante wat in fabriek werk.<sup>1)</sup> Daar word soveel oortyd gewerk as moontlik, met die gevolg dat daar geen geleentheid is vir vryetydsbesteding nie. 'n Geval is aangehaal waar 'n fabriekswerker tussen skofte in die kleedkamer geslaap het, en slegs naweke huistoe gegaan het! (Geen wonder dat sommige proefpersone nie geweet het wat om in tabel 14 te antwoord nie, kyk tabel 14). Hierdie is egter uiterste gevalle, en duur net voort totdat die immigrant finansieel gevestig is - daarna het hy wel tyd vir vryetydsbesteding.

Die Portugese immigrant bring ook sy eie vermaak saam met hom van die land van herkoms in die vorm van sy eie volkspele en volksdanse. Portugese klubs word gestig, en sodoen-de word die volkseie behou. Daar bestaan ook aan die Witwatersrand 'n groep Portugese volksdancers wat rondgaan en konsertopvoerings gee. Hierdie is 'n voorbeeld van vryetydsbesteding in die „binnegroep" en dra nie regstreeks by tot die inskakeling van die Portugese immigrant by die volksgroepe in die Republiek nie, trouens dit vertraag die proses van

1. Onderhoud gevoer met mnr. J. Smith.

inskakeling na buite. Die inskakeling van die nuwe immigrant by die gevestigde groep Portugese aan die Witwatersrand word egter hierdeur vergemaklik.

### 5.3.2 Die beoefening van sport as inskakelingsfaktor

Die speelgroep is die eerste groep waardeur met die beoefening van sport in aanraking gekom word. Reeds op jeugdige ouderdom speel kinders allerhande spelletjies en kom immigrantekinders met die kinders van landsburgers in aanraking. Hierdie aspek word later breedvoeriger behandel.

Die beoefening van sport deur volwasse immigrante moet bespreek word ten einde die invloed daarvan op die inskakelingsvatbaarheid van die immigrant te bepaal. Uit die aard van die saak stel die Portugese immigrant belang in die sportsoorte wat aan hom bekend is. Hy speel sokker in plaas van rugby en jukskei ken hy glad nie. Portugal is bekend vir sokker van hoë gehalte, en daarom sluit die Portugees by een of ander sokkerklub in sy omgewing aan. In die voorstede van Johannesburg en verder aan die Witwatersrand is daar oorgenoeg fasiliteite om hierdie behoefte te bevredig. Dat die keuse van die immigrant hoofsaaklik op die beoefening van sokker val, is begryplik. 'n Suid-Afrikaner in die buiteland sal om ewe begryplike redes aansluit by 'n rugbyklub.

Die Portugese immigrant kom deur die beoefening van sy sport in aanraking met landsburgers. Die omstandighede waarin hulle ontmoet, is gunstig vir inskakeling. Hulle oefen saam, kry saam swaar, wen saam, of verloor saam. Hierdie gesamentlike ervarings bring 'n samehorigheidsgevoel mee wat maklik kan resulteer in verhoogde inskakelingsvatbaarheid.

Die immigrant kom deur die beoefening van sy sport egter hoofsaaklik in aanraking met die Engelssprekende volksgroep, en met ander immigrante. Die rede hiervoor is dat daar min Afrikaanssprekendes is wat sokker speel.

Hoewel daar dus gekonstateer kan word dat die inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immigrant verhoog word deur sy beoefening van sport, moet gemeld word dat inskakeling in hierdie geval slegs by een van die twee volksgroepe geskied.

### 5.3.3 Die rolprentbedryf as inskakelingsfaktor

„The motion picture . . . is an educational agency of tremendous force, . . .<sup>1)</sup> en word o.m. ook gebruik as werwingsmiddel wanneer daar na immigrante gesoek word. Daar is bv. gesê dat een prent meer werd is as 'n duisend woorde. Hierdie stelling is nog meer waar wanneer aan die rolprent as kommunikasiemiddel gedink word. Die nuttigheidsfunksie van die rolprent hou egter nie op wanneer die immigrant in die Republiek aanland nie. Die departemente van Inligting en Immigrasie stel films in albei landstale beskikbaar vir vertoning aan immigrante ten einde hulle op hoogte van landsake te bring.

Inligtingsrolprente is egter slegs 'n klein onderafdeling van die rolprentbedryf. Die kommersiële rolprent met sy groot verskeidenheid onderwerpe het 'n groot invloed op die lewenswyse van die algemene publiek. Die Portugese immigrant in Suid-Afrika kry selde of ooit die geleentheid om 'n rolprent met Portugese dialoog te sien, dus is hy aangewese op Afrikaanse- en Engelse rolprente vir sy vermaak. Tot redelik onlangs was die produkte van die Afrikaanse

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 277.

rolprentbedryf nie vergelykbaar met die ingevoerde produk sover dit gehalte betref nie. Tans ding die Afrikaanse rolprentbedryf, hoewel op klein skaal, op gelyke voet mee om die publiek se aandag. Die Portugese immigrant kan dus o.m. in aanraking kom met die Afrikaanse kultuur en leefwyse deur middel van die rolprentmedium.

Die gebrek aan kennis van Afrikaans kan die Portugese immigrant afskrik, dog tydens die onderhoude het die ondersoeker die indruk gekry dat immigrante juis die Afrikaanse rolprent gebruik as middel om meer van die taal en mense te leer. Tydens die ondersoek het 53% van die proefpersone gesê dat hulle al een of ander Afrikaanse rolprent gesien het, en 15% het nog nie 'n Afrikaanse rolprent gesien nie omdat hulle nie die taal verstaan nie; 21% het gesê dat hulle nie tyd het om 'n rolprentvertoning by te woon nie.

Die rolprentbedryf kan daadwerklik daartoe bydra om die inskakelingsvatbaarheid van die immigrant te verhoog, aangesien dit hom in aanraking bring met die taal en kultuur van albei die taalgroepe.

#### 5.3.4 Die beoefening van 'n stokperdjie as inskakelingsfaktor

„Hobbies are interests to which a person devotes considerable time over a period of years, but irregularly. Personal pleasure is a chief result,"<sup>1)</sup> en dit kan bydra tot persoonlikheidsontplooiing wat die werker miskien ontsê mag word in sy daaglikse arbeid. Nie alleen kan die beoefening van 'n stokperdjie 'n persoon interessanter maak nie, maar dit bied ook geleentheid vir so 'n persoon om op 'n ander terrein met mense in aanraking te kom.

---

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 248.

Tydens die ondersoek het dit aan die lig gekom dat 38% van die proefpersone een of ander stokperdjie beoefen (lees uitgesluit). Hoewel geen ander gegewens beskikbaar is in verband met die beoefening en omvang van hierdie stokperdjies nie, dui dit tog op die feit dat die proefpersone ander belangstellings as slegs hulle werk het. Dit is bekend dat 'n stokperdjie wat deur talle Portugese beoefen word, die maak van wyn is.

Die proefpersone het 'n verrassende sterk leesgierigheid openbaar. Hoewel 'n groot aantal (67%) van die proefpersone slegs tot standerd ses of laer op skool gevorder het, het 89% verklaar dat hulle graag lees, 4% hou nie van lees nie, en dit is nie bekend of die oorblywende 7% wel kan lees nie. Die grootste persentasie proefpersone lees die verskillende vorme van fiksie (liefdesverhale, „cowboy“-boeke, en avontuurverhale), terwyl 33% godsdienstige lektuur lees. 'n Klein persentasie geniet lektuur wat te make het met sport.

Die lees van fotoverhale vind byval by 51% van die proefpersone, en wel om die volgende redes:

- 1) die fotoverhale is makliker om te lees en te verstaan as boeke;
- 2) die gebeure daarin is meer dramaties van aard (of word dan as sulks uitgebeeld);
- 3) 'n fotoverhaal neem minder tyd om te lees as 'n boek; en
- 4) dit is goedkoper as 'n boek.

22 van die 51 het gesê dat die fotoverhaal gelees word omdat hulle dit gouer kan klaar lees. Tyd bly dus 'n belangrike faktor in die lewe van die immigrant. Uit bogenoemde

kan afgelei word dat die Portugese immigrant wel deeglik met leesstof in aanraking kom. Die meeste van hierdie leesstof is egter in Engels gedruk. Die rede is nie dat Afrikaanse lektuur nie bekombaar is nie, maar dat die Portugese immigrant meer met Engels in aanraking kom as met Afrikaans. Gevolglik lees hy ook eerder Engels as Afrikaans.

Die feit dat die Portugese immigrant wel lees, en in sommige gevalle baie lees, moet bydra tot die eventuele verhoging van die inskakelingsvatbaarheid van daardie immigrant.

### 5.3.5 Die radio as inskakelingsfaktor.

Gewoonlik lê die probleem by inskakeling vir 'n immigrant opgesluit in die feit dat daar 'n gebrek aan kommunikasie is tussen die immigrant en die landsburger. Die radio kan een van die geskikste middels van kommunikasie tussen die landsburgers en immigrante wees indien dit reg aangewend word. Tans bied die S.A.U.K. etlike programme vir die verskillende immigrantegroepe wat in die Republiek aangetref word in 'n poging om die immigrante van verskillende nasionaliteite meer inskakelingsvatbaar te maak. Daar is o.m. ook 'n program vir die Portugese immigrante.

Tabel 15 Om die luisteraarsverspreiding onder die Portugese immigrante aan te toon <sup>1)</sup>

<u>SENDER</u>	<u>PERSENTASIE</u>
Afrikaans	4
Engels	8
Springbokradio	25
Radio Hoëveld	7
Lourenco Marques Radio	49
<u>Geen</u>	<u>7</u>

1. Gegewens verkry uit die vraelys.



Die gegewens dui daarop dat die grootste gedeelte van die Portugese immigrante nog luister na hulle eie sender wat in die Portugese taal uitsaai, 4% en 8% luister na die Afrikaanse en Engelse senders respektiewelik, terwyl 32% luister na die twee senders wat albei die landstale gebruik in hulle uitsendings.

Die gegewens toon dat meer as die helfte van die Portugese immigrante nie bereik word deur die radio as kommunikasiemiddel nie. Die radio se moontlikhede t.o.v. die vermeerdering van inskakelingsvatbaarheid by die Portugese immigrant kan nog meer uitgebrei word. Die radio dra idees tot in elke woning en gevolglik is dit 'n kragtige middel wat kan bydra tot die bevordering van inskakelingsvatbaarheid. Sommige (11%) van die immigrante het dan ook meer uitsaaityd vir hulle taal aangevra. 58% van die proefpersone was van mening dat die radio as middel meer intensief gebruik moet word vir die beter inpassing in hulle nuwe land.

Hoewel daar onteenseglik nog verbeter kan word op die wyse waarop die radio gebruik kan word om meer spesifiek die Portugese immigrant te bearbei, moet onthou word dat die invloed van die radio beperk word deur die gebrek aan kennis van die twee landstale by die immigrant. Dit lyk dus asof die immigrant met verloop van tyd meer en meer nut uit die radio sal put, en sodoende sal sy inskakelingsvatbaarheid verder verhoog word.

#### 5.4 Samevatting

Vryetydsbesteding speel 'n belangrike rol in die inskakeling van die immigrant by sy nuwe omgewing. Daar moet steeds

in gedagte gehou word dat die proses van inskakeling 'n langsame proses is wat soms nie eens binne 'n leeftyd kan geskied nie. Al die verskillende fasette van vryetydsbesteding werk saam en skakel by mekaar in om 'n gunstige klimaat vir inskakeling te bewerkstellig.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die landsburgers onverpoosd moet poog om die immigrant welkom, veilig en gelukkig te laat voel in sy nuwe land nie.

Voorts sal gepoog word om sommige aspekte van die sosialiseringproses van immigrantekinders te bespreek ten einde aan te dui dat die graad van inskakelingsvatbaarheid van volwasse immigrante verskil van die van hulle kinders.

## HOOFSTUK 6

### DIE SOSIALISERINGSPROSES BY DIE GROEP PORTUGESE IMMIGRANTE- KINDERS WAT DIE INSKAKELINGSVATBAARHEID BEPAAL

#### 6.1 Inleiding

Die immigrantekind is baie vatbaarder en ontvankliker vir indrukke van buite as sy ouers. Daarom is dit dan ook noodsaaklik dat die reaksie van die immigrantekind op enkele invloede wat op hom inwerk meer breedvoerig bespreek moet word. Daar sal aangetoon word dat die immigrantekind makliker inskakel by 'n nuwe omgewing as sy ouers. Steun vir hierdie bewering word o.a. in Bogardus gevind. Hy beweer die volgende: „Immigrant children as a rule become assimilated first, immigrant fathers next, and mothers last of all. The fathers do not make their contacts under as broad or as favourable conditions as do children. Public school and social settlements, however, have come to the rescue and have helped immigrants to learn the strange language and to acquire favourable impressions. Immigrant mothers usually have the fewest opportunities to become assimilated. They have few contacts with the adopted land or its culture, for they are often circumscribed by the life in their own immigrant colony. They live in a small and isolated world”.<sup>1)</sup>

Die sosialiseringsproses van die immigrantekind moet op 'n spesifieke wyse benader word.

#### 6.2 Benaderingswyse

Die benaderingswyse gaan om die invloed van die opvoed-

---

1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 344.

kundige prosesse wat in die „binne“- en „buite“-groep van die immigrantekind se ervaringswêreld aangetref word, asook die groepe en organisasies wat daar werksaam is en n bydrae lewer.

Fairchild definieer die sosialiseringsproses as volg:  
„A socio-psychological process, whereby the personality is created under the influence of the educational institutions, a process intertwined with a) the institutions wherein the general conditioning process relates itself to the school progress, the family, play groups, racial groups, community, church, motion pictures, and the like - and with b) some problems of the sociology of groups formed in the educational process, and of the groups engaged in education - teachers, professors, administrators, school boards, state legislatures, preachers, pressure groups. It is a process centered fundamentally around the school, the base of all organized educational efforts and aims, which gives the whole educational process a definite direction".<sup>1)</sup>

Hier het ons te make met twee groot invloede op die kind, nl. die invloed van die huis en die omgewing, en tweedens, die invloed van die georganiseerde opvoedingsinstansies. Gewoonlik is die invloed van hierdie twee basiese groepe op die kind komplementêr van aard. In die geval van die Portugese immigrantekind moet egter gelet word op die invloede vanaf hierdie twee instansies, naamlik die huis en die skool. Vervolgens let ons eerstens op die invloed wat deur die huis en omgewing op die immigrantekind uitgeoefen word. Daarna sal die invloed van die skool op die immigrantekind bespreek word. Daar sal ook gewys word op die konflik wat hierdie invloede in die immigrantekinders veroorsaak.

---

1. Fairchild, H.P. Op. cit., p. 298.

6.3 Die invloed van sommige instansies wat oor die algemeen 'n rol speel in die sosialiseringproses van die groep Portugese immigrantekinders

Die sosialiseringproses is in die algemeen 'n sosio-sielkundige proses waardeur die karakter en die persoonlikheid van die kind gevorm word soos dit in aanraking kom met eerstens die gesin en familie en daarna die gemeenskap in wye wordende kringe. Die persoonlikheid van die kind ontwikkel namate hy ouer word en namate hy meer en meer in aanraking kom met invloede van buite. Die kind word geleidelik deur die ouerlike gesag wat sy doen en late lei en rig. Die gesin as klein sosiale groep het dus 'n vormende invloed op die denke, gevoel, handeling en gedragswyse van die kind, veral in sy beginjare.

6.3.1 Die invloed van die familiekring op die sosialisering van die groep Portugese immigrantekinders

Die gesin is die basiese sosiale eenheid en vir die kind die belangrikste groep waarmee hy te doen kry. Die bande wat die gesinslede tot 'n hegte eenheid saamsmee is die onderlinge bloedverwantskap, en die onderlinge liefde wat gesinslede vir mekaar het en koester.

Daar bestaan 'n natuurlike gesags- en gehoorsaamheidsverhouding tussen ouers en kinders.<sup>1)</sup> In hierdie klimaat van onderlinge liefde en gesag begin die karakter van die kind dan ook ontplooi. Namate hy ouer word, dring invloede van buite na die kind deur, en moet hy voorbereid wees om wye as net in die gesin op te tree en ook om besluite te neem. Van Dijk stel die kernfunksies van die huisgesin so:

---

1. Van Dijk, R. Op. cit., p. 80.

„Zonder op volledigheid aanspraak te maken, zou ik willen wjzen op een drietal kernfunkties:

- 1) De voorziening in de materiële behoeften van de opgroeiende generatie tot aan de volwassenheid binnen de sfeer van liefdevolle verzorging. (Babe's who are not loved don't live).
- 2) De overdracht van de sociaal-culturele verworvenheden (godsdiensd daaronder begrepen) van de oudere op de jongere generatie, met name gedurende de eerste levensjaren, onder de stimulerende en geduldige leiding van het ouderlyk gesag. (Opvoeding).
- 3) Het instandhouden ten behoeve van de leden van het gesin van een sfeer van sekerheid, intieme geborgenheid, gezelligheid, sympathie en liefde, met een zeer ruime mate van vryheid, ja zelfs van onderlinge wrywing".<sup>1)</sup>

Dit is ook die kernfunksies van die Portugese immigran-tesgin. Wanneer gelet word op die eerste kernfunksie van die gesin volgens Van Dyk, dan kan verstaan word waarom die Portugese ouers met hulle redelike groot gesinne feitlik geen tyd het vir byvoorbeeld vryetydsbesteding nie.

Sover bekend slaag die Portugese ouer daarin om hierdie kernfunksie uit te voer. Ook in die oordrag van die sosiaal-kulturele gedrags- en lewenspatrone voldoen die immigranteouer. Die kinders leer en praat Portugees, en behou sover moontlik in hul huise die Portugese lewenswyse. (Voedsel wat hul eet, ens.). Wat belangrik is, is dat die ouers die kinders opvoed om lede van die Rooms-Katolieke kerk te word. Die opvoeding van die immigrantekind vind plaas volgens die standarde waaraan die Portugese gesin

---

1. Van Dyk, R. Op. cit., p. 86.

gewoond was in hul land van herkoms. Dit is te verstane dat die Portugese ouer geen ander kultuur het om aan die kind oor te dra as net sy eie waarmee hyself opgegroeï het nie.

Dit is moeilik om te bepaal in watter mate die Portugese immigranteouer slaag in die oordra van die gevoel van sekerheid en veiligheid in die rustige atmosfeer van die gesin. Die vader werk lang skofte en ongereelde ure, en dan woon die gesin nie altyd alleen in 'n huis nie. Veral aan die begin van hulle verblyf in die Republiek woon daar dikwels 'n hele paar gesinne saam in dieselfde huis. Hierdie saamwoon van gesinne, en soms van 'n gesin in net een kamer, dra by tot disorganisasie van die gesin en 'n verlies aan ouerlike gesag. Dit kan aan die kind ongewenste vryheid gee, wat veroorsaak dat hy losstaan van die invloed van die gesin.

Die Portugese immigranteouers wend egter wel deeglik 'n poging aan om die kinders na die beste van hulle vermoë op te voed. Hierdie opvoeding gaan gepaard met 'n vaslegging van die Portugese kultuur en gewoontes bv. Portugese volkspele, liedjies en leefwyse. Die probleem is egter dat hierdie invloed slegs vanuit die familiekring en vriende kom, en dat wanneer die kind ouer raak en in aanraking kom met die buitewêreld, hy blootgestel word aan die invloede van 'n totaal ander vreemde kultuur.

'n Verdere probleem wat verbonde is aan woonplek, is dat swak behuisingsomstandighede 'n rol kan speel by die sosialisering van die Portugese immigrantekind. Soos vroeër aangedui kan oorbewoning van 'n huis of selfs 'n kamer daartoe lei dat die regte lewenstandaard nie behou kan word nie. Gepaard hiermee is daar 'n gebrek aan voldoende fasiliteite

vir leer, privaatheid en om die gesondheid van die bewoners te verseker.

Daar moet egter ook 'n te hoë huurgeld betaal word, vir 'n huis of woonstel wat menigmaal bouvallig is. Die gevolg hiervan in die woorde van Bogardus: "Overcrowding and the breakdown of family morale follow".<sup>1)</sup>

Die immigrantekind het dan nie plek in die huis om te speel nie, en word feitlik 'n straatspeler waar die moontlikheid vir dwaling groter is as in die huis.

Die sosialiseringproses van die immigrantekind neem reeds op 'n vroeë stadium in die gesin 'n aanvang. Dit geskied volgens die opvattinge, oortuigings, erkenning van gesag en ondervinding van die immigrantecuers. Die sosialiseringproses in die gesin kan egter bemoeilik of vertraag word deur eksterne faktore.

#### 6.3.2 Die invloed van die speelgroep op die sosialiseringproses van die groep Portugese immigrantekinders

"The playgroup is a primary social group with a unique advantage, for its activities are enacted in the spirit of enjoyment, pleasure, fun, excitement .... The play group is one of the primary groups in which the child's earliest attitudes are developed. It usually originates within the family group as a primary group within primary groups .... By the time the child is two to three years of age he begins to participate with some regularity in playful activities with other children within or without the home, or both, and the play group becomes an important nursery of child life".<sup>2)</sup>

- 
1. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 97.
  2. Ibid., p. 216.



Gedurende sy eerste lewensjare leer die kind feitlik alles spelenderwys. Wanneer hy oud genoeg is, kom hy in aanraking met kinders van ander gesinne met wie hy die speelaktiwiteit voortsit. Hierdeur word sy sosiale aanleg ontwikkel en gevorm en ook sy kennis vermeerder. Hy kom nou ook met kinders van ander volksgroepe in aanraking en hierdie kinders word wedersyds deur mekaar beïnvloed in 'n proses van samewerking en wisselwerking. Dit is op hierdie stadium van sy ontwikkeling dat die immigrantekind kan besef dat daar verskille tussen hom en sommige van sy speelmaats is. Hulle praat nie dieselfde taal nie en verskil ook soms in voorkoms van mekaar.

Nieteenstaande hierdie verskille kom hulle goed oor die weg en pas by mekaar aan. In hierdie geval is die bestaande verskille nie so groot soos in die geval van die ouers nie. Dieselfde geld ook vir die invloed wat die gemeenskap op die immigrantekinders uitoefen. Die kinders pas gou aan by die nuwe invloede en leer om hulleself te handhaaf in die nuwe omstandighede. Talle voorbeelde hiervan het tydens die ondersoek voorgekom. Dikwels moes die Portugese immigrantekinders aan hulle ouers verduidelik wat presies 'n universiteit is, en wat die doel van hierdie navorsing is. Die ervaringsveld van die ouers is nie so elasties soos die van die kind wat gedurig nuwe indrukke opneem en verwerk nie.

Ten opsigte van die Portugese immigrantekind neem die sosialisering toe namate die kind ouer word en meer en meer met die buitewêreld in aanraking kom. Dit is volgens die sosiale aard en aanleg van die mens dat hy soek na en reageer op die prikkels van buite. Alle kinders reageer egter nie eenders hierop nie, gevolglik varieer die mate van inskakeling.

### 6.3.3 Die invloed van die kerk op die sosialiseringproses van die groep Portugese immigrantekinders

Die Rooms-Katolieke kerk speel 'n belangrike rol in die opvoeding en onderwys van die Portugese immigrantekinders. Die oorgrote meerderheid Portugese immigrante in die Republiek is Rooms-Katolieke, en dus moet die invloed van die Rooms-Katolieke kerk op die opvoeding en sosialisering van die Portugese immigrantekind nie onderskat word nie.

„Die opvoedingsbeskouing lê innig verweef in die Katolieke lewens- en wêreldbeskouing.<sup>1)</sup> In die Rooms-Katolieke wêreld - en levensbeskouing is het paedagogiesch motief reeds ingeweven, 't Katolicisme (was) van huis uit levens- en opvoedingstheorie tegelyk ...<sup>2)</sup>

Die invloed van die Rooms-Katolieke kerk op die sosialiseringproses van die Portugese immigrantekind word vergroot deur die feit dat vele van die kinders opgeneem word in kloosterskole aan die Witwatersrand. Die kerk gebruik dan begryplikerwys sy invloed om die kinders veral vir laerskoolonderwys in kloosterskole te laat opneem. 'n Groot aantal kinders gaan egter nadat hulle hul laerskoolopleiding voltooi het, na Engelse hoërskole. Hierdie aspek van die skoolopleiding sal later meer volledig bespreek word.

Die Rooms-Katolieke kerk is vir die Portugese immigrant 'n skakel met sy eertydse vaderland, en as sulks dien dit as 'n behoudende mag insoverre dat die taal en kultuur van die Portugese langer behou word as wat anders die geval sou gewees het. Dit is veral in hierdie opsig dat die Protestantse kerke 'n groot taak het deurdat hulle 'n plaasvervangende anker aan die Portugese immigrant moet bied. Dat sukses in

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 84.
2. De Horne, 'T Katholicisme, zyn Paedagogen, zyn Paedagogiek. p. 415 (In Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 84).

hierdie opsig reeds behaal is, is nie te betwyfel nie.

Die Rooms-Katolieke kerk het 'n vertragende invloed op die sosialiseringproses van die Portugese immigrantekind in die Republiek, aangesien dit nie Suid-Afrikaans is nie en ook 'n stryd in die gemoed van die immigrantekind kan veroorsaak wanneer hy in aanraking kom met die buitewêreld. Hiervan getuig die antwoorde verstrekk op vrae i.v.m. gemengde kerkbesoek en aparte ontwikkeling. Die Portugese immigrant bevind homself dan in 'n posisie waar hy kerkloos geword het en niks het om hierdie tekort in sy lewe mee aan te vul nie.

#### 6.3.4 Die invloed van vryetydsbesteding op die sosialisering van die groep Portugese immigrantekinders

Die sosialiseringproses word verhaas deur vryetydsbesteding. Die Portugese immigrantekind aan die Witwatersrand word letterlik oorval met indrukke van buite. Nie alleen in sy speelgroep nie, maar ook wanneer hy groter word en met georganiseerde sport in aanraking kom, vorder hy vinnig t.o.v. karakter en persoonlikheidsvorming en die uitbouing van 'n lewensbeskouing. Verskeie faktore in die wye veld van vryetydsbesteding dra daartoe by, enkeles word kortliks bespreek.

##### 6.3.4.1 Sport

Benewens die feit dat die basiese karaktereienskappe van sportmangees en deursettingsvermoë ontwikkel word, kom die Portugese immigrantekind ook in aanraking met sowel ander volwassenes as kinders. Hierdie persone is nie almal van Portugese afkoms nie en praat nie almal die Portugese taal nie. Feit is dat die immigrantekind deur

die beoefening van sy gunstelingspel, nl. sokker, met die Engelse taalgroep in aanraking kom en gedurende sy sosialiseringproses meer en meer die Engelse lewenswyse aanneem. Hierdie neiging word aangehelp deurdat die Portugese immigrantekind aan die begin van sy hoërskoolloopbaan by 'n Engelse skool inskryf, en nie by 'n Afrikaanse skool nie.

#### 6.3.4.2 Die rolprentbedryf en die sosialisering van die groep Portugese immigrantekinders

Die rolprentbedryf dra by tot die sosialiseringproses van die immigrantekind in die opsig dat hy in aanraking kom met 'n groot verskeidenheid indrukke, idees en situasies waardeur sy ervaringsveld verbreed word. Hoe geskik hierdie rolprente vir hierdie doel is en in watter mate die immigrantekind toegelaat word om rolprentvertonings by te woon, is nie bekend nie. Die immigrantekind het egter die geleentheid om ook Afrikaanse rolprente te sien, en in hierdie opsig kom die kind in aanraking met Afrikaans as taal.

#### 6.3.4.3 Die lees van boeke en tydskrifte

Die immigrantekind is, weens die aard van sy skoolopleiding, aangewese op die lees van Portugese en Engelse boeke en tydskrifte. Ook hierdeur word die sosialiseringproses voortgesit. Die lees van fotoverhale is ook 'n tydverdryf want die geleentheid hiervoor word gebied wanneer hy sy ouers of familie in die groentewinkel, viswinkel of kafee help. Daar het hy onbeperkte geleentheid vir die lees van fotoverhale. Hoewel hierdie aktiwiteit van die kind ongetwyfeld bydra tot sy

sosialisering, word die geskiktheid daarvan as positiewe middel tot sosialisering in twyfel getrek.

#### 6.3.4 Die radio

Die Portugese immigrantekind het t.o.v. musiek dieselfde smaak as kinders van ander taalgroepe. Veral ligte populêre musiek word oor feitlik alle senders gehoor en dra by tot 'n gemeenskaplike belangstelling tussen die immigrantekinders en die kinders van ander taalgroepe in die Republiek. Die radio dra beslis by tot die sosialiseringproses van die immigrantekind. Dit verhaas ook die inskakeling van die immigrantekind by die kultuur en leefwyse van die burgers van sy nuwe land.

Samevattend kan gesê word dat sommige van die aktiwiteite wat gedurende die vryetyd van die immigrantekinders beoefen word, noue aansluiting vind by die aktiwiteite van die skool.

#### 6.4 Die invloed van die skool op die sosialisering van die groep immigrantekinders

Die skool speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling, karakter- en persoonlikheidsvorming van die Portugese immigrantekinders. Die ouers van hierdie kinders is oor die algemeen nie goed geskool nie, en is in hierdie opsig nie in staat om leiding aan hulle kinders te gee nie. Die skool kan dus sy doel en funksie ten volle uitleef in die opvoeding en vorming van hierdie kinders om volwaardige persoonlikhede en inwoners van hierdie land te word.

Die skool het o.m. as funksie die bewusmaking van die toekomstige landsburger om trots op sy land en volk te wees.

Hierdie bewusmaking behoort te geskied op alle terreine van die skoolaktiwiteite. Alle skoolvakke moet bydra tot die skep van 'n gunstige atmosfeer waarin sowel die kinders van immigrante as die kinders van landsburgers saamleef, saam-  
arbei en saamspeel in die kweek van 'n saamhorigheidsgevoel vir 'n volksgesheel waarin daar differensiasie met wedersydse respek moet wees.

#### 6.4.1 Die invloed van die leerproses op die sosialisering van die groep Portugese immigrantekinders

Die skool is dié middel waarmee die Portugese immigrantekind gewen kan word as 'n volwaardige Suid-Afrikaanse burger, en waardeur die sosialiseringsprobleme van die immigrantekind uit die weg geruim kan word.<sup>1)</sup> Die skool is deel van die wyerwordende sosiale milieu waarby die Portugese immigrantekind hom al hoe meer moet inskakel en leer namate hy ouer word. Volgens Mnr. Smith<sup>2)</sup> geld die invloed van die skool die meeste op die ouderdom van 12 - 14jarige kinders - die pubers. Dit is op hierdie ouderdom wanneer die Portugese jeugdiges die meeste ontvanklik is vir indrukke van buite omdat hulle dan ook in 'n mate losgemaak is van die invloed van die Rooms-Katolieke kerk in hulle skoolopleiding. Verder is dit ook op hierdie ouderdom dat hulle heeltemal rigtingloos kan raak en onder die invloed van swak geselskap kan kom. In hierdie opsig het die skool 'n groot taak om te volvoer ten einde die jeugdiges na positiewe volwassenheid te lei.

Die skool help alle leerlinge oor die algemeen, en die immigrantekinders in die besonder om met ander persone te kommunikeer en dra sodoende tot die sosialiseringsproses

1. Afleiding gemaak deur ondersoeker na onderhoud met Mnr. Smith, voorsitter van die O.I.K. (Springs).
2. Onderhoud gevoer met mnr. Smith.

by. In hierdie proses is die taalprobleem aanvanklik n groot struikelblok, omdat dit nie n middel tot kommunikasie is nie en dit word deur die Onderwysdepartement besef, daarom onderrig immigranteonderwysers hierdie groepe in bepaalde skole. Verskeie Engelse hoërskole wat genader is,<sup>1)</sup> het hierdie probleme gestaaf omdat daar aanvanklik geen goeie verstandhouding tussen onderwyser en leerling is nie. Die kinders vorm ook groepies en meng nie op die speelterreine met die ander nie. Namate die taalprobleem oorbrug is, het hulle egter meer gemeng met die ander leerlinge en is hulle (gewoonlik na n jaar in die immigrante-klas) saam met die ander kinders in klasse geplaas. Aanvanklik is die prestasies van die Portugese immigrantekinders laer as die van hulle klasmaats, maar hierdie prestasie kan nie noodwendig beteken dat hulle minder intelligent as hulle maats is nie. Die Portugese immigrantekind leer dus om met kinders van ander taalgroepe te meng. Daar is alreeds gemeld dat die meerderheid Portugese immigrante hulle kinders na Engelse skole stuur, en hulle kontakte is dus slegs met Engelssprekendes.

Die aanleer van ekonomiese vaardigheid gekoppel aan ander vaardighede is n verdere funksie van die skool. Ook word die vermoë om waardebepalings te maak ontwikkel volgens sekere norme en kan toegepas word op talle terreine.

Die kind se visie word verbreed. Hy kom in aanraking met skoolaktiwiteite op alle terreine: konserte, opvoerings, funksies en sportbyeenkomste waaraan hy moet deelneem: al hierdie dinge en nog veel meer dien as middele om immigranteskoolkinders te help sosialiseer.

- 
1. Kyk lys van skole.

Saamgevat kan dit gestel word dat die Portugese immigrantekind hom tydens die volvoering van sy sosialiseringproses bevind tussen twee groot magte wat trag om hom te beïnvloed, d.w.s. te vorm en te ontwikkel nl. die huislike invloed soos bygestaan deur die kerk aan die een kant en die invloed van die buitewêreld en in besonder van die skool aan die ander kant. Hierdie proses waarin die kind hom bevind, tesame met die feit dat die sosialisering teen 'n té vinnige pas volvoer kan word, kan lei tot wanaanpassing as gevolg van spanninge ens. Hierteen moet egter altyddeur gewaak word.

#### 6.4.2 Die uitwerking van 'n té snelle sosialisering van 'n groep Portugese immigrantekinders

Indien die sosialiseringproses té vinnig plaasvind kan daar by die immigrantekind onsekerheid en twyfel ontstaan. Aan die een kant vind hy sy ouers en die Rooms-Katolieke kerk wat trag om hom in sy sosialiseringproses te lei en te rig volgens die Portugese kultuur en gewoontes en aan die ander kant vind hy die samelewingswerklikheid van 'n oorwegend Protestantse Suid-Afrika met sy eie besondere kultuurpatroon, lewensbeskouing en gebruike. Hy weet nie watter rigting om in te slaan nie, want dit resulteer in 'n botsing van invloede tussen die binne- en die buitegroep. Daar is 'n kultuurkonflik tussen die kultuur wat die Portugese immigrantouers met hulle meebring het en die Suid-Afrikaanse kultuur wat hemelsbreed verskil van eersgenoemde. Davie stel hierdie konflik soos volg: „...there develops in the immigrant home, in addition to the universal conflict between parents and children, a conflict between two cultures ... In a family in which the father and mother were born in the Old World and the children in the



New, the difference in language, backgrounds, customs and ideals is often too great to make possible comradeship and understanding or even necessary parental guidance".<sup>1)</sup>

Ook Isaac huldig dieselfde mening nl. „Though conclusive statistical evidence is lacking, the widely held opinion that American born children of immigrants contribute far more than their share to juvenile and adult delinquency is supported by circumstantial evidence. It is, however, easy to show that native American juveniles of the same economic and social classes as the children of immigrants become delinquents just as readily. Delinquency among children of immigrants is simply a symptom of the disorganization that goes along with the breaking-up of the immigrant's traditional system without the possibility of adequate assimilation of his children to the new order. It is held that too rapid and therefore superficial Americanization of immigrant children is conducive to the disintegration of family control and to juvenile delinquency".<sup>2)</sup> Ook:-

„For it is universally apparent that the child of the immigrant is subjected to mental conflicts through the clash of varying approved patterns of behaviour, especially those of this family versus those of school and play group. This clash breaks down respect for the old patterns and produces a certain moral anarchy or an anti-social gang morality before American patterns are fully accepted".<sup>3)</sup>

Wat waar is vir die immigrantekind in die V.S.A. is ook waar vir die immigrantekind in Suid-Afrika.

- 
1. Davie, M.R. Op. cit., p. 276, 491.
  2. Isaac, J. Op. cit., p. 196.
  3. Taft, D.R. Op. cit., p. 208.

Die eerste tekens van wanaanpassing is die losbreek van gesag. Hierdie verskynsel word opgemerk onder die kinders van Portugese immigrante, dog dis blykbaar universeel by baie jeugdiges want: „Thus the adolescent is not only biologically in a state where the habits, customs, and value systems are different from what he has known so far".<sup>1)</sup>

Die sosialiseringsproses van die Portugese immigrante-kind word bemoeilik deur die feit dat hy ook nog deur die puber- en die adolessensieperiode moet gaan voordat die sosialiseringsproses voltooi is, d.w.s. by bereiking van die ouderdom van min of meer 22 tot 23 jaar. Op hierdie grondslag kan sulke jeugdige bydra tot naturalisasie van hulle ouers en eie mense en later hulleself.

## 6.5 Naturalisasie

„Naturalization is partly an administrative procedure whereby an immigrant forswears allegiance to one country in favor of another .... Real naturalization is based on an actual change in the center of an immigrant's loyalties from his native country to his adopted country. Such a change comes about through no legalistic formulae but only on such grounds as better working conditions, better living conditions, and better personal treatment than were found in the home country".<sup>2)</sup>

Naturalisasie is gewoonlik die logiese volvoering van immigrasie. Wanneer 'n persoon sy land verlaat om 'n nuwe land te gaan vind, gee hy daarmee te kenne dat hy ontevrede

- 
1. Mannheim, K. Op. cit., p. 36.
  2. Bogardus, E.S. Op. cit., p. 347.

is met sy omstandighede en dit wil verbeter. Indien hy dan beter algemene omstandighede in die nuwe land ondervind, moet hy daardie land weer op sy beurt trou beloof. Naturalisasie kan oppervlakkig of subjektief gedoen word. 'n Immigrant moet werklik voel dat hy 'n nuwe land gevind het waarvoor hy alles sal opoffer omdat die land hom alles wat hy besit, gebied het. Met die aanvaarding van die nuwe land as sy eie, kom ook die aanvaarding van die kultuur en die mense van daardie land as sy eie. Naturalisasie impliseer dus volle inskakeling by die bedrywighede, sienswyses en gewoontes van die land en sy mense by wie aangesluit word. Dit behoort dus die voltooiing van die inskakelingsproses aan te dui. Dit is te verstane dat naturalisasie 'n gewigtige stap is. Hoewel die land gretig is om soveel nuwe burgers as moontlik te ontvang, en dus ook immigrante aanmoedig om te naturaliseer, word niemand verplig om tot die stap oor te gaan nie. Loedolff huldig ook die sienswyse dat naturalisasie volle inskakeling by die nuwe land impliseer: „Naturalisasie word dikwels as 'n toets vir assimilasië beskou. Die feit dat 'n immigrant naturaliseer, toon dat hy die nuwe land as sy vaderland beskou en dus 'n burger van die land wil word".<sup>1)</sup>

Ten einde die mate van inskakelingsvatbaarheid by die aantal Portugese immigrante wat as proefpersone gedien het, te bepaal, moet die gegewens uit die vraelys noukeurig nagegaan word.

---

1. Loedolff, J.F. Op. cit., p. 240.

Tabel 16 Om aan te dui tot watter mate die proefpersone genaturaliseer het<sup>1)</sup>

Genaturaliseer of nie	6 - 8 jr.			9 - 11 jr.			11 + jr.			Totaal		
	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
Wel genaturaliseer	7	1	8	5		5	7	2	9	19	3	22
Nie genaturaliseer	8	3	11	4	2	6	15	4	19	27	9	36
Geen antwoord												
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	<b>4</b>	<b>19</b>	<b>9</b>	<b>2</b>	<b>11</b>	<b>22</b>	<b>6</b>	<b>28</b>	<b>46</b>	<b>12</b>	<b>58</b>

1. Gegewens verkry van vraelys.

Slegs die gegewens vanaf die sesde jaar van verblyf is aangegee, aangesien immigrante eers na vyf jaar aansoek mag doen om naturalisasie. Volgens die gegewens van die tabel blyk dit dat daar in elkeen van die drie groepe immigrante is wat genaturaliseer is. Die totale aantal proefpersone wat binne die groep val wat aan die wagtydperk van vyf jaar volendoen, is 58. Hiervan het 22 (38%) hulleself laat naturaliseer, terwyl 36 (62%) nog nie tot die stap oorgegaan het nie. Aangesien 38% van die proefpersone wat genaturaliseer is baie laag lyk, moet 'n vergelyking getref word met die algemene tendens t.o.v. naturalisasie by alle immigrante om 'n ware beeld van die persentasie te kan vorm.

Tabel 17 Besonderhede van die getal immigrante wat gedurende die tydperke 1950 - 1956 en 1960 - 1962 na Suid-Afrika gekom het, vergeleke met die getalle wat vyf jaar later genaturaliseer het<sup>1)</sup>

JAAR EN GETAL IMMIGRANTE		AANVAARDING VAN S.A. BURGERSKAP	
<u>JAAR</u>	<u>GETAL</u>	<u>JAAR</u>	<u>GETAL</u>
1950	12 803	1955	1 241
1951	15 243	1956	1 346
1952	18 473	1957	1 590
1953	16 257	1958	1 429
1954	16 416	1959	1 549
1955	16 199	1960	2 130
1956	14 917	1961	2 240
1960	9 789	1965	4 438
1961	16 309	1966	5 764
1962	20 916	1967	5 032
<b>TOTAAL</b>	<b>157 322</b>		<b>26 759</b>

1. Gegewens verkry uit die Jaarboeke van Suid-Afrikaanse Statistieke.

Volgens die besonderhede hierin kan gesien word dat, met die uitsondering van een jaar, nl. 1960, toe daar groot veranderinge op politieke gebied was, die aantal immigrante wat om naturalisasie aansoek doen, altyd slegs 'n klein gedeelte van die groot groep is wat vyf jaar tevore in die land aangekom het. Wanneer alle syfers vir tien jaar geneem word, word gevind dat slegs 26 759 uit 'n totaal van 157 322 hulle laat naturaliseer het. Dit beteken dat slegs sowat 17% van alle immigrante wat gedurende daardie tien jaar die land binnegekom het om naturalisasie aansoek gedoen het. Te-reg kan gevra word: Wat is die houding van die ander 83%?

Wanneer alle ander gegewens vergelyk word met die van die Portugese immigrante, kan gesien word dat 'n relatief groter persentasie Portugese aansoek doen om naturalisasie. Volgens gegewens verkry deur die vraelys het 38% van die proefpersone alreeds aansoek gedoen om naturalisasie. In hierdie lig gesien, toon die gegewens van die Portugese immigrante aan die Witwatersrand dat 'n groot aantal tot die stap van naturalisasie oorgaan. Die ideële toestand is egter die een waar alle immigrante wat die land binnekom, na die wagtydperk aansoek doen om naturalisasie. Die feit is egter dat persone vir tien tot twintig jaar in die land woon en voordeel trek uit hulle verblyf, sonder dat hulle burgers van die land word. Hoewel die besondere syfers wat aangehaal is, toon dat die Portugese immigrante 'n groter geneigdheid tot naturalisasie het, kan die syfers nie as ten volle verklarend beskou word nie, omdat die aantal proefpersone te veel verskil van die differensiasie tussen die totale aantal immigrante. Dit kan egter 'n aanduiding wees van die ware toedrag van sake.

## 6.6 Samevatting

Daar bestaan geen twyfel dat die immigrantekinders van die tweede generasie - en in die besonder word hier van die Portugese immigrantekinders gepraat - hulle sosialisering-proses ten volle sal volvoer nie, en dat hulle sal inskakel by die Suid-Afrikaanse sosiale, ekonomiese, politieke, gods-dienstige en kulturele milieu. Daar is probleme waarvoor oplossings gevind moet word, maar met behulp van navorsing, en met die verskaffing van gesonder opleiding aan beide die immigrantouers en -kinders, kan die noodsaaklike oplossings gevind word. Hierdie hoofstuk kan afgesluit word met 'n aanhaling waarin moontlike riglyne aangedui word.

„We have seen how demoralization and crime grow out of the over-rapid integration of the second generation, the clash of cultures, the loss of respect for parents and for the cultural values which characterize the background from which they have sprung. Unconsciously, .... by encouraging the appreciation of alien cultures, and by increasing the respect for those cultures on the part of the foreign-born and their children, has retarded the process of demoralization. Discovering that 'the old man rates' with prestige after all and that his land is respected by those who count, the child of the immigrant less rapidly breaks away from parental and other primary group controls".<sup>1)</sup>

Met hierdie aanhanling moet geensins die indruk geskep word dat die invloede van die binnekring vir 'n onbepaalde tydperk behou moet word nie: tog wil dit voorkom asof die immigrantekind nie voldoende respek vir homself of sy ou kultuur en gewoontes het nie. Hierdie gebrek aan basiese selfrespek en trots is uiters noodsaaklik vir die sukses-

---

1. Taft, D.R. Op. cit., p. 208.

volle volvoering van die sosialiseringproses; trouens, dis die noodsaaklike fondament waarop die sosialiseringproses van die immigrantekind moet voortbou in die uiteindelijke aanvaarding van sy nuwe land met voorregte en pligte.



SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

7.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is in die opset van hierdie verhandeling in hooftrekke gewys op 'n oriënterende inleiding; van die sosio-ekonomiese faktore; vervolgens die godsdienstige, kulturele en politieke lewensomstandighede; die invloed van vryetyd en ontspanning, asook die sosialiseringproses by die skoolkinders, wat 'n invloed uitoefen op die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep Portugese immigrante aan die Witwatersrand. Al hierdie faktore lewer in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae tot die verhoging al dan nie van die inskakelingsvatbaarheid van die groep Portugese immigrante en hulle kinders.

Onder meer is ook aangetoon dat die inskakelingsvatbaarheid verhoog word deur die identifisering van die onbekende van die nuwe land met die bekende sake van die land van herkoms wat ooreenkomste toon.

Die empiriese gedeelte van die navorsing berus op teorieë van immigrasie. Die interpretasie asook die bevindinge van die ondersoek stem in breë trekke ooreen met die bevindinge van onder meer Van Rensburg i.v.m. Portugese en Britse immigrante in Bloemfontein. Verder word die bevindinge ook gerugsteun deur onderhoude wat gevoer is met predikante, immigrasiebeamptes, brosjures, artikels uit tydskrifte en koerante, ens., wat in breë trekke met die samevattende gevolgtrekkings ooreenstem.

In die opset van die voorgaande wat die inhoud van hier-

die verhandeling in breë trekke behels, word die aandag nou toegespits op die samevattende gevolgtrekkings, positief en negatief.

## 7.2 Samevattende gevolgtrekkings

### 7.2.1 Positief

Hier kan gekonstateer word dat die positiewe resultaat van die inskakelingsvatbaarheid van die Portugese immigrante, oorheersend is. Daar kan in hierdie verband veral op die volgende gelet word:

7.2.1.1 Die Portugese immigrant vind gou die ooreenkomste tussen die land van herkoms en die nuwe land, en vind daarin aanknopingspunte wat inskakeling vergemaklik soos bv. groenteverbouing en hardwerkendheid in hierdie verband.

7.2.1.2 Die onderlinge hulpverlening en sportaktiwiteite vir vryetydsbesteding en ontspanning - veral sokker - dra grotendeels by dat inskakeling binne die eie groep verhaas word. Hierdie proses lewer die stimulus vir die inskakeling van die Portugese immigrant na buite. Die betreklik hoë ekonomiese lewenspeil en omstandighede is 'n uiters belangrike faktor in die verhoging van die inskakelingsvatbaarheid a.g.v. sekuriteit en stabiliteit wat dit bied en verseker.

7.2.1.3 Die kinders van die Portugese immigrante toon duidelik 'n hoër mate van inskakelingsvatbaarheid as hulle ouers. Dit is op sigself 'n bemoedigende faktor sover dit die bepaling van inskakelingsvatbaarheid aangaan, aangesien daar 'n sterk korrelasie bestaan tussen die inskake-

lingsvatbaarheid wat direk eweredig is met die lengte van verblyf in 'n land.

7.2.1.4 Ook word daar al meer 'n positiewe benadering teenoor die Portugese immigrante by die landsburgers bespeur. Hierdie positiewe benadering teenoor die Portugese immigrante is uiters noodsaaklik, omdat dit 'n gunstige atmosfeer skep waarin die immigrante hulle voete kan vind in 'n vreemde land wat uiteindelik moet heenlei en kulmineer in die naturalisasie van sulke immigrante tot volle status van nuwe landsburgers.

#### 7.2.2 Negatief

Verder is ook gewys op knelpunte in die aanpassingsproses van die immigrante en die metodes wat aangewend kan en moet word vir die versoening van probleme deur veral die bydrae van die Afrikaanssprekende deel van die gemeenskap, waarin onder meer die Portugese immigrante hulle ook bevind, ens.

Die negatiewe sy van immigrasie sover dit die Portugese immigrante betref, word onder andere gevind in die volgende:

7.2.2.1 Die betreklik klein persentasie Portugese immigrante wat aan die Protestantse kerke behoort. Ook hier is die positiewe sy egter aanwesig, aangesien daar tog volgens verslae deurbrake in hierdie opsig gemaak word, deur veral die evangelisasiearbeid van die Ned. Geref. Kerk.

- 7.2.2.2 Die gebrek aan kennis van albei landstale wek kommer. Ook in hierdie opsig het die Afrikaanssprekende 'n taak om te verrig. Aangesien min van die Portugese immigran-tekinders Afrikaanse skole besoek, moet ernstige pogings aangewend word om sake reg te stel.
- 7.2.2.3 Die lae opvoedkundige peil van die Portugese immigrante wat van veral Madeira afkomstig is, wek kommer. Die positiewe sy van hierdie saak is die feit dat die oor-grote meerderheid van Portugese immigrante vanuit Portugal immigrer - hulle verteenwoordig 'n groep immigrante met goeie opvoedkundige kwalifikasies, wat 'n goeie by-drae lewer tot die verhoging van die opvoedingspeil van die eg. groep. Ook die kinders van die immigrante dra hiertoe by.

### 7.3 Slot

As slotgedagte hang die hele proses van inskakeling van die Portugese immigrante af van die gesindheid van die lands-burger tot die potensiële landsburger - die mens-tot-mede-mensverhoudinge en gedragswyses. Hiertoe is almal in die Re-publiek van Suid-Afrika geroepe, om op die een of ander wyse 'n positiewe bydrae te lewer tot die moontlike oplossing van 'n ernstige landsprobleem.

Hiertoe wil hierdie navorsing 'n bydrae lewer.

BYLAE 1

VRAELYS AAN PORTUGESE IMMIGRANTE AAN DIE WITWATERSRAND

Slegs persone van 15 jaar en ouer moet die vraelys voltooi.

AFDELING A

Algemene besonderhede

1. Hoelank woon u al in die Republiek van Suid-Afrika?
  - a. 1 - 2 jaar 1
  - b. 3 - 5 jaar 2
  - c. 6 - 8 jaar 3
  - d. 9 - 11 jaar 4
  - e. langer as 11 jaar 5
  
2. Van watter land is u afkomstig?
  - a. Portugal 1
  - b. Mosambiek 2
  - c. Rhodesië 3
  - d. Angola 4
  - e. Ander (noem land) 5
  
3. Geslag?
  - a. Manlik 1
  - b. Vroulik 2
  
4. Ouderdom met laaste verjaarsdag?
  - a. 15 - 19 jaar 1
  - b. 20 - 24 jaar 2
  - c. 25 - 29 jaar 3
  - d. 30 - 34 jaar 4
  - e. 35 - 39 jaar 5
  - f. 40 - 44 jaar 6
  - g. 45 - 49 jaar 7
  - h. 50 - 54 jaar 8
  - i. 55 - 60 jaar 9

5. Huwelikstaat

a. Getroud	1
b. Ongetroud	2
c. Wewenaar/weduwee	3
d. Geskei	4

6. Kerkverband

a. Nederduits Gereformeerde Kerk	1
b. Hervormde Kerk	2
c. Gereformeerde Kerk	3
d. Apostoliese geloofsending	4
e. Anglikaanse Kerk	5
f. Ander Engelse Protestantse Kerke	6
g. Rooms-Katolieke Kerk	7
h. Sektes	8
i. Geen kerkverband	9
j. Ek weet nie	10

7. Hoogste Onderwys/Akademiese/professionele kwalifikasies

a. Standaard 6 of gelykwaardige sertifikaat	1
b. Standaard 7 of gelykwaardige sertifikaat	2
c. Standaard 8 of gelykwaardige sertifikaat	3
d. Standaard 9 of gelykwaardige sertifikaat	4
e. Standaard 10 of gelykwaardige sertifikaat	5
f. Hoër kwalifikasies - noem hul	6

8. Om watter rede het u besluit om na die Republiek te emigreer?

a. Finansiële probleme	1
b. Behuisingsprobleme	2
c. Werkskaarste	3
d. Sosiale redes (bv. familie reeds in S.A.)	4
e. Klimaat	5
f. Politieke onstabieliteit in land van herkoms	6
g. Beter toekoms vir kinders	7

- h. Om militêre diensplig in land van herkoms te ontduik 8

AFDELING B

Beroepslewe

9. Watter beroep beklee u?

- |  |    |
|--|----|
| a. Professioneel of semi-professioneel | 1  |
| b. Administratief                      | 2  |
| c. Groentewinkel/kafeeklerk            | 3  |
| d. Ambagte                             | 4  |
| e. Mynwese                             | 5  |
| f. Staatsdiens                         | 6  |
| g. Boer                                | 7  |
| h. Vervoer                             | 8  |
| i. Plaasarbeider                       | 9  |
| j. Huisvrou                            | 10 |
| k. Kafee of groentewinkeleienaar       | 11 |
| l. Ander                               | 12 |

10. Werk u vrou ook?

- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

11. Beklee u dieselfde beroep as die wat u beklee het voordat u na S.A. gekom het?

- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

12. Indien nie, waarom nie?

- |  |   |
|--|---|
| a. Nie lonend in Suid-Afrika nie         | 1 |
| b. Nie voldoende vakante betrekkings nie | 2 |
| c. Werksomstandighede ongerieflik        | 3 |

13. Dink u dis nodig om Engels magtig te wees in u beroep?

- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

14. Dink u dis nodig om Afrikaans magtig te wees in u beroep?

- |     |   |    |
|-----|---|----|
|     | a. Ja   | 1  |
|     | b. Nee  | 2  |
| 15. | Is u die enigste broodwinner vir u gesin?   |    |
|     | a. Ja   | 1  |
|     | b. Nee  | 2  |
| 16. | Indien nie, wie dra verder ook by tot die gesinsinkomste?                                 |    |
|     | a. Vrou   | 1  |
|     | b. Familie  | 2  |
|     | c. Kinders  | 3  |
|     | d. Staat  | 4  |
|     | e. Kerk   | 5  |
|     | f. Welsynsorganisasies  | 6  |
| 17. | Wat is die totale inkomste van u gesin per jaar?  |    |
|     | a. R 500 - R 999  | 1  |
|     | b. R1000 - R1499  | 2  |
|     | c. R1500 - R1999  | 3  |
|     | d. R2000 - R2499  | 4  |
|     | e. R2500 - R2999  | 5  |
|     | f. R3000 - R3499  | 6  |
|     | g. R3500 - R3999  | 7  |
|     | h. R4000 - R4499  | 8  |
|     | i. R4500 - R4999  | 9  |
|     | j. R5000 - en meer  | 10 |
| 18. | Dink u dat u kwalifikasies u daarvoor toerus om 'n beter beroep as die huidige te beklee? |    |
|     | a. Ja   | 1  |
|     | b. Nee  | 2  |
| 19. | Is u tevrede met u huidige beroepskwalifikasies?  |    |
|     | a. Ja   | 1  |
|     | b. Nee  | 2  |



20. Indien u nie tevrede is met u kwalifikasies nie, beoog u om u kwalifikasies te verbeter?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
21. Waar het u u beroepsopleiding ontvang?
- a. Universiteit 1
  - b. Kollege 2
  - c. Tegniese kollege skool 3
  - d. Korrespondensiekollege 4
22. Watter opleiding het u vir u huidige beroep ondergaan?
- a. . . . . 1
23. Sou u indien moontlik langer op skool/kollege/universiteit wou gebly het?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
24. Indien Ja, waarom het u nie?
- a. Finansiële druk 1
  - b. Het vroeg in die huwelik getree 2
  - c. Druk uitgeoefen deur ouers om te gaan werk 3
  - d. Emigrasie het studies ontwrig 4
25. Het u enige probleme gehad om in werk te plaas te word na u aankoms in Suid-Afrika?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
26. Indien wel, wat was u grootste probleem?
- a. Het nie geweet waar om werk te kry nie 1
  - b. Die pos waarvoor u aanvanklik gewerf is, was alreeds gevul 2
  - c. Die verkryging van verblyf in die omgewing van u werksplek was moeilik 3

- d. U salaris het nie goed met u kwalifikasies vergelyk nie 4
- e. Werksomstandighede was te swak 5
- f. Vooruitsigte op bevordering was nie na wense nie 6
- g. Ander redes (spesifiseer) 7
27. Is u gelukkig in u huidige werk?
- a. Ja 1
- b. Nee 2
28. Indien u nie gelukkig is nie, waarom nie?
- a. Salaris onvoldoende 1
- b. Werksomstandighede swak 2
- c. Toekomsvooruitsigte swak 3
- d. Daar word gediskrimineer teen immigrante 4
29. Hoeveel keer het u al van werk verander voordat u in die Republiek van Suid-Afrika is?
- a. 1 Keer 1
- b. 2 Keer 2
- c. 3 Keer 3
- d. 4 Keer 4
- e. 5 Keer 5
- f. 6 Keer 6
30. Hoelank beoefen u al u huidige beroep?
- a. 1 - 2 jaar 1
- b. 3 - 5 jaar 2
- c. 6 - 8 jaar 3
- d. Meer as 8 jaar 4
31. Stel u belang in u beroep?
- a. Ja 1
- b. Nee 2
32. Dink u dat u sukses behaal het in u beroep?
- a. Ja 1
- b. Nee 2

33. Dink u dat die huidige belastingstelsel
- a. Bevredigend 1
  - b. Onbevredigend is? 2
34. Het u enige assuransiepolissee?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
35. Is hierdie polisse Suid-Afrikaans of oorsese polisse?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
36. Is u in staat om geld te spaar?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
37. Hou u u spaargeld by:
- a. Spaarbank 1
  - b. Handelsbank 2
  - c. U huis 3
38. Dra u enige skuldelaas weens die feit dat u gefimmigreer het?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
39. Dink u dat daar in die Republiek n behoefte bestaan aan werkers wat u huidige beroep beoefen?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2

#### AFDELING C

Behuisingsprobleme

40. Waar woon u tans?

- |                     |   |
|---------------------|---|
| a. By ouers         | 1 |
| b. Koshuis          | 2 |
| c. Saam met vriende | 3 |
| d. Ander gesin      | 4 |
| e. Hotel            | 5 |
| f. Losieshuis       | 6 |

41. Hoelank woon u al by u huidige woonplek?

- |                 |   |
|-----------------|---|
| a. 0 - 2 jaar   | 1 |
| b. 3 - 5 jaar   | 2 |
| c. 6 - 9 jaar   | 3 |
| d. 10 - 13 jaar | 4 |
| e. 14 - 17 jaar | 5 |
| f. 18 - 20 jaar | 6 |

42. Hoeveel keer het u al van woonplek verander vandat u in die Republiek aangekom het?

- |                   |   |
|-------------------|---|
| a. 1 Keer         | 1 |
| b. 2 Keer         | 2 |
| c. 3 Keer         | 3 |
| d. 4 Keer         | 4 |
| e. 5 Keer         | 5 |
| f. 6 Keer         | 6 |
| g. 7 Keer en meer | 7 |

43. Gee u rede vir u verandering van woonplek

- |                            |   |
|----------------------------|---|
| a. Vyandigheid van bure    | 1 |
| b. Swak werksomstandighede | 2 |
| c. Beroepsverandering      | 3 |
| d. Verplasing              | 4 |
| e. Swak behuising          | 5 |
| f. Kinders se skoolgerief  | 6 |
| g. Egskeiding              | 7 |
| h. Finansiële redes        | 8 |

44. Het die mense in u omgewing u verwelkom of op enige manier laat tuis voel vandat u daar kom woon het?

- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

45. Indien wel, wat is deur hulle gedoen?
- |    |   |   |
|----|---|---|
| a. | Vrou gehelp met inkopies  | 1 |
| b. | Gesin uitgenooi vir etes  | 2 |
| c. | Het gehelp om kontak te maak met skool                                  | 3 |
| d. | Gehelp om kontak te maak met ander Portugese immigrante                 | 4 |
| e. | Gehelp om kontak te maak met ander bure/Suid-Afrikaners in u gemeenskap | 5 |
| f. | Gehelp met inskakeling op kerklike gebied                               | 6 |
46. Is die geld wat u aan woongeriewe bestee, binne verhouding tot u salaris?
- |    |     |   |
|----|-----|---|
| a. | Ja  | 1 |
| b. | Nee | 2 |
47. Woon u en u gesin alleen in u huis?
- |    |     |   |
|----|-----|---|
| a. | Ja  | 1 |
| b. | Nee | 2 |
48. Indien nie, hoeveel loseerders het u?
- |    |           |   |
|----|-----------|---|
| a. | 1         | 1 |
| b. | 2         | 2 |
| c. | 3         | 3 |
| d. | 4         | 4 |
| e. | 5 en meer | 5 |
49. Hoeveel persone per slaapkamer?
- |    |           |   |
|----|-----------|---|
| a. | 1         | 1 |
| b. | 2         | 2 |
| c. | 3         | 3 |
| d. | 4 en meer | 4 |
50. Hoe vind u die behuisingstoestande in Suid-Afrika as u dit vergelyk met die toestande in u land van herkoms?
- |    |           |   |
|----|-----------|---|
| a. | Swakker   | 1 |
| b. | Beter     | 2 |
| c. | Dieselfde | 3 |

51. Is u n voorstander van afsonderlike woongebiede vir blank en nie-blank?
- |             |   |
|-------------|---|
| a. Ja       | 1 |
| b. Nee      | 2 |
| c. Om't ewe | 3 |
52. Dink u dat immigrante van dieselfde herkoms in hul nuwe land bymekaar moet woon?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |
53. Indien „ja" hierbo, gee die belangrikste redes
- |  |   |
|--|---|
| a. Daar bestaan n natuurlike behoefte om sosiaal met landgenote te verkeer             | 1 |
| b. Landgenote kan mekaar help in tyd van krisis  | 2 |
| c. Die groep kan hom beter handhaaf as die individu in die vreemde atmosfeer           | 3 |
| d. Dit help om aanpassingsprobleme te verlig deur gemeenskaplike ervaring van probleme | 4 |
54. Wat is u huistaal?
- |              |   |
|--------------|---|
| a. Afrikaans | 1 |
| b. Engels    | 2 |
| c. Portugees | 3 |
| d. Ander     | 4 |
55. Hoeveel tale is u magtig?
- |              |   |
|--------------|---|
| a. 1         | 1 |
| b. 2         | 2 |
| c. 3         | 3 |
| d. 4 en meer | 4 |
56. Dink u dit is nodig om albei amptelike landstale magtig te wees?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

57. Ondervind u taalprobleme?
- a. In u alledaagse lewe?
    - a. Ja 1
    - b. Nee 2
  - b. In u beroepslewe?
    - c. Ja 3
    - d. Nee 4
58. Indien u steeds 'n ander taal as Afrikaans of Engels praat, dink u dat u taal behoue sal bly in u nuwe land?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
59. Moedig u u kinders aan om die twee landstale aan te leer?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
60. Is u kind in 'n Afrikaansmedium of Engelsmedium skool?
- a. Afrikaansmedium 1
  - b. Engelsmedium 2
61. Waarom?
- a. Naaste aan woonplek 1
  - b. Dink kind sal makliker by hierdie bevolkingsgroep inskakel 2
  - c. Dink die opleiding is beter 3
  - d. Kind was taal magtig 4
  - e. Die godsdienstige oriëntasie van die skool dieselfde as die van die gesin 5
  - f. Wil kind graag die vreemde taal laat leer 6
62. Indien u kind in 'n Engelse skool is, was hy Engels magtig voordat hy daarheen is?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2

63. Indien u taalprobleme het, wend u pogings aan om u probleme op te los?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
64. Watter stappe doen u tans of beoog u om die twee amptelike landstale aan te leer?
- a. Luister na die radiosenders wat met die twee amptelike tale bedien word 1
  - b. Lees koerante, tydskrifte en boeke wat in die twee amptelike tale gedruk is 2
  - c. Poog om die amptelike tale in die beroeps- en alledaagse lewe te praat 3
  - d. Volg kursusse in een of beide van die twee amptelike landstale 4

#### AFDELING E

##### Kulturele en Politieke lewe

65. Het u al 'n Suid-Afrikaanse volksfees bygewoon?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
66. Het u al een of meer van die volgende Suid-Afrikaanse volksfeeste bygewoon? Merk die wat u bygewoon het
- a. Van Riebeeckdag 1
  - b. Republiekdag 2
  - c. Setlaarsdag 3
  - d. Geloftedag 4
  - e. Geeneen van bogenoemde 5
67. Wie was die vorige Eerste Minister van die Republiek?
- a. Dr. Dönges 1
  - b. Mnr. Ben Schoeman 2
  - c. Dr. H.F. Verwoerd 3



68. Het u enige kennis van u nuwe land se geskiedenis?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
69. Wie is die huidige Staatspresident? 1
70. Wie het die verversingstasie aan die Kaap in 1652 gestig?
- a. Ryk Tulbach 1
  - b. Jan van Riebeeck 2
  - c. Piet Retief 3
71. Het u enige informasie in verband met die Republiek gekry?
- a. Voordat u gekom het?
    - a. Ja 1
    - b. Nee 2
  - b. Nadat u aangekom het?
    - c. Ja 3
    - d. Nee 4
72. Sê in watter vorm hierdie informasie oorgedra is.
- a. Pamflette 1
  - b. Boeke 2
  - c. Praatjies 3
  - d. Filmvertonings 4
73. Waaroor het die informasie meerendeels gehandel?
- a. Ekonomie en geldstelsel 1
  - b. Politieke omstandighede 2
  - c. Kerklike verskille 3
  - d. Behuisingstoestande 4
  - e. Arbeidsmoontlikhede 5
  - f. Basiese taalvoorligting 6
  - g. Opvoedkundige stelsel 7
  - h. Rasseverhoudinge 8

74. Voel u dat u aanvaar word in u nuwe land?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
75. Indien wel, waaraan sou u dit toeskryf?
- a. Vriendelikheid 1
  - b. Hulpvaardigheid 2
  - c. Nie veel verskillend van u eie land 3
  - d. Het self positief te werk gegaan om by die Suid-Afrikaanse gemeenskap in te skakel 4
  - e. Woon tussen mense van u eie nasionaliteit 5
76. Indien nie, waarom nie?
- a. Taalprobleme 1
  - b. Vreemde omgewing 2
  - c. Bure stel nie in my/ons belang nie 3
  - d. Vyandigheid van die inheemse bevolking 4
77. Het u al tevore met die gereg gebots?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
78. Indien wel, wat was die belangrikste rede vir die botsing?
- a. Ek was nie bewus daarvan dat ek oortree nie omdat ek nog nie die huidige landswette ken nie 1
  - b. Ek is verlei deur Suid-Afrikaanse burgers 2
  - c. Ek het onder finansiële druk die wet oortree 3
  - d. Ek het die ontugwet oortree omdat ek basies nie tussen rasse onderskei nie 4
79. Dink u dat blank en nie-blank deur hulle eie mense in dieselfde parlement verteenwoordig behoort te word?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2

80. Het u enige beginselbesware om saam met nie-blankes te aanbid?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
81. Dink u dat blank en nie-blank in dieselfde gebiede moet woon?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
  - c. Om't ewe 3
82. Dink u dat sport deur blank en nie-blank gesamentlik beoefen behoort te word?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
  - c. Om't ewe 3
83. Is u al genaturaliseer?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
84. Indien nie, waarom nie?
- a. Woon nog nie lank genoeg in S.A. nie 1
  - b. Nog nie seker of ek hier gaan bly nie 2
  - c. Wil nie verpligte militêre opleiding ondergaan nie 3
  - d. Is naturalisasie tevore geweier 4
85. Aan watter party behoort u? (indien u genaturaliseer is)
- a. Nasionale Party 1
  - b. Verenigde Party 2
  - c. Progressiewe Party 3
  - d. Ander 4
  - e. Ek behoort nie aan 'n party nie 5
86. Is u spyt dat u na die Republiek van Suid-Afrika gekom het?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2

87. Watter koerante lees u?
- |                       |   |
|-----------------------|---|
| a. Afrikaanse koerant | 1 |
| b. Engelse koerant    | 2 |
| c. Albei              | 3 |
88. Indien u slegs Engelse of slegs Afrikaanse koerante lees, dink u dat u 'n getroue beeld van landsake kan kry?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |

#### AFDELING F

##### Vryetydsbesteding

89. Verskil die lewe op die gebied van die vermaaklikheidswêreld in Suid-Afrika van die waaraan u gewoon was in u land?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |
90. Indien ja, om welke van die volgende redes?
- |   |   |
|---|---|
| a. Die Suid-Afrikaner is nie vermaaklikheidsbewus nie           | 1 |
| b. Die beroepslewe laat min tyd vir vermaaklikheid              | 2 |
| c. Die tipe van vermaaklikheid verskil van die land van herkoms | 3 |
91. Behoort u aan enige klubs of verenigings?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |
92. Watter soorte klubs of verenigings?
- |                           |   |
|---------------------------|---|
| a. Sport                  | 1 |
| b. Kultureel/opvoedkundig | 2 |
| c. Godsdienstig           |   |

93. Is daar enige organisasies wat u gehelp het om in te skakel?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
94. Indien wel, noem hulle.
- a. Plaaslike immigranterekomitee 1
  - b. Kultuurorganisasies 2
  - c. Kerklike organisasies of groepe 3
  - d. Skole-uitstappies vir immigrante-kindere 4
  - e. Van staatsweë 5
95. Het u al 'n Afrikaanse rolprent gesien?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
96. Indien nie, waarom nie?
- a. Is nie die taal magtig nie 1
  - b. Onbevredigende standaard van rolprente 2
  - c. Het nie tyd om bioskoop toe te gaan nie 3
97. Het u 'n stokperdjie?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
98. Lees u graag?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
99. Watter soort boek lees u?
- a. Godsdienstig 1
  - b. Fiksie 2
  - c. Romans 3
  - d. Avontuur 4
  - e. Vakgerigte boeke 5
  - f. Sport 6

100. Lees u graag fotoverhale?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
101. Waarom?
- a. Dit verg min konsentrasie 1
  - b. Dit is meer dramaties voorgestel 2
  - c. Dit verg minder tyd om te lees 3
  - d. Dit is goedkoop 4
102. Luister u graag na plate?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
103. Van watter tipe plate hou u die meeste?
- a. Ligte klassiek 1
  - b. Swaar klassiek 2
  - c. Jazz 3
  - d. Boeremusiek 4
  - e. Ligte populêre 5
  - f. „Pop“-musiek 6
104. Na watter radiosender luister u die meeste?
- a. Afrikaanse 1
  - b. Engelse 2
  - c. Springbokradio 3
  - d. Radio Hoëveld 4
  - e. Lourenco Marques Radio 5
105. Dink u dat die sender waarna u luister u kan help, of gehelp het om by u nuwe omgewing in te skakel?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2
106. Het u al tevore opsetlik na n Afrikaanse of Engelse sender geluister ten einde u kennis van genoemde tale te verbeter?
- a. Ja 1
  - b. Nee 2

107. Indien wel, na watter sender?
- |                      |   |
|----------------------|---|
| a. Afrikaanse sender | 1 |
| b. Engelse sender    | 2 |
| c. Springbokradio    | 3 |
| d. Radio Hoëveld     | 4 |
108. Dink u die radio behoort meer te doen om u te help inskakel in u nuwe omgewing?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |
109. Dink u dat Radio Suid-Afrika voldoende voorsiening maak vir programme in u eie taal?
- |        |   |
|--------|---|
| a. Ja  | 1 |
| b. Nee | 2 |
110. Indien nie, wat stel u voor?
- .....
- .....





BYLAE 3

LYS VAN PERSONE GESKAKEL

Ds. J. Booyens,

Predikant van die  
Nederduitse Gerefor-  
meerde Kerk.

Mnr. De Villiers,

Streeksverteenvoordiger  
van die Departement van  
Immigrasie.

Mnre. Gie en Pretorius,

Verbonde aan die Buro  
vir Sensus en Statis-  
tik.

Mnr. J. Smith,

Voorsitter van die  
O.I.K.

BYLAE 4

LYS VAN SKOLE GESKAKEL

Fakkel Hoërskool

Forest High School

The Hill High School

J.G. Strýdom

Ridgewayse Hoërskool

Ridgewayse Laerskool

Sir John Adamson School

## BIBLIOGRAFIE

- Die AFRIKANER aanvaar nie immigrant. Die Transvaler, 33 (92) : 7 kol. 1, 19 Januarie 1970.
- AXELSON, E.V. Portuguese Pioneers in Southern Africa. Johannesburg, Publisiteitsafdeling van die S.A.U.K., 1957.
- BANNING, W. Machten en mensen. Haarlem, De Erven F. Bohn N.V., 1959.
- BANNING, W. Moderne maatschappijproblemen. Haarlem, De Erven, F. Bohn N.V., 1960.
- BASSON tells Govt.: Go for quality in our immigrants. Rand Daily Mail, 2 kol. 4, 25 Mei 1967.
- BETTS, R.F. Assimilation and association in French Colonial theory 1890 - 1914. London, Columbia Univ. Press, 1961.
- BIERSTEDT, R. The social order. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1957.
- BOGARDUS, E.S. Sociology. New York, The Macmillan Company, 1954.
- BREDEMEIER, H.C. & STEPHENSON, R.M. The analysis of social systems, New York, Holt, Rinehart & Winston Ins., 1965.
- GILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. Sosiologie. Stellenbosch, Kosmo - Uitgewery (Edms.) Bpk., 1966.
- DAVIE, M.R. World Immigration. New York, The Macmillan Company, 1949.
- DUFFY, J.E. Portuguese Africa. Cambridge, Mass., Harvard Univ. Press, 1959.
- EGERTON, F.C.C. Angola in Perspective; endeavour and achievement in Portuguese West Africa. London, Routledge & Paul, 1957.
- EHNMARK, A. & WÖSTBERG, P. Angola and Mozambique; the case against Portugal. London, Pall Mall Press, 1963.

- ELDRIDGE, Seba. e.a. Fundamentals of sociology; a situational analysis. New York, Crowell, 1950.
- ENCYCLOPAEDIA Britannica, 14 : 607 - 610, London, Encyclopaedia Britannica Bpk., 1953.
- FAIRCHILD, H.P. Dictionary of Sociology and other related sciences. Paterson, New Jersey, Littlefield, Adams & Co., 1962.
- FURFEY, P.H. The scope and method of sociology : a metasociological treatise, New York, Harper & Brothers Publishers, 1953.
- GINSBERG, M. Reason and unreason in Society. Cambridge, Horn and Univ. Press, 1948.
- GORDON, M.M. Assimilation in American life; the role of race, religion and national origins, New York, Oxford University Press, 1964.
- HANCE, W.A. The geography of modern Africa. New York, London, Columbia University Press, 1967.
- HAVIGHURST, R.J. & NEUGARTEN, B.L. Society and education. Boston, Allyn and Bacon, 1957.
- HORTON, P.B. & HUNT, C.L. Sociology. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1964.
- IMMIGRANTE: L.V.'s teen slegsê. Die Transvaler, 30 (198) : 1 kol. 4, 25 Mei 1967.
- ISAAC, J. Economics of migration. London, Hunt, Barnard & Co., Ltd., 1947.
- IN DEN BOSCH, B.J. Die verskillende aspecten van die aanpassing der Nederlandse immigranten in Zuid-Afrika. Deel I en II Pretoria, ongepubliseerd, 1963.
- Die kultuurgoedere van die Portugese. LANTERN, XIV : 54 - 86, Maart, 1965.
- LAYCOCK, S.R. Adaptability to new situations. Baltimore, Warwick and York, Inc., 1939.

- LOEDOLFF, J.F. Nederlandse immigrante - n Sosiologiese ondersoek van hul inskakeling in die gemeenskapslewe van Pretoria. Pretoria, H.A.U.M., 1960.
- MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. Society : an introductory analysis. London, Macmillan & Co., 1960.
- MANNHEIM, K. Diagnosis of our time; wartime essays of a sociologist. London, Routledge & Kegan Paul, 1950.
- MAURETTE, F. & SIEWERS, E. Immigration and settlement in Brazil, Argentina and Uruquay. (In International labour review. February, March, 1937).
- MILLER, D.C. & FORM, W.H. Industrial sociology. New York, Harper Brothers, 1951.
- NEL, A. & VAN ZYL, J.A. Stad en dorp. Stellenbosch, Grahamstad, Universiteitsuitgewers en boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1962.
- ONWETTIGE Immigrante. Dagbreek en Sondagnuus, 20 (40) : 18 kol. 3 - 8, 2 April 1967.
- OOSTHUIZEN, N. Een immigrant beter as 5 Afrikaners. Dagbreek en Landstem, Seksie I, 23 (28) : 3 kol. 1 - 3, 18 Jan. 1970.
- PARK, R.E. Assimilation. (In Isaac, J. Economics of migration. London, Hunt, Barnard & Co. Ltd., 1947).
- PATTEE, R. Portugal (In Encyclopedia International, 1964, 14 : 539 - 545).
- THE PORTUGUESE community in South Africa. Suid-Afrikaanse Panorama. 6 : 12 - 15, Maart 1961.
- QUINN, J.A. Urban sociology. New York, American Book Co., 1955.
- RHOODIE, N.J. Apartheid en partnership. n Rassesosiologiese ontleding van afsonderlike volksoontwikkeling en vennootskap, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme. Elsie'srivier, Nasionale handelsdrukkery, 1966.

- ROODE, C.D. Immigrasie - Suid-Afrika se dilemma.  
Die Huisgenoot, 42 : 14 - 17, 28 April 1967.
- SELIGMAN, E.R.A. Encyclopaedia of the social sciences.  
London, McMillan Company, 1958.
- SMALL, A.W. The bonds of nationality. American journal  
of sociology, 20 : March 1915.
- STATE OF SOUTH-AFRICA - Offisiële Jaarboek 1967.  
Johannesburg, Da Gama Uitgewers, 1967.
- STATISTIESE JAARBOEK 1965. Buro vir Statistiek, Pretoria,  
1968.
- STATS. Vol. 1 - 5, 1965 - 1969.
- STONEQUIST, E.V. The marginal man; a study in persona-  
lity and culture conflict. New York, Russel & Russel,  
1961.
- TAALEWEWIG moet bly sê premier. Die Transvaler, 30 (163) :  
1 Kol. 8, 14 April 1967.
- TAFT, D.R. Human migration. New York, Ronald Press Com-  
pany, 1936.
- TAVUCHIS, N. Pastors and immigrants; the role of a  
religious elite in the absorption of Norwegian immi-  
grants. Den Haag, M. Nijhoff, 1963.
- THEAL, G.M. History of South Africa before 1795.  
London, S. Sonnenschein, 1893.
- THERON, E. Die inskakeling van die immigrant in die ge-  
meenskapslewe van ons land. Johannesburg, F.A.K., 1966.
- THOMPSON, W.S. Population problems. New York, McGraw-  
Hill, 1953.
- TRETZ, J.W. Immigrant Group settlements in Paraguay.  
Published for the Inter-governments Committee for Euro-  
pean Migration, Geneva, Switzerland, 1962.
- VAN DER WALT, J.A. e.a. Rassesosiologie, Pretoria, H & R.  
Academica (Edms.) Bpk., 1967.

- VAN DER WALT, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool, Potchefstroom, 1959.
- VAN DIJK, R. Mens en medemens: een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings uitgeversmaatschappij, 1953.
- VAN RENSBURG, H.C.J. 'n Sosiologies-vergelykende ondersoek van die aanpassing van Britse en Portugese immigrante in Bloemfontein. Bloemfontein, 1968.
- VAN RIESSEN, I.H. De maatschappij der toekomst. Delft, Wever-Franeker, 1957.
- VAN STADEN, R.P. Immigrasie na die Republiek van Suid-Afrika vergeleke met Kanada en Australië oor die tydperk 1925 - 1961. Pretoria, ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes vir M.A., U.P., 1964.
- WRONG, D.H. Population and society. New York, Radom House, 1967.
- ZUBRZYCKI, J. Polish immigrants in Britain, a study of adjustment. Den Haag, Nijhoff, 1956.

ENKELE FAKTORE WAT DIE INSKAKELINGS-  
VATBAARHEID VAN 'N GROEP PORTUGESE  
IMMIGRANTE AAN DIE WITWATERSRAND BE-  
PAAL